


DIE TAALKUNDIGE GEDRAG VAN VLOEKWOORDE IN AFRIKAANS

ANNA ELIZABETH FEINAUER



Skripsie ingelewer vir die graad van Magister in die
Lettere en Wysbegeerte aan die Universiteit van
Stellenbosch

November 1981

DANKBETUIGING

Ek spreek graag my hartlike dank uit teenoor:

Prof. J.G.H. Combrink, my studieleier, vir sy
bekwame leiding, opbouende kritiek en daadwerk=
like bystand, en

Mej. Marietjie Nel vir die netjiese tikwerk.

A.E.F.

'Tis needful that the most immodest word
Be look'd upon and learn'd.

Shakespeare

INHOUDSOPGAWE

WOORD VOORAF	1
HOOFSTUK 1: TABOE EN VLOEKE EN DIE FUNKSIES VAN VLOEKWOORDE IN AFRIKAANS	3
1.1 Taboe woorde	3
1.1.1 Taboes deur ander kultuur opgelê	4
1.2 Vloekwoorde	5
1.2.1 Wat is 'n vloekwoord in Afrikaans?	5
1.2.1.1 Vloek-, plát en skelwoorde	7
1.2.1.2 Swets	8
1.2.2 Vloekwoordkategorieë	8
1.2.2.1 Enkele benaminge uit die weerterminologie	9
1.2.2.2 Buitekonteksgebruikte godsdienswoorde	10
1.2.2.3 Obsene woorde vir "laer" liggaamsdele, -prosesse en -produkte	14
1.2.2.4 Woorde deur gebruikers ontleen aan 'n ander taal	26
1.3 Funksies van vloek	30
1.3.1 Aanleidende faktore tot vloek	30
1.3.1.1 Vloek as aanvalsmiddel	30
1.3.1.2 Vloek as frustrasie-uiting	32
1.3.1.3 Sosiale funksie van vloekwoorde	34
1.4 <u>Vloek deur middel van gebare</u>	37
1.5 Samevatting	38
Aantekeninge	40

HOOFSTUK 2: DIE SINTAKTIESE OPTREDE VAN VLOEKWOORDE

2.1	Leksikale kategorieë waarin vloekwoorde optree	45
2.1.1	Naamwoorde	45
2.1.1.1	Naamwoordelike vloeke	45
2.1.1.2	Werkwoordelike vloeke wat as naamwoorde optree	46
2.1.1.3	Naamwoordfunksies	47
2.1.1.4	Vloeknaamwoorde se semantiese waarde	48
2.1.2	Werkwoorde	49
2.1.2.1	Subkategorieë waarin vloekwoorde voorkom	49
2.1.2.2	Subkategorieë waarin vloekwoorde nie voorkom nie	51
2.1.2.3	Kwasieoorganklike vloekwerkwoorde	52
2.1.2.4	Vloekdeeltjiewerkwoorde	55
2.1.3	Adjektiewe	60
2.1.3.1	Adjektiewiese optrede van vloekwoorde	60
2.1.3.2	Adjektiewiese voorbepalende vloekwoorde by eiename vereis 'n bepaalde determineerder of die deiktiese voorbepaling SO 'N of SULKE	63
2.1.4	Adjunkte	63
2.1.4.1	Sinsadjunkte	64
2.1.4.2	Graadadjunkte	67
2.1.4.3	Intensiveringsadjunkte	67
2.1.5	Graadwoorde	67
2.1.5.1	Vloekwoorde wat as graadwoorde optree	68
2.1.5.2	Vloekgraadwoorde by intensiewe en vergelykingsadjektiewe	70

2.1.5.3	Vloekgraadwoorde kan 'n positiewe waarde hê	71
2.1.5.4	Graadwoorde en adjunkte	71
2.1.6	Interjeksies	72
2.1.6.1	Vloekinterjeksies se optrede	73
2.1.6.2	Vloekwoorde wat nie as interjeksies optree nie	76
2.2.	Voornaamwoorde wat in vaste verhoudings met vloekwoorde voorkom	76
2.2.1	My	76
2.2.2	Jou	79
2.2.2.1	Vokatiefkonstruksies	79
2.2.2.2	Besitsaanduidende konstruksie	82
2.2.2.3	Idiomatiese konstruksie	83
2.3	Imperatiewe optrede van vloekwoorde	84
2.3.1	Onoorganklike vloekimperatiewe	85
2.3.2	Oorganklike vloekimperatiewe	85
2.3.3	Refleksiewe vloekimperatiewe	86
2.3.4	Werkwoorde wat idiomaties met 'n vloek= voorsetselgroep verbind	86
2.3.4.1	Gaan/Loop plus vloekwerkwoord/vloek= voorsetselgroep	87
2.4	Vloeksetselgroepe	88
2.4.1	Vloeknaamwoordstuk + Agtersetsel	88
2.4.1.1	Vloekwoorde wat in dié konstruksie optree	89
2.4.1.2	Die vloeknaamwoord vereis 'n bepaalde lidwoord	90
2.4.1.3	Setselgroep kan voorbepaal word	91

2.4.1.4	Vaste posisie van setsel	91
2.4.2	Voorsetsel + Vloeknaamwoordstuk	92
2.4.2.1	Adjektiwiese vloekvoorsetselgroep	92
2.4.2.2	Refleksiewe vloekvoorsetselgroep	93
2.4.3	Vloekgroepvoorsetselkonstruksie	95
2.4.4	Die konstruksie "vloeknaamwoordstuk + setsel + voorwerpsvoornaamwoord"	97
2.5	Die konstruksie "vraagwoord plus vloek= adjunk"	99
2.5.1	Vraagwoorde en vloekadjunkte wat hier optree	99
2.5.2	Sintaktiese posisies van optrede	100
2.5.2.1	Spesifieke vraagsinne	101
2.5.2.2	Betreklike bysinne	101
2.5.2.3	Interjeksies	101
2.5.3	Vraagwoorde in vaste verbinding met setsels kan nie hier optree nie	102
2.5.4	h Bepaalde lidwoord word vereis	102
2.5.5	Vraagwoord plus vloekadjunk vorm h hegte eenheid	103
2.6	Toevoegings en nabepalings by vloek= woorde	104
2.6.1	Toevoeging	105
2.6.2	Nabepaling	105
2.6.2.1	Die bysin as adjunk van resultaat/graad	106
2.6.2.2	Adverbiale as adjunkte	106
2.7	Samevatting	108
	Aantekeninge	109

HOOFSTUK 3: DIE MORFOLOGIESE GEDRAG VAN VLOEKWOORDE	
IN AFRIKAANS	113
3.1 Afleidingsmoontlikhede van vloekwoorde	113
3.1.1 Naamwoordvorming	113
3.1.1.1 Affikselose funksiewisseling	113
3.1.1.2 Naamwoordskeppende affikse	114
3.1.1.3 Kategorie-interne affikse by vloeknaam= woorde	115
3.1.2 Werkwoordvorming	118
3.1.3 Adjektiefvorming	119
3.1.3.1 Kategorie-interne affikse by vloekadjek= tiewe	122
3.1.4 Adjunk- en Graadwoordvorming	126
3.1.4.1 Kategorie-interne suffikse	126
3.1.5 Suffigering by interjeksies	127
3.1.6 Affektiewe affikse	128
3.1.6.1 Versagtende affektiewe affikse	128
3.1.6.2 Versterkende affektiewe affikse	129
3.1.7 Leenmorfologie	130
3.2 Samestellingsmoontlikhede van vloekwoorde	131
3.2.1 Vloekwoordoptrede in samestellings	131
3.2.1.1 Vloekwoorde as eerste komponent van samestellings	132
3.2.1.2 Vloekwoorde as slotkomponente van same= stellings	136
3.2.1.3 Samestellings waar beide komponente vloekwoorde is	137

3.2.2	Bahuvrihi-samestellings	137
3.2.2.1	Bahuvrihi-samestellings met 'n vloekwoord as eerste komponent	138
3.2.2.2	Bahuvrihi-samestellings met 'n vloekwoord as slotkomponent	138
3.2.2.3	Bahuvrihi-samestellings bestaande slegs uit vloekwoorde	140
3.2.3	Leenmorfeem as komponent van samestel= ling	140
3.3	Samestellende afleiding	142
3.4	Vloekwoordinvoeging	142
3.4.1	Vloekwoordinvoeging by simplekse en af= leidings	143
3.4.1.1	Die fonologie	143
3.4.1.2	Faktore wat vloekwoordinvoeging beïnvloed	148
3.4.1.3	Affektiewe waarde van dié konstruksie	153
3.4.2	Vloekwoordinvoeging by samestellings	154
3.4.2.1	Morfeemgrens	155
3.4.2.2	Affektiewe waarde van samestellings	155
3.4.3	Vloekwoordinvoeging in vaste woordgroepe	156
3.4.3.1	Vloekwoordinvoeging in persoonsnaamgroepe	156
3.4.3.2	Onderbreking van verwagte sintagmas deur vloekwoordinvoeging	157
3.4.4	Vloekwoordinvoeging in vaste predikaat= groepe	158
3.5	Samevatting	159
	Aantekeninge	161

HOOFSTUK 4: AFFEK: EUFEMISME EN DISFEMISME	165
4.1 Emosionaliteit van vloekwoorde	165
4.1.1 Betekenismomente van gewone woorde	165
4.1.2 Betekenismomente van vloekwoorde	166
4.1.2.1 Vloekwoorde wat uitsluitlik gepaardgaande emosionaliteit te kenne gee	167
4.1.2.2 Vloekwoorde wat emosionaliteit én sprekershouding te kenne gee	169
4.1.2.3 Emosionaliteit geskep deur disjunkte toepassing van taboe woorde	170
4.1.2.4 Emosionaliteit naas kategoriale waarde	172
4.1.3 Emosionaliteit en sprekershouding by gewone woorde	174
4.2 Eufemisme	179
4.2.1 Swetsvorming	179
4.2.1.1 Fonologie	180
4.2.1.2 Fonologie en morfologie	187
4.2.1.3 Morfologie	190
4.2.2 Sintaktiese prosesse om vloekkonstruksies se negatiewe emotiewe waarde te verminder	193
4.2.2.1 Vloekwoordssubstitusie in 'n vloekkonstruksie	194
4.2.2.2 Vloekwoordweglating in 'n vloekkonstruksie	195
4.2.3 Rymende vloekkonstruksies	195
4.2.3.1 Negatiewe waarde versag deur rymwoorde	196
4.2.3.2 Simmetrie, antitese en paralellisme	198
4.2.3.3 Alliterasie	199
4.2.4 Die gebruik van anderstalige vloekwoorde	200

4.3	Disfemisme	203
4.3.1	Fonologiese prosesse	203
4.3.1.1	Sillabe-versterking	203
4.3.1.2	Alliterasie	205
4.3.1.3	Nadruk	205
4.3.2	Sintaktiese prosesse	207
4.3.2.1	Sinstipe	207
4.3.2.2	Sinsposisie	208
4.3.2.3	Bepalings by vloekwoorde	208
4.3.3	Morfologiese prosesse	213
4.4.	Samevatting	213
	Aantekeninge	215
HOOFSTUK 5: VLOEKWOORDE EN SOSIALE INTERAKSIE		218
5.1	<u>Spreekakte</u>	218
5.1.1	Illokusie- en perlokusieaktes	219
5.1.2	Tipes illokusieaktes by vloekwoordgebruik	220
5.1.2.1	Stellings	220
5.1.2.2	Imperatiewe	222
5.1.2.3	Vraagsinne	228
5.1.2.4	Ekspressiewe	231
5.2	<u>Situasie</u>	232
5.2.1	Sosiale situasie	232
5.2.2	Situasionele reëls en norme	233
5.2.3	Situasionele reëls wat geld by vloek- woordgebruik	234
5.3	<u>Beleefdheidsreëls</u>	238

5.3.1	Formele situasies	238
5.3.2	Informele situasies	239
5.3.3	Minder formele situasies	240
5.4	Samevatting	242
	Aantekeninge	243
OPSOMMING		245
BIBLIOGRAFIE		249
BRONNELYS		262

WOORD VOORAF

In die Afrikaanse taalwetenskap is daar oor vloekwoorde uiters min gesê of geskryf. Tog kom vloekwoorde frekwent in die spreektaal van byna alle taalgebruikers voor, en dis in mindere mate ook in die skryftaal aanwesig. Alhoewel die deursnee-moedertaalspreker van Afrikaans ruimskoots van vloekwoorde gebruik maak, is die taboewaarde van vloekwoorde in Afrikaans baie hoog. Dit belemmer selfs 'n wetenskaplike bespreking van hierdie woorde. Moontlik is dit die rede waarom daar wetenskaplik so min oor vloekwoordgebruik in Afrikaans bekend is.

Hierdie verhandeling wil 'n wetenskaplike beskrywing van vloekwoorde wees en in die besonder word daar op hulle taalkundige gedrag as deel van die Afrikaanse grammatikasisteem gekonsentreer. Dit word aan die hand van die mees frekwent gebruikte vloekwoorde gedoen.

Vloekwoorde word van plat woorde onderskei op grond van die feit dat vloekwoorde se taboewaarde so hoog is dat swetse (versagtings) daarvoor gevorm word. Vir plat woorde bestaan geen versagtings nie: hulle taboewaarde is laer as die van vloekwoorde. In die verhandeling word nie slegs met vloekwoorde gewerk nie, maar ook met enkele plat woorde (soos blessit, bogger, dessit, foeter en neuk) om aan te toon dat sommige taalkundige prosesse nie uniek is aan vloekwoordgebruik nie: hulle kom ook by plat woorde voor.

Dit gaan in hierdie verhandeling daarom dat vloekwoorde 'n aktiewe deel van die Afrikaanse leksikon is en derhalwe net soos ander leksikonitems beskryf en verklaar moet word.

HOOFSTUK 1

TABOE EN VLOEKE EN DIE FUNKSIES VAN VLOEKWOORDE IN AFRIKAANS

In hierdie hoofstuk word daar eerstens aandag gegee aan taboe woorde wat in alle taalgemeenskappe voorkom. Daarna volg 'n beskrywing van die aard van die vloekwoord in Afrikaans, terwyl daar ook gelet sal word op die funksies van vloekwoorde onder taalgebruikers.

1.1 TABOE WOORDE

'n Taboe woord is 'n woord wat nie totaal verbied is nie, maar 'n woord wat onseëbaar en/of onskryfbaar is onder bepaalde omstandighede en/of deur 'n bepaalde persoon (Combrink 1972: 1). In die Afrikaanse gemeenskap is dit byvoorbeeld vir enige ondergeskikte taboe om sy meerdere sonder laasgenoemde se verlof bloot op sy voornaam aan te spreek. Die voornaam in vokatiewe gebruik het nie 'n taboewaarde vir al die meerdere se gelykes nie. Selfs die ondergeskikte kan die meerdere se voornaam referensieel gebruik in die geselskap van eersgenoemde se gelykes. Verdere taboe woorde in Afrikaans is enkele woorde "uit die weer", Goddelike benaminge in ydellike gebruik en sommige benaminge vir die "laer" liggaamsdele, -prosesse en -produkte.

Taboe woorde is te vinde in alle gemeenskappe, maar dieselfde woordtipes het nie in alle gemeenskappe taboewaarde nie. In Engels is 'n sin soos: *I'll thunder you, niksseggend, maar geensins verbode soos die Afrikaanse ekwivalent: Ek

sal jou donder, nie. In die Zoeloegemeenskap mag die vrou nie haar skoonvader se naam sê nie en selfs woorde waarin ooreenstemmende sillabes met die van haar skoonvader se naam voorkom, is vir haar taboe (Raum 1973: 58). Dié tipe taboe kom nie in die Germaanse en Romaanse taalgemeenskappe voor nie.

Die HAT 1979²: 1128 gee die volgende verklarings onder taboe:

taboe I b.nw. 1. Waaraan nie geraak of geroer mag word nie; heilig, verbode. 2. Wat op grond van godsdienstige oortuigings, moraliteit of smaak vermy word.

II s.nw. 1. Verbodsbepaling; persoon, ding wat as heilig of vervloek afgesonder is, verbied, vermy moet word. 2. Enigiets wat vermy word, waaroor nie gepraat word nie.

1.1.1 Taboes deur ander kultuur opgelê

Haas (1964: 489) wys daarop dat die taboe waarde van woorde in een kulturele gemeenskap die gebruik van sekere woorde in 'n ander taalgemeenskap kan beïnvloed. Hy gebruik die Creek Indianetaal as voorbeeld.

Hierdie Indiane het sekere woorde in hul eie taal begin vermy in die teenwoordigheid van blankes. Die woorde wat vermy is, het almal fonetiese ooreenkomste met die sogenaamde "vierletter-woorde" van Engels getoon. Hierdie selfopgelegde taboe was 'n direkte uitvloeisel van die Indiane se kennis van Engels. By die ooreenstemming van 'n enkele sillabe van die Indianewoord met die Engelse vloekwoord is

die betrokke woord vermy. Hoe omvattender die Indiane se kennis van Engels geword het, hoe meer woorde is vermy, want die Indiane het al hoe meer die taboewaarde van sekere woorde besef. Sommige van die woorde wat vermy is, is:

fâkki (grond, klei); apíssi (vet: adj.); apíswa (vleis).

Die fonetiese aard van die taal Thai, is sodanig dat daar meer woorde vermy word as by bogenoemde Indianetaal. Thai se woorde is naamlik meestal monosillabies en derhalwe toon dit 'n groter ooreenkoms met Engelse taboe woorde. Vergelyk:

fâg (skild); fâg (uitbroei); phûg (peper);
khân (vergruis); chíd (naby); cíd (hart).

1.2 VLOEKWOORDE

Alle vloekwoorde is taboe woorde, maar nie alle taboe woorde is vloekwoorde nie. In Afrikaans het vloekwoorde die hoogste taboewaarde van alle taboe woorde. Vloekwoorde is, in teenstelling tot ander taboe woorde, nie in alle gemeenskappe te vinde nie. Volgens Montagu (1968: 55) bevat Amerikaanse-Indianetale, Japanees, Maleis en die meeste Polinesiese tale geen vloekwoorde nie.

1.2.1 Wat is 'n vloekwoord in Afrikaans?

Afrikaanse en Nederlandse woordeboeke gee die volgende definisies vir vloekwoorde:

i) Nasionale Woordeboek 1979: 571.vloek I s.nw.

1. verwensing, vervloeking.
2. lasterlike uitroep; kragwoord.

vloek II ww.

1. kragwoorde gebruik.
2. verwens.

ii) HAT 1979²: 1294.

vloek I s.nw. 1. Verwensing; vervloeking onder die aanroep van Goddelike mag. 2. Godslasterlike uitroep, uitdrukking; die naam van God as dit ydellik gebruik word. 3. Uitskelwoord met die betekenis "ellendeling, vuilgoed".

vloek II ww. 1. Verwens, 'n vloek uitspreek oor; vervloek. 2. Godslasterlike taal gebruik; kragwoorde gebruik.

vloekwoord. Kragwoord; woord wat 'n verwensing uitspreek; Godslasterlike woord.

iii) Van Dale's Nieuw Groot Woordenboek der Nederlandse Taal 1950: 2024.

s.nw. Heiligskendende uitdrukking: die naam van God of 'n heilige ydellik gebruik.

ww. godslasterende woorde spreek.

iv) WNT Deel XXI: 2256

s.nw. Uitdrukking; woordverbinding wat 'n verwensing, meer bepaald 'n godslastering behels, opsetlik as sodanig gebesig.

ww. Alle blasfemie waardeur 'n mens aan God of sy heiliges kwaad toewens, word gewoonlik vloek genoem, aangesien vloek eintlik daarin geleë is om jouself of andere te verwens.

Alle kragwoorde, verwensings en uitskelwoorde kan egter nie onder die term vloekwoord ressorteer nie. Slegs dié woorde waarvan die taboewaarde só hoog is dat swetse (bastervloekwoorde) daarvoor gevorm word, is vloekwoorde. Die res van die kragwoorde is bekend as plat of skelwoorde. Skelwoorde kan van plat woorde onderskei word deurdat hulle die semantiese kenmerke [+ menslik] en [+ karaktertekenend] het. Vergelyk hoer en teef.

1.2.1.1 Vloek-, plat en skelwoorde

Die meeste vloek-, plat en skelwoorde het 'n hoë taboewaarde, maar vloekwoorde se taboe is oor die algemeen hoër as dié van plat en skelwoorde. Vergelyk die volgende voorbeelde:

<u>Vloekwoord + Swets</u>	<u>Plat Woord</u>	<u>Skelwoord</u>
bleddie : bloemen	foeter	bastard
gat : gaai	maai	bitch
god : gits	neuk	hoer
here : hene	pram	maaifoedie
kak : kaf	snot	teef

1.2.1.2 Swets

Daar is gesê dat 'n kragwoord as vloekwoord gedefinieer kan word, indien 'n swets vir die betrokke kragwoord bestaan. 'n Swets is 'n vloekwoord wat so onherkenbaar vervorm is dat dit nie meer 'n taboewaarde het nie. Dit is aanvaarbaar vir die gemeenskap, aangesien die vloekwoord nie meer raakgesien word nie. Ander benaminge vir swetse is bastervloeke, halwe vloeke of gebroke vloeke.¹

Die rede vir die vorming van swetse is die taalgebruiker se behoefte aan woorde waarmee hy sy frustrasie kan uitspreek, sonder dat hy met die skuldgevoel sit wat met die uit van verbode woorde gepaard gaan. Meestal toon die swetse 'n ooreenkoms, beide wat vorm en klank betref, met die taboe vorme. Joyce (1979: 69) gee die volgende beskrywing van swetse:

"... they are near enough to satisfy the craving, but still far enough off to avoid the guilt: the process may in fact be designated dodging a curse."

1.2.2 Vloekwoordkategorieë

Die volgende kategorieë kan vir vloekwoorde in Afrikaans opgestel word:

- 1) Enkele benaminge uit die weerterminologie;
- 2) Buitekonteksgebruikte godsdiensoorde;
- 3) Obsene woorde vir "laer" liggaamsdele, -prosesse en -produkte;
- 4) Woorde deur gebruikers aan 'n ander taal ontleen, wel wetende dat anderstalige gebruikers die oor-

spronklike woord as vloekwoord gebruik.

1.2.2.1 Enkele benaminge uit die weerterminologie

Bliksem en donder is die weerbenaminge wat algemeen as vloekwoorde in Afrikaans bekend is. Die mindergebruikte (donder-)wetter vloeke sluit nou hierby aan. (Vir wetter sien paragraaf 1.2.2.4).

1.2.2.1.1 Rede vir optrede as vloekwoorde

Om te verklaar waarom bliksem en donder as vloeke geld, moet teruggegaan word na die ou Germaanse volksgeloof. Een van die Germaanse gode was Ousaksies Donar, Noors Thor (met die betekenis "bruis", "geluid gee", verwant aan Latyn tonáre: "geluid gee") na wie ons Donderdag vernoem is (Lubbe 1970: 119). Volgens De Vries (1971: 126) manifesteer Donar "zijn kracht in bliksem en donder". Donder en bliksem is dus godsattribute uit die vroeëre Germaanse godedom.

Met die kerstening van die Germane het die ou geeste en gode van die vroeëre geloof gewoonlik duiwels in die nuwe geloof geword. Die meeste eienskappe van die Germaanse Donar het op die hoofduiwel (Satan) van die Christelike geloof oorgegaan. Bliksem en donder het as vloekwoorde dus sinoniem geword met duiwel. Die duiwel se benaminge het vroeër ook as taboe woorde gegeld, maar vandag het duiwel en die ander duiwelsname hulle taboewaarde grotendeels verloor.

1.2.2.1.2 Obseniteit deur kultuur opgelê

Die woorde donder en bliksem se obseniteit lê nie in hul karakter, dit wil sê in hul klankvorm, sintaktiese optrede en betekenis nie. Die klanke van donder het niks obseens aan hulle nie en donder het byvoorbeeld dieselfde sintaktiese vermoë as roep, wat nie as obseen beskou word nie. Vergelyk die volgende sinne:

Ek sal jou roep. / Ek sal jou donder.

Hulle sal hom oproep. / Hulle sal hom opdonder.

Roep hom! / Donder hom!

Die obseniteit van donder sit ook nie in die betekenis van die woord nie. Binne die Afrikaanse kultuur is Jy is 'n donder obseen, maar binne die Engelse kultuur is *You are a thunder geensins obseen nie; dit is bloot sinloos.

Obseniteit lê inisieel nie in die woord self nie. Obseniteit word die woord opgelê deur die tradisie en die kultuur van die woordgebruikers (Combrink 1972: 3).

1.2.2.2 Buitekonteksgebruikte godsdienswoorde

Die belangrikste vloekwoorde wat onder hierdie kategorie ressorteer, is die benaminge van die Opperwese wat ydellik gebruik word: (God); (Here); Jesus; Heiland. Dié kategorie bestaan ook uit sekere adjektiewe wat betrekking het op eienskappe van God, soos magtig en waaragtig (wragtig) en sekere woorde wat betrekking het op God se oordeel oor die mens,

byvoorbeeld verdomp en vervloeks. Die vloekwoord hel is by uitstek 'n buitekonteksgebruikte godsdienswoord.

1.2.2.2.1 Bybelse invloed

Die Wet van Moses oefen 'n verreikende invloed op Afrikaanse taboe woorde uit. Vergelyk:

Exodus 20 : 7 Jy mag die Naam van die Here jou God nie ydellik gebruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.

Verwysings na die Wet kom weer voor in:

Levitikus 24 : 15 As iemand sy God vloek, sal hy sy sonde dra.

Levitikus 24 : 16 En wie die Naam van die Here laster, moet sekerlik gedood word.

Efesiërs 4 : 31 Alle bitterheid en woede en toorn en geskreeu en lastering moet van julle verwyder word, ...

Oorspronklik slaan hierdie gebod net op JAHWEH, maar die Israeliete het die gebod wetties toegepas op allerhande ander naamwoorde wat gebruik is om na Jahweh te verwys. Gekers-tendê Europa het hierdie wettiese toepassing van die Mosaïese Wet oorgeneem en selfs verder van toepassing ge-maak op name en woorde waarop hierdie gebod nooit betrekking gehad het nie. Eiename soos Jesus en Here, naamwoorde soos God, Heiland en Christus en adjektiewe soos magtig en waar-agtig het taboe woorde geword.

Die feit dat woorde soos Heiland en wragtig vandag vloek= woorde is, berus dus op 'n tradisionele skewe interpretasie van die betrokke Mosaïese gebod (Combrink 1972: 2).

1.2.2.2.2 Religieuse benaminge wat nie as vloekwoorde optree nie

Nie alle benaminge wat vir die Goddelike Drie-eenheid voorkom, is vloekwoorde nie. Die woord Christus word op sigself nie as vloek gebruik nie. Wanneer dit wel as vloek optree, is dit in verbinding met Jesus, terwyl die Engelse ekwivalent "Christ" ook frekwent voorkom. Vergelyk:

"Jesus Christus!" vloek sy die eerste keer voor haar gaste. (Leroux 1976: 52.)

"Christ!" fluister die bestuurder van die ander Kombi. (Op.cit. : 76.)

Dis interessant dat daar wel swetse van Christus as interjeksies gebruik word:

O, krismis/krismisvader/krismiskoek.

Die meeste ander benaminge vir Christus word ook nie as vloeke gebruik nie. Woorde soos Bemiddelaar, Messias, Trooster en Verlosser is nie taboe woorde nie.

'n Uiting soos O, vader! / Ag, vader! word nie as 'n vloek= uiting beskou nie, alhoewel Vader op God dui: die taboe is nie sterk nie. Dat vader tog effens taboe is, word bewys deur die diminutiefvorm wat baie maal versagkend aandoen:

Ag, vadertjie tog!

Al word daar eksplisiet na God met die woord vader verwys, is die taboewaarde daarvan nie naastenby so sterk as wanneer God gebruik word nie. Vergelyk die verskil in taboewaarde tussen die volgende sinne:

Die vader weet, jy gaan 'n klap kry!

God weet, jy gaan 'n klap kry!

In Afrikaans bestaan daar ook geen vloekwoord wat op die Heilige Gees betrekking het nie.

1.2.2.2.1 Taboewaarde verskil in verskillende gemeenskappe

Ydellike gebruik van religieuse benaminge is nie in alle taalgemeenskappe so ontoelaatbaar soos in Afrikaans nie.²

Die wyse waarop die Italianers die naam van 'n Goddelike/Heilige gebruik, naamlik:

porca Madonna (porca = vark; Madonna = Maagd Maria), is vir die Afrikaanssprekende ondenkbaar (Calitz 1979: 93-94).

Die Engelssprekendes beskou die ydellike gebruik van die Opperwese se benaminge ook nie in so 'n ernstige lig soos die Afrikaanssprekendes nie. Graves (1931: 13) sê dat die Eerste Persoon van die Drie-eenheid nie baie ernstig opge=neem word nie. "O, God/Lord" het teen die tyd van sy skrywe reeds 'n plek gevind in die toelaatbare woordeskat. Volgens hom is die taboewaarde van "Jesus Christ" hoër en derhalwe word dit ook nie so dikwels soos "God" aangetref nie.

Die Engelssprekendes vermy egter ook die Heilige Gees se benaminge, alhoewel die volgende swetse in Engels voorkom: "Holy smoke!", "Holy Joe!" en "Holy crow!"

1.2.2.3 Obsene woorde vir "laer" liggaamsdele, -prosesse en -produkte

In Afrikaans word drie tipes taalbousels onderskei om na "laer" liggaamsdele, -funksies en -produkte te verwys.

Hulle is:

- i) kliniese woorde van Latynse en Griekse herkoms,
- ii) eufemismes, en
- iii) obsene woorde = vloekwoorde.

1.2.2.3.1 Terminologie van Latynse en Griekse herkoms

Die terme van Latynse en Griekse herkoms is die amptelike, aanvaarbare kliniese woorde. Hulle is woorde soos:

anus; cunnus; ekskrement; ekskresie;
faeces; fekalieë; fornikeer; koïtus; kopuleer;
penis; rectum; skrotum; sperm; testes;
urine; urineer; vagina.

Hierdie woorde word algemeen in mediese, wetenskaplike en juridiese kringe gebruik. Alhoewel dié woorde deur die hoër en middelklas algemeen verstaan word, sal 'n hoërklasmoeder die terme nie geredelik aan haar kind leer nie, omdat hulle te lomp, verhewe en/of klinies aandoen. Hierdie woorde het derhalwe omtrent geen inslag gevind in die alledaagse Afrikaanse taalgebruik nie.

Die ekwivalente obscene waarde is veel meer onwelkom in die alledaagse taalgebruik, terwyl omskrywing 'n onekonomiese taalmiddel is. Daarom word deur die middel- en laer klasse veelal eufemistiese woorde in ordentlike geselskap gebruik.

1.2.2.3.2 Eufemismes

Hulle kan verdeel word in eufemistiese woorde en eufemistiese uitdrukkings. Eufemistiese woorde word aan kinders geleer, hoofsaaklik om die kliniese en obscene woorde te omseil. Hulle is vanselfsprekend sosiaal meer aanvaarbaar as die obscene woorde. Dit is vorme soos:

Liggaamsproses/ -produk	{	a-a, akka, akkie(s), atta, attie, bollie, poe, poef; pie, piepie, piep, pieps, wie, wie-wie, wieps, lalie;
Liggaamsdeel	{	koek(ie), tiet(ie), piepie(tjie), pieper= mannetjie, (ka)tottermannetjie, tot(tie), (ka)totter, voëltjie.

Eufemistiese uitdrukkings is 'n onekonomiese taalmiddel - omskrywing - maar dit is veral geskik om in byvoorbeeld die geselskap van 'n lid van die teenoorgestelde geslag te gebruik. Hulle is voor die voet eufemisties en daar kleef nie 'n stigma aan nie. Terwyl die eufemistiese woorde direkte verwysings na die saak maak, word dit hier vermy, maar vir die ingewydes word die saak tog geïmpliseer.

Van die eufemistiese uitdrukkings vir ekskretoriese funksies is:

agtertoe gaan; broek losmaak; die Jood gaan betaal;
die kamer verlaat; die sterre gaan tel; 'n doring
uit die rug haal (WAT II: 264); 'n draai loop; klei
stoot.

Omskrywings vir koïtus is:

Hulle het by mekaar geslaap;
Hulle het bed toe gegaan;
Hulle het omgang gehad;
Hulle het gemeenskap gehad;
Hulle het intiem verkeer;
Hulle was intiem met mekaar;
Hulle het oor die tou getrap.

1.2.2.3.3 Obsene woorde

Die obsene woorde is die sogenaamde vuil woorde, smerige taal of plat woorde. Hulle het 'n baie sterk sosiale stigma; sō sterk dat dit selfs 'n klinies-wetenskaplike bespreking van hierdie woorde kan belemmer. Hierdie obsene woorde in Afrikaans was vroeër almal eufemismes, maar die stigma van onfatsoenlikheid het hulle ingehaal (Combrink 1972: 4).

Hulle bly egter steeds die algemeenste, die kruuste en die maklikste om te sê. In Afrikaans is hulle meestal drie- en vierletterwoorde en almal monosillabies. Vergelyk:

kak; gat; stront; hol; pis; moer;³ skyt.

1.2.2.3.3.1 Disjunkte toepassing van obsene woorde

~~Ek gebruik~~ die term disjunkte toepassing in die plek van metaforiese of figuurlike toepassing van woordbetekenisse. Dit word teenoor die konjunkte of letterlike betekenistoepassing gestel.

Obsene terme het 'n hoë gebruiksfrekwensie, veral wanneer hulle disjunkt toegepas word. Die afsonderlike items van hierdie vuil taal word byna sonder uitsondering almal as enkelwoorde, in samestellings, afleidings, woordgroepe en uitdrukkings gebruik vir nie-biologiese sake, prosesse en eienskappe.

Om bogenoemde toe te lig, word die vloek KAK gebruik. Wanneer kak op sigself gebruik word, is dit meestal 'n kragwoord, nie 'n bevel nie - daar word geen beveelde jy of julle geïmpliseer nie. Alleenstaande, verwys kak uiters selde na die biologiese proses of produk. Alleen gebruik, is kak eerder 'n woord van frustrasie, negatiewe oordeel, teësin en ontsteltenis (vgl. Combrink 1972: 6).

In die volgende samestellings en afleidings het kak presies dieselfde negatiewe waarde soos bogenoem, terwyl hier weer eens nie na die biologiese proses of produk verwys word nie.

Samestellings:

kakpraat; kaksleg; kakspul; kakgat; kakstorie;
kakkop; uitkak; afkak.

Afleidings:

bekak; kakkerig.

Vergelyk ook die volgende woordgroepe en uitdrukkings waar=
in kak 'n disjunkte betekenistoepassing het:

Hy hou hom vol kak.

Hy is deur die kak.

Hy sit in kakstraat.

Hy maak kak droog.

Sy kak is troef.

Kak aanjaag.

Leen jou gat uit en kak deur jou ribbes.

Wens in die een hand; kak in die ander en kyk in
watter hand is die meeste.

Hy kak ook maar agter sy hakskene.

Wanneer die spreker woedend is, soek hy taalbousels om sy frustrasie in uit te druk. Hy neem sy toevlug tot die woorde met die hoogste taboewaarde, want hulle "verlossende" waarde is dienooreenkomstig die hoogste.

Wanneer die woede teen 'n ander persoon gerig is, sal die spreker taalbousels gebruik met die grootste tref-krag. Dit is die woorde wat onklinies en oneufemisties verwys na die "laer" liggaamsdele, -produkte en -funksies; alhoewel dié woorde disjunk gebruik word, is hulle nog altyd uiters kras en beledigend.

1.2.2.3.3.2 Taboewaarde van obsene woorde

Die kragtigste kategorie taboe woorde in Afrikaans is die obsene woorde wat verband hou met die "laer" liggaamsdele, -produkte en -funksies.

Waar die ander tipes taboe (religieuse vloekwoorde en weerbenaminge) deur geloof of bygeloof tot stand gekom het, is dié tipe taboe geskep deur oordrewe preutsheid. Dié tipe taboe kan genoem word, "sosiale taboe".

Wanneer hierdie taboe oortree word, is dit nie God of ander, ver verwyderde magiese dinge wat 'n oordeel uitspreek nie, maar die mede-lede van die gemeenskap veroordeel die spreker direk. Derhalwe word dié taboe woorde tot elke prys uit 'n sosiale gemeenskap se formele openbare omgang geweier.⁴

Om te bewys dat die taboewaarde deur die taalgemeenskap toegeken word, wil ek wys op die feit dat woorde wat vandag as taboe beskou word, eers vryelik gebruik kon word. Wat vandag as taboe beskou word, het eers vry algemeen in plant-, plek- en diername voorgekom. Die volgende woorde het ontwikkeling in 'n pejoratiewe rigting ondergaan.

i) Stront: Die benaminge strontvoël, strontjaer en strontvreter is van oudsher in Nederlands bekend as naam vir 'n meeuagtige voël wat van aas lewe (Scholtz 1941: 37-38). Vandag word nie een van hierdie benaminge vir 'n gier aange-tref nie.

Die benaming strontvis is ook nie meer gebruiklik nie (Op.cit.: 29).

Strontblom en strontbos was vroeër die benaminge vir onderskeidelik aasblom en lemoending. (WAT-magasyn).

Die versagte miskruier het die vroeëre strontkruier heeltemal vervang (WAT-magasyn).

ii) Kak: Die woord karkatjie wat ons ken, is 'n eufemistiese vervorming van die woord kakkatjie wat sy oorsprong in kak het. Kak was dus eens op 'n tyd 'n aanvaarbare woord, want die woord kakkatjie is ingespan as versagte vervanging vir die Nederlandse benaming strontje (Boshoff en Nienaber 1967: 339).

Daar bestaan nog steeds 'n plek in Suid-Afrika met die naam van Kakhoog (Kennis: S.A. Pleknaamleksikon 1978: 2973). Weer eens word deur hierdie pleknaam aanduiding gegee dat kak eers aanvaarbaar was.

iii) Pis: Die volgende plantbenaminge bevat pis as element: (Al die woorde is afkomstig uit Scholtz 1941.)
hondepisbossie (85), perdepisbos (85), pisgoed/pisgras (65).
Dan is daar ook jakkalspis wat 'n soort veldplant is (Loubser 1922: 22). Vergelyk ook pispadde (92) en pisgogga (Loubser 1922: 26).

iv) Gat: Die woord kom baie algemeen in veral dierbenaminge voor en het dus nie dieselfde taboewaarde as vandag gehad nie. Vergelyk die volgende woorde in Scholtz 1941:

geelgat (klein soort voëltjie) (60),

kommetjiegatmuishond (76), rooigathaas (51),

witgatspreeu (57).

Uit die WAT-magasyn kom gatkloppertjie (toktokkie) en gatvlieg (perdevlieg).

In Scholtz en Nienaber 1967: 372 is kringgatbok opgeteken.

v) Poep: Daar is 'n plek in Suid-Afrika met die naam van Poepland wat nog gebruik word (Kennis: S.A. Pleknaamleksikon 1978: 3013). Ten tyde van dié naamgewing moes poep se taboewaarde heelwat laer as vandag gewees het.

vi) Pram: Hierdie woord is nie 'n vloekwoord nie, maar word wel as 'n plat woord beskou en is derhalwe nie in formele openbare omgang aanvaarbaar nie. Vroeër was pram heel alledaags. Vergelyk byvoorbeeld die werkwoordelike funksie:

Gaan pram die bok. (= melk)

Dié woord kom voor by plantbenamings: pramboom/pramdoring (knophoutboom) (WAT-magasyn), by 'n insekbenaming: prambyter (waterhondjie wat geneig is om aan 'n mens se bors vas te suig) (WAT-magasyn), en by plekbenamings: Pramkoppie en Pramberg. Hierdie twee benamings is aan verskeie koppies in Suid-Afrika toegeken wat 'n ooreenkoms met 'n vrouebors

toon. Sodoende staan byvoorbeeld die Drie Susters ook as Pramberg bekend (Nienaber 1963: 55).

Dit wil dus voorkom asof die Afrikaanssprekendes uiterlik preutser in hul taalgebruik geword het, want waar bogenoemde woorde eers vry algemeen in die spreektaal voorgekom het en selfs in naamgewing van plante, diere en plekke aangewend is, dra hulle nou 'n kragtige taboewaarde.

1.2.2.3.3.3 Spreekershouding teenoor "laer" liggaamsdele, -prosesse en -produkte

Die gemeenskap skep 'n negatiewe houding teenoor bogenoemde dinge, alhoewel hulle natuurlike sake is. Die gemeenskap sien dié "laer" liggaamsdele, -produkte en -funksies as iets vuils en dié houding skep die indruk dat die natuur die sake ook as iets onwelowegliks beskou. Hierdie houding van die gemeenskap word in die taal gereflekteer.

Hayakawa (1952: 87) beweer dat die houding teenoor dié woorde daaraan te wyte is, dat die mens sekere gedagtes en gevoelens het waarvoor hy so skaam is dat hy nie eers aan homself wil erken dat dit wel bestaan nie. Dit sluit nou aan by Combrink (1972: 5) wat die Afrikaanssprekende se kulturele houding teenoor seks en ekskresie kensketsend deur een Afrikaanse woord opsom: "die Afrikaners het almal skaamdele of sommer net skaamte." Skaamte dui op 'n gevoel van skuheid, beskroomdheid, onbehaaglikheid en verleentheid. Dís ons houding teenoor sekere, "ongelukkig" noodsaaklike,

dele van ons liggaam: ons is sku en verleë daaroor en dit laat ons onbehaaglik voel.

1.2.2.3.3.3.1 Negatiewe toepassing van die betrokke woorde

Hierdie sogenaamde vuil woorde word in Afrikaans uiters selde in hul disjunkte gebruik, positief toegepas. Die gevolgtrekking is dat Afrikaanse vuil woorde meestal gebruik word om 'n negatiewe houding teenoor 'n benoemde saak uit te druk.

In Engels kan so 'n term wel positief, goeilik, gebruik word. Vergelyk die sin: "How are you, you old cunt!" Die aangesprokene sal uit die konteks en situasie kan aflei wat die spreker se houding teenoor hom is (Montagu 1968: 316). Let daarop dat die obsene woord nog steeds 'n vloekwoord is, positief gebruik, al dan nie. Die Afrikaanse ekwivalent van hierdie sin kan onmoontlik nie positief gebruik word nie, al word dit in die mees joviale stemtoon gesê. Die enigste vloekwoord in hierdie kategorie, wat wel positief gebruik kan word, is poephol. Uit die konteks sal dit duidelik word watter waarde aan dié woord geheg word. Vergelyk byvoorbeeld die volgende sin:

Kom nou, poephol.

Wanneer die spreker dit teenoor sy vriend gebruik, dra dit nie negatiewe waarde nie.

Die feit dat die kategoriewaarde byna uitsluitlik 'n negatiewe waarde het, lei tot die gevolgtrekking dat die Afrikaanse gemeenskap neersien op dié biologiese prosesse, produkte en

liggaamsdele wat met seks en uitskeiding te make het.

Lawrence (1929: 15) noem dat daar vir die spreker 'n fisiologiese assosiasie tussen hierdie twee liggaamsprosesse is.

Hulle funksioneer egter in teenoorgestelde rigtings, want die seksuele proses is leweskeppend, terwyl die ekskretoriese proses wegdoen met iets wat geen nut meer het nie.

Vir die persoon met 'n verlaagde lewenstandaard vloei dié prosesse ineen en verkry hulle dieselfde waarde. Dan word seks as iets vuils beskou en seksuele opwinding as iets onwelvoegliks.

Hierdie sake is met ander woorde onaangenaam gemáák. Daarom kan die name vir hierdie dinge disjunk net gebruik word om te verwys na ander onaangename dinge. Ekskresie en seks word sodoende onlosmaaklik verbind aan frustrasie, ontsteltenis, afkeer en vuilheid (Combrink 1972: 7).

Wat hierbo oor Afrikaans gesê is, is mutatis mutandis waar van alle Westerse tale en gemeenskappe.

1.2.2.3.3.3.2 "Laer" liggaamsfunksies met positiewer waarde

i) Sweet: Dié proses het nie 'n vloekwoordekwivalent nie, alhoewel die woord perspireer versagtend klink en derhalwe in hoër sosiale kringe gebruik word.

In Engels bestaan 'n slenguitdrukking, "pisspiration" vir "perspiration", maar die funksie is meer om 'n komiese effek as 'n negatiewe waarde te skep.

ii) Menstruasie: Geen woord wat op die menstruasieproses dui, word gebruik om 'n negatiewe oordeel oor iets uit te spreek nie.

1.2.2.3.3.4 Uitwerking van obscene woorde op homonieme

Homonieme van vloek- of plat woorde raak dikwels in onbruik. Meestal bestaan daar geen dubbelsinnigheid wat betref die interpretasie van die woord nie, maar sommige hoorders reageer nogtans op die kragtige stimulus van die woord. Om verleentheid te voorkom, omseil die spreker die homoniem deur 'n ander sinoniem te gebruik. Dit is beslis so dat die taboe woord 'n baie sterker "uithouvermoë" het as die onskuldige homoniem. Sagarin (1962: 100) noem die gevalle van "rooster" en "donkey" wat die woorde "cock" en "ass" onderskeidelik in Amerika vervang het. In Afrikaans is dieselfde proses besig om plaas te vind met die woord doos. In die spreektaal word dit baie selde as 'n benaming vir 'n houer gebruik. Die Engelse vorm boks(ie) word meestal aangewend.

Net so het die woord naai in onbruik geraak as woord om naaldwerk te doen. In 'n samestelling soos naaimasjien word die woord wel nog gebruik sonder om verleentheid te veroorsaak.

Die negatiewe gebruik van die woord moer wat op "moeder" dui, het daartoe aanleiding gegee dat die moer wat in wyn en koffie voorkom, ook gebruik word om vloekuitdrukkings mee te vorm. Die volgende voorbeelde toon geen verband met

"moeder" nie:

My moer trek suur.

Dis dan dat mens begin moer trek.

Moer afgaan. (= gal afgaan)

My moer is dik.

Ek pomp moer.

Ek is moersuur.

Nou blom my moer.⁵

(= spreker is kwaad)

Sy moer het gou gesak. (= sy bui het gesak)

1.2.2.4 Woorde deur gebruikers ontleen aan 'n ander taal

Onder hierdie kategorie ressorteer vloekwoorde deur gebruikers ontleen aan 'n ander taal, wel wetende dat anderstalige gebruikers die oorspronklike woord as vloekwoord gebruik. Hierdie lekseme word slegs as vloekwoorde gebruik en het geen referensiële gebruik in Afrikaans nie. Hulle dui ook nie sinchronies vir Afrikaanssprekendes op "laer" liggaamsfunksies, op godsdiens, of die weer nie.

Die volgende vloeke word ontleen uit:

Engels - bleddie⁶, blesit, bogger, dêm, dêmmit,
dessit; fok/fokken;

Nederlands - foeter, neuk; en

Duits - wetter.

Engelssprekende Suid-Afrikaners ontleen op hul beurt vloekwoorde aan Afrikaans. Vergelyk die nié-weerwoord donder in Engels in 'n sin soos:

"Shut up or I'll donder you!"

1.2.2.4.1 Amelioratiewe ontwikkeling

By hierdie tipe vloekwoorde vind amelioratiewe ontwikkeling dikwels plaas. Die rede hiervoor lê daarin dat dié vloekwoorde nie in Afrikaans referensieel gebruik word nie; derhalwe kan dit gebeur dat die uiters kragtige taboewaarde wat dié woorde in hul oorspronklike taal gehad het, afstomp en hierdie lekseme word dan meer toelaatbaar in die gemeenskap. Eertydse vloekwoorde, soos foeter, neuk en maai word nou as plat woorde beskou en word selfs in koerante en tydskrifte aangetref.

Ontwikkeling in 'n gunstige rigting het byvoorbeeld in die volgende gevalle plaasgevind:

i) Bogger

Die Nederlandse werkwoord boggeren het vroeër op die pleging van sodomie gedui. Dit is net soos die Engelse bugger ontleen aan die Franse bougre wat op sy beurt uit die middel-Latynse bugari ontwikkel het. Bugari was oorspronklik die naam van 'n Middeleeuse volk wat hulle dikwels aan sodomie skuldig gemaak het (WNT III: 254). Later ontwikkel dié woord tot 'n vloekwoord met 'n baie hoër taboewaarde as wat hedendaags daaraan geheg word. Vergelyk die volgende sinne opgeteken uit tydskrifte:

Toe hy spierwit geskrik hier kom, was die klein bogger klaar uit, hy moes net die naelstring afbind.

(Sarie Marais 17.9.1971: 72 k3.)

"Daar gaan die bokkers en daar is niks wat ons kan doen nie." (Huisgenoot 11.2.1977: 97 k3.)

ii) Foeter

Hierdie woord is afkomstig uit die Nederlandse foeteren wat kom uit die Franse verwensingsuitdrukking foutre wat op sy beurt afgelei is uit die Latynse futuere wat beteken "om koïtus te hê" (Boshoff en Nienaber 1967: 229). In Afrikaans dui foeter slegs op die werkwoorde slaan, pla, lol of lastig wees. Die taboewaarde van foeter is hedendaags baie flou.

iii) Maaifoedie

Dié woord het eers dieselfde taboewaarde gehad as wat die Engelse vloekwoord, motherfucker, vandag het. Maa is afkomstig uit die Maleis-Portugese may wat "moeder" beteken⁷: Foedie het sy oorsprong ook in die Latynse futuere. In Maleis-Portugees was dit een van die ergste vloeke wat 'n spreker iemand kon toevoeg, want dit impliseer dat die aangesprokene en sy moeder seksuele omgang gehad het. Dit was bekend as mayfoedé/maaifoedee (Boshoff en Nienaber 1967: 399). In Afrikaans het die taboewaarde baie afgeneem en dié lekseem het naastenby dieselfde gevoelswaarde as die woorde karnallie en vabond.

Die volgende voorbeeldsin dui daarop dat sommige sprekers wel nog 'n verband tussen foedie en foeter sien:

Dit was maar heelyd net 'n storie van "klein maai-foetertjies, só klein vissietjies wat sta-sta peuter aan die asies." (Visserstaal) (Rapport: Fotorapport 3.2.1974: 14.)

iv) Neuk

Hierdie woord het in Afrikaans nie meer die seksuele implikasie van die Nederlandse neuken ("coïre") wat verband hou met die obscene Engelse woord knock nie. Die algemene betekenis van neuk in Afrikaans is "lastig wees" of "slaan" (Boshoff en Nienaber 1967: 446).

Die seksuele implikasie van neuk is nog tot 'n mate in die volgende sin behoue, alhoewel neuk bloot hier op "lol" kan dui:

Ek neuk nie met getroude mans nie.

'n Verdere aanduiding dat neuk se taboewaarde beslis heelwat minder as dié van die oorspronklike Nederlandse vorm is, is die voorkoms van neuk in sy afgeleide vorm, verneuk, in die pleknaam Verneukpan. Verneuk kom algemeen in gespreksituasies voor met die betekenis "kul".

Neuk kom frekwent in tydskrifte en koerante voor. Vergelyk:

"Jy kom neuk nie weer vanaand hier nie!"

(Huisgenoot 4.12.1980: 37 k1.)

Dit neuk ook jou slymvliese, sinusse en oë op;

(Suidwester 9.1.1976: 2 k2.)

... 'n meesterlike 138 soos dié van Pollock gister so bevlek is met omstredenheid. Die neuk het Vrydag laatmiddag al gekom.

(Rapport: Sportrapport 23.1.1977: 1.)

1.3 FUNKSIES VAN VLOEK

1.3.1 Aanleidende faktore tot vloek

Daar is drie faktore wat tot vloek aanleiding gee: Wanneer die spreker

- i) woorde wil gebruik as aanvalsmiddel, as middel tot verweer of tot selfhandhawing,
- ii) 'n manier soek om van sy gevoelens ontslae te raak, wat deur psigiese toestande soos angs, woede, verbouereerdheid, skokke, verrassings, teleurstelling, ontsteltenis en verontwaardiging geskep word, en
- iii) sy spraak wil verlewendig of groepsgebondenheid probeer skep,

kan hy vloekwoorde inspan om sy doel te bereik.

1.3.1.1 Vloek as aanvalsmiddel

Hier word die vloek gebruik om 'n teenstander op 'n gevoelige punt te kwets, om hom minderwaardig teenoor die spreker te laat voel, hom te verneder of om hom in die oë van die toehoorders bespotlik te maak (De Vooy 1947: 268).

Boulton (1960: 128) beweer dat woorde wat gedurende 'n twis teenoor 'n aangesprokene gebesig word, grootliks hul kommunikatiewe waarde verloor, aangesien hul hoof funksie hier nie is om 'n boodskap oor te dra nie, maar slegs die spreker se emosies openbaar. Hierdie stelling geld ook vir vloekwoorde wat aggressie teenoor 'n aangesprokene openbaar.

Volgens Calitz (1979: 80) kan 'n vloekwoord bewus en opsetlik gebruik word. Vloekwoorde word as wapen aangewend om iemand/iets te kwets wanneer fisiese geweld nie gebruik kan word nie. Calitz noem dit die "aanvalsfunksie" van vloek.

Die spreuk: Sticks and stones may break my bones, but words can never harm me word hier van alle waarheid ontdaan, want beserings wat deur sticks and stones toegedien is, kan genees word. Die letsels wat woorde laat, is meer subtiel en somtyds meer permanent (Condon 1966: 65).

Wanneer vloekwoorde gebruik word om 'n ander persoon te kwets, tree dit heel dikwels saam met die 2de- of 3depersoonsvoornaamwoorde op, maar nooit saam met eerstepersoonsvoornaamwoorde nie. Vergelyk:

(Jou) lae bliksem!

Sy gat!

*My moer!

1.3.1.2 Vloek as frustrasie-uiting

Die vloekwoord word hier gebruik as middel om lug te gee aan die spreker se frustrasie wat deur psigiese sowel as fisiese ongemak geskep word. Aggressie speel, net soos by vloekwoorde wat as aanvalsmiddel gebruik word, 'n deurslaggewende rol, want aggressiewe optrede is meestal die uitvloeisel van frustrasie.

1.3.1.2.1 Psigologiese funksie van vloek

Aggressiewe optrede, soos alle ander vorme van optrede, word dikwels in kultureel gedefinieerde rigtings gedwing. Fisieke geweld word deur ons gemeenskap afgekeur. Wanneer 'n persoon gefrustreerd is en hy wil op aggressiewe wyse van sy frustrasie ontslae raak, is vloekwoorde 'n betreklik skadelose plaasvervanger vir fisieke geweldpleging. Vloekwoorde dien met ander woorde as 'n tipe uitlaatklep in dié tye wanneer die spreker uiting aan sy frustrasie móét gee. In hierdie opsig vervul vloek 'n nuttige sosiale funksie.

Montagu (1968: 83) sê dat vloek, net soos lag en huil, die psigologiese ekwilibrium van die spreker herstel. (Vloek is egter kultureel aangeleer en is nie aangebore soos huil en lag nie.) Die psigologiese funksie van vloek stem in baie opsigte ooreen met dié van lag en huil. 'n "Lekker" lag, huil en selfs vloek vervul almal die nuttige funksie om op 'n sosiaal aanvaarbare wyse verligting vir die gefrustreerde gemoed te bring.

Daar bestaan geen twyfel dat vloek 'n psigologiese funksie het nie. Nadat die mens sy kinderskoene ontgroeï het, word huil in ons gemeenskap afgekeur, veral onder die manlike sprekers, terwyl steune of kreune weer as 'n teken van swaakheid beskou word. Dit is egter onmoontlik om altyd in stilte te ly. Die menslike senuweesisteen verplig jou om uiting aan jou gevoelens te gee, op dié voorwaarde dat dit nie kinderagtig of lafhartig voorkom nie. Terwyl die mens as kind gehuil het, vloek hy nou. Met bogenoemde psigologiese funksie in gedagte, word vloek as 'n onverbeterlike middel gesien. Die reggekose vloek kan dikwels 'n situasie red.

1.3.1.2.2 Psigologiese gebruik van die vloek

Omdat vloekwoorde meestal nie referensieel aangewend word nie, kan enige taboe woord gebruik word om aan die spreker se frustrasie uiting te gee. Verskillende vloeke kan deur dieselfde spreker in identiese situasies gebruik word. Volgens Montagu (1968: 93) moet dieselfde vloekwoorde nie voortdurend of oorvloedig gebruik word nie, want sodoende verloor hulle hul emosionele waarde.

Die psigologiese vloek tree heel dikwels saam met die eerste-persoonsvoornaamwoord op om die spreker se direkte betrokkenheid by die uiting te weerspieël. Vergelyk:

(My) Jesus!

(My) bliksem!



Hier toon die vloekwoord heel dikwels 'n interjektiewe karakter wanneer die vloekwoord alleenstaande as frustrasie-uiting diens doen:

God!

Dêmmit!

Kak!

1.3.1.3 Sosiale funksie van vloekwoorde

Die sosiale vloek is die tipe vloekwoord wat verreweg die meeste voorkom. By hierdie vloek is daar geen sprake van aggressie soos by die vorige twee tipes nie.

Die funksie van die sosiale vloek is nie om 'n spannings- of frustrasiegevoel te ontlaai soos by die aanvallende of frustrasievloek die geval is nie. Ross (1969: 480) het in 'n studie oor die voorkoms van vloek waargeneem dat die sosiale vloek merkbaar toeneem wanneer die proefpersone ontspanne is en gemoedelik verkeer. Wanneer hulle egter werklik kwaad of moeg is, neem die aantal vloekwoorde drasties af.

1.3.1.3.1 Redes vir optrede van sosiale vloeke

Hierdie tipe vloek word gebruik om:

- i) 'n samehorigheidsgevoel met die groep waarin die spreker verkeer te skep,
- ii) die spreker se uitinge te dramatiseer, en
- iii) die sosiale norme doelbewus te oortree.

1.3.1.3.1.1 Skep van 'n samehorigheidsgevoel

Die sosiale gebruik van vloekwoorde hang in 'n hoë mate af van die geselskap waarin die spreker verkeer. Die sosiale vloek kom meestal voor wanneer die spreker in 'n informele situasie tussen persone van sy eie ouderdom, geslag en sosiale klas verkeer. Die vloek se rol hier is om die groepsgebondenheid tussen die spreker en die res van die geselskap te versterk. Ook in dieselfde omstandighede wanneer die spreker met 'n laer klas verkeer, kan die sosiale vloek gebruik word om die illusie te skep dat hy deel is van die groep.

Die vloekgewoonte van die res van die geselskap sal 'n direkte invloed op die spreker hê, want wanneer hulle nie saamvloek nie, sal die spreker se vloekwoordgebruik gou opdroog. Die geselskap speel by die vloeke wat as aanvalsmiddele en as frustrasie-uitinge gebruik word, nie so 'n bepalende rol soos by die sosiale vloek nie. Hierdie tipes vloekwoorde is 'n reaksie op iets wat die spreker ontstel en die vloek sal geuit word, selfs al is die spreker alleen.

1.3.1.3.1.2 Dramatisering van spraakgebruik

Sommige sprekers wat hul spraakstyl wil verlewendig of dramatiseer, gebruik vloekwoorde. Dit geskied vanselfsprekend slegs in informele spraaksituasies. Die spreker hoef die vloek nie altyd doelbewus aan te wend om sy vertelling te animeer nie, want vloekwoorde het 'n inherente emfa-

fatiese waarde wat 'n mededeling vanself sal verlewendig. Wanneer 'n spreker vloekwoorde gebruik, verkry die vertelling meer kleur en kom die sprekersingesteldheid teenoor sy mededeling ondubbelsinnig na vore.

1.3.1.3.1.3 Doelbewuste oortreding van sosiale norme

Hier word die vloekwoord doelbewus aangewend om die geselskap te skok. Die obsene woorde vir "laer" liggaamsdele, -funksies en -produkte word meestal gebruik, omdat hulle die hoogste taboewaarde het. Hierdie woorde wat nooit in 'n respektabele geselskap gebesig word nie, word nou met opset deur die spreker gebruik om die sosiale norme te oortree.

Vloek- en plat woorde word dikwels deur Afrikaanse skrywers so aangewend om te wys dat hulle hul nie neerlê by die eng reëls wat deur die gemeenskap opgelê word nie. Studente en weermaglede se vloekwoordeskat is ook besonder groot en meestal is die vloekwoorde 'n teken dat hulle vry is van die skooldissipline en reëls van die ouerhuis.

1.3.1.3.2 Gewoontevloek

Die sosiale vloek, byvoorbeeld die gebruik daarvan om die spraak te dramatiseer of die norme te oortree, gee dikwels aanleiding tot gewoontevloek in 'n spreker se taalgebruik. Vloeke soos God, blergie of fokken raak so gevestig in 'n spreker se alledaagse taalgebruik dat die vloeke later geen

spesifieke funksie meer het nie, maar bloot as stopwoorde dien. Die spreker self is gewoonlik nie meer daarvan bewus dat hy die vloekwoorde so herhaaldelik gebruik nie.

Net so is die vloeke wat in die laer werkersklas se taal voorkom ook waardelose gewoontevloeke. By hulle tref 'n mens, volgens Heiberg (1957: 15), 'n primitiewe psigiese samestel aan met as een van die belangrikste uitvloeisels, 'n swak beheer oor die emosionele lewe en 'n afwesigheid van inhibisies. Dit gee aanleiding tot 'n botviering van impulse wat tot 'n hoë gebruik van vloek- en plat woorde lei. Dié buitengewoon hoë gebruik van vloekwoorde veroorsaak dat die vloeke later 'n niksseggende gewoonte word.

1.4 VLOEK DEUR MIDDEL VAN GEBARE

Dit is 'n algeheel nie-verbale manier van vloek, alhoewel die gebare soms met die toepaslike taboe woorde gepaard gaan. Die gebaar-vloeke vervul dieselfde aanvalsfunksie as die verbale vloeke, en het ook verskillende taboewaardes.

By kinders is die algemeenste gebaar, met 'n lae taboewaarde, om negatiewiteit teenoor iemand uit te druk, die gebruik om die tong uit te steek of om die gesig te vertrek. Onder volwassenes sal dié gebare egter lagwekkend voorkom. By hulle is die mees algemene gebaar om 'n vyandiggesinde houding teenoor 'n ander te toon, die skud van 'n gebalde buis in die rigting van die persoon wat die gevoel ontlok het.

Een van die obsene gebare is om die middel- en wysvinger op te hou met die rugkant van die hand na die persoon wat gevloek word. Dit het dieselfde negatiewe waarde as die vloek=konstruksie: Fok jou! Wanneer die handpalm egter na die ander persoon gedraai word, met die genoemde vingers omhoog, verander die betekenis van die gebaar. Dié teken impliseer nou 'n versoek om vrede.

Die gebaar met die hoogste taboewaarde in die Afrikaanse gemeenskap, is om die duim tussen die middel- en wysvinger deur te druk in die rigting van die persoon wat gevloek word. Die gebaar stel moontlik die manlike geslagsdeel voor, want dit gaan gewoonlik met die woorde "suck it" gepaard. Dit hou dan direk verband met die Engelse vloekwoord cocksucker wat een van die woorde is met die hoogste taboewaarde in Engels.

Montagu (1968: 344) noem ook die ophou van die middelvinger as gebaar om die ander persoon te beveel om met homself te fornikeer. Die gebaar is nie algemeen onder Afrikaanssprekendes nie.

1.5 SAMEVATTING

Uit hierdie hoofstuk kan afgelei word wat vloekwoorde in Afrikaans is, hoe hulle optree en ook wat hul funksie is. Vloeke lewer 'n belangrike bydrae tot die uitbreiding en verryking van die Afrikaanse woordeskat, want uit alle vloekwoorde word swetse gevorm om die oorspronklike vloek

te vermy.

Heelwat van hierdie swetse het al 'n gevestigde posisie in die leksikon gekry. Sodoende word die woordeskat vergroot, asook deur die ontlening van vloekwoorde aan ander tale.

Verder is aangetoon dat vloekwoorde selfs 'n positiewe funksie kan hê, omdat dit die psigologiese ewilibrum van die spreker help herstel. Vloekwoorde hoef dus nie altyd in 'n negatiewe lig gesien te word nie.

AANTEKENINGE

1. 'n Volledige beskrywing van swetsvorming kom in hoofstuk 4 voor. Daar word alle opgetekende swetse vir vloekwoorde genoem.
2. Afrikaanssprekendes heg 'n besonder hoë taboewaarde aan die ydellike gebruik van Godsbenaminge. Dit is die rede waarom Magersfontein, O Magersfontein van Ettiëne Leroux in 1977 as ongewenste publikasie verklaar is. Die oormatige gebruik van die benaming Jesus Christ deur 'n vroulike karakter, is as godslasterlik gevoel, terwyl dit ook as aanstootlik beskou is vir die godsdienstige oortuigings van sommige Suid-Afrikaners. Die Appèlraad oor Publikasies wys in Oktober 1977 daarop dat slegs een karakter bogenoemde vloekwoord gebruik, en dan as stopwoord. Gevolglik kan daar geen oormatige ydellike gebruik deur die karakters van die roman wees nie. Volgens die Appèlraad is die ydellike gebruik van Jesus Christ nie godslasterlik nie, want volgens hulle is slegs woorde met die strekking om God te minag, te spot of om Hom met die mens gelykwaardig te maak, godslasterlik, wat by Magersfontein nie die geval is nie. Die verbod is egter gehandhaaf op grond van die oormatige ydellike gebruik van die Here se naam wat aanstootlik vir die Christelike gemeenskap se opvatting is.

In Maart 1980 is daar 'n hervorlegging van die boek aan die Appèlraad. Weer eens word daarop gewys dat die ydel-

like gebruik van die Here se naam nie godslasterlik is nie, aangesien godslasterlikheid 'n juridiese betekenis het. Godslasterlikheid word beperk tot die smadende of smalende neerhaal van die Goddelike Drie-eenheid. Lede van die Appèlraad wys ook daarop dat die ydelike gebruik deurgaans funksioneel aangewend is. Dit word byvoorbeeld gebruik om 'n karakter te tipeer of om in 'n bepaalde situasie uitdrukking te gee aan spanning of frustrasie. Die lede wys ook daarop dat die ydelike gebruik meestal deur Engelssprekende karakters gebruik word en dat hulle gebruik 'n laer taboewaarde behoort te dra as dié van Afrikaanssprekende karakters. Die verbod word nou opgehef, nie omdat die sedes en godsdienstige oortuigings of gevoelens so veel verskil van die van 1977 nie, maar omdat die Appèlraad mettertyd meer verdraagsaam oordeel. (Vergelyk ook aantekening 4.)

3. Die vloekwoord moer ressorteer onder hierdie kategorie, want 'n konstruksie soos, Gaan ^{na}_{in} jou moer beveel die aangesprokene as 't ware om weer in sy moeder in te gaan waaruit hy gebore is. Dié vloek hou dus met die seksuele aspek verband. Montagu (1968: 17) sê die tipe vloek kon ontwikkel het na aanleiding van die feit dat bloedskande een van die ergste sosiale oortredings is wat die mens kan begaan. Bloedskande kan egter ook tussen vader en dogter of broer en suster plaasvind. Die bloedskande-idee kan nie heeltemal verontagsaam word nie, want dit kom na vore in vloeke soos, moerneuker en moerfokker. De Vooy's (1947: 276) meen dat die belediging van

h persoon se afkoms aanleiding gee tot die hoon van die moeder. Deur die moeder te vloek, word die aangesprokene direk beledig, wat nie die geval sou wees as die vader beledig sou word nie. Dit verklaar die volgende Engelse vloeke: "Son of a bitch"; "Your mother is a whore". Vergelyk vir Afrikaans:

Moerskont; { Gaan } { na } jou moer;
 { Vlieg } { in }
Jou moer; Moenie my moer vertrap nie.

4. Dit is nie moontlik om die negatiewiteit van hierdie woorde te neutraliseer deur hulle konjunk toe te pas nie. D.H. Lawrence het dit in sy roman Lady Chatterly's Lover probeer doen, maar die hoë taboewaarde wat deur die gemeenskap op hierdie woorde gelê is, het tot die jarelange Suid-Afrikaanse verbod op die betrokke roman gelei. Woorde wat Lawrence vryelik gebruik, is fuck/fucking en cunt, maar hy gebruik hulle nie as vloekwoorde nie. Volgens Lawrence is daar geen gepaste woordeskat om koïtus mee te beskryf nie. Hy beweer:

"They are either described in clinical terms, which deprive them of all emotional content, or they are normally thought to be obscene and coarse." (Rolph 1961: 187).

Lawrence probeer dus om woordeskat te vind waarmee hy koïtus openlik kan beskryf, en om dit te doen, probeer hy die obsene woorde vergoeilik. Hy gebruik hierdie woorde in 'n ernstige konteks, maar slaag nie daarin om hierdie woorde te neutraliseer nie, aangesien die taboewaarde te hoog is om deur die konteks geneutraliseer te word.

Die verbod op Lawrence se boek is in Brittanje in 1960 en in Suid-Afrika in 1980 opgehef. Dit dui op die feit dat waardeoordele relatief is en die gemeenskap se beskouinge voortdurend verander. Vergelyk die opmerking van ene regter Mason:

"There is indeed no absolute criterion of indecency; it varies with the relationship and the age of the individuals concerned, and with the social customs of peoples and the circumstances of each case."

(Geldenuys 1977: 40).

Volgens Geldenuys (1977: 13) is dit heeltemal denkbaar dat die meeste persone in die Suid-Afrikaanse gemeenskap se welvoeglikheidsnorme sodanig kan verander dat selfs die grofste pornografie dit nie kan aantast of skok nie. Volgens hom is daar 'n voortdurende proses van afstomping aan die gang, wat nie ontken kan word nie. Vergelyk byvoorbeeld die opheffings van die verbodsbepalings op Magersfontein en Lady Chatterly.

'n Onderzoek na die afstomping van die taboewaarde van verskillende kategorieë vloekwoorde wag nog om ondersoek te word vir Afrikaans en ander Westerse tale. Daar kan ook aandag gegee word aan die verskil in taboewaarde van die vloekwoordkategorieë in die onderskeie taalgemeenskappe.

5. Wynmoes kraak as dit droog en suur is en dan lyk dit soos blomblare (WAT-magasin).

6. Bleddie is afkomstig uit die Engelse "bloody" wat niks met bloed te make het nie, maar wat ontstaan het uit 'n sametrekking van die woorde: "By our Lady" wat op die Maagd Maria dui (Pei 1949: 250).

7. Vergelyk die minder kragtige taboewaarde van 'n verwensing soos: Jou maai!, met 'n vloek soos: Jou moer! Eersgenoemde het vroeër dieselfde emotiewe krag as moer gedra.

HOOFSTUK 2

DIE SINTAKTIESE OPTREDE VAN VLOEKWOORDE

2.1 LEKSIKALE KATEGORIEË WAARIN VLOEKWOORDE OPTREE

2.1.1 Naamwoorde

Die meeste vloekwoorde kan naamwoordelik gebruik word, òf in hul oorspronklike vorm òf deur middel van affigering.

2.1.1.1 Naamwoordelike vloeke

Die volgende vloekwoorde het 'n naamwoordelike karakter en tree derhalwe onveranderd soos substantiewe op:¹

Wie was daai bliksem wat met my gepraat het?

Hy is 'n bogger.

Ek gee nie 'n dêm om wat gebeur nie.

Donner, hou op met kyk na jou pote! (Louw 1975: 205.)

Wie was daardie ou doos met die dik pens en die black suit? (Brink 1979: 215.)

Vat jou geld en steek dit in jou gat!

God/Jesus/Die Here/Die Heiland weet, vir jou neuk ek!

Vlieg in jou hel!

Steek julle kaarte in julle hol in op. (Joubert 1978: 38.)

Nou is ek te besig met Provinsiale Raadsvergaderings en sulke kak.

Jou kont!

Sy moer, so 'n snotneus: wat weet hy van die lewe af?
(Aucamp 1973: 68.)

Die ou lyk sommer so 'n poep(-hol).

Germaine Greer sou haar beskryf het as 'n onoorspronk=
like shit. (Leroux 1972: 37.)

Jy praat stront.

2.1.1.2 Werkwoordelike vloeke wat as naamwoorde optree

2.1.1.2.1 Naamwoordvorming deur suffigering

Nadat 'n suffiks aan 'n werkwoordelike vloek gevoeg word,
doen laasgenoemde diens as 'n naamwoord.

Hou op met jou foetery.

Sy foeterasie werk op my senuwees.

Julle moet julle neukery nou laat staan.

Jou neuksel!

Maar vertrou die klein neuker my dan nie?

Hier was so 'n klein opfokseltjie.

2.1.1.2.2 Naamwoordvorming deur nulafleiding

Die volgende vloeke het 'n meerfunksionele karakter en kan
naamwoordelik sowel as werkwoordelik optree, maar hulle
kom meestal as werkwoorde voor. In die volgende gevalle
doen hulle as naamwoorde diens.

As dit lyk na neuk, maak ek maar 'n ander plan.

Hoog skyt aan iemand hê.

Hierby kan die naamwoorde fokop en boggerop respektiewelik uit die werkwoorde fok op en bogger op gevoeg word:

Ek is 'n ou fokop van my kop tot by my gat.

Julle twee fokops, kom hier.

Hier gaan 'n boggerop kom.

2.1.1.2.3 Naamwoorde afkomstig uit Engelse werkwoordstukke

Die woorde boggerôl en fokôl is uit die Engelse bugger all en fuck all afkomstig. In Afrikaans het die genoemde woorde hul werkwoordelike karakter verloor en tree deurgaans naamwoordelik op. Hulle tree meestal as sinonieme vir die woord "niks" op.

En tog wil 'n ou nie 'n vrou hê wat boggerôl weet en net kan koskook en brei nie. (Van Straten 1966: 146.)

'n Rand is vandag fokôl werd.

2.1.1.3 Naamwoordfunksies

Naamwoordelike vloekwoorde se sintaktiese optrede is identies aan dié van ander naamwoorde. Hulle vorm ook deel van 'n naamwoordstuk wat volgens Ponelis (1979: 8) die volgende funksies vervul:

i) Onafhanklik uiting

Jou donder!

ii) Disjunk

Daardie hel, hom gaan ek nog neuk.

iii) Onderwerp

Die bliksem is so skuldig soos die hel.

iv) Voorwerp

Moenie kak praat nie!

v) Nukleus van 'n adjunk

Jy kan in jou moer gaan!

2.1.1.4 Vloeknaamwoorde se semantiese waarde

Naamwoorde kan verskillende semantiese waardes hê, naamlik:

- i) 'n kategorie wat slegs serebrale (leksikale) waarde het: stoel, tafel;
- ii) 'n kategorie wat bo en behalwe hul serebrale waarde nog affektiewe waarde ook het: vark, hond, bliksem; en
- iii) 'n kategorie wat slegs affektiewe waarde het. Die kategorie het drie subgroepe, naamlik dié met
 - a) positiewe affek: skat, liefie, hartjie;
 - b) negatiewe affek: drek, vent, skurk; en
 - c) waarderende affek: asjas, klits. Hier sal dit van die gebruiksituasie afhang of hulle 'n negatiewe of positiewe affek gaan dra.

(Ponelis 1979: 582.)

Vloeknaamwoorde dra altyd affek en meestal met 'n negatiewe waarde. Vloekwoorde soos bliksem, donder, doos, gat en moer ressorteer onder groep (ii). Dit sal uit die kon-

teks en/of situasie moet duidelik word watter waarde oorheers.

2.1.2 Werkwoorde

Die volgende verdeling van werkwoordsubkategorieë is moontlik in Afrikaans:

1. Oorganklike werkwoorde
2. Onoorganklike werkwoorde
3. Refleksiewe werkwoorde
4. Voorsetselwerkwoorde
5. Dubbeloorganklike werkwoorde
6. Koppelwerkwoorde
7. Medewerkwoorde

2.1.2.1 Subkategorieë waarin vloekwoorde voorkom

Wat subkategorieë 1 - 4 betref, tree vloekwoorde net soos gewone werkwoorde op.

2.1.2.1.1 Oorganklike vloekwerkwoorde

Hier verbind die oorganklike vloekwerkwoord heg met 'n voorwerp. Die voorwerp se aanwesigheid is verplig, aangesien die sinne sonder voorwerp ongrammatikaal sal wees. Vergelyk:

As julle dit uitsaai, bliksem ek julle.

Die eerste een wat hier uitgaan, donder ek.

(Van Straten 1966: 148.)

Ek hel jou netnou, vuilis.

2.1.2.1.2 Onoorganklike vloekwerkwoorde

Die vloekwoorde kak en skyt word meestal onoorganklik gebruik:²

Jy kan gaan kak!

Hy kan skyt van bangheid.

Kak kan ad hoc oorganklik gebruik word. Vergelyk die dreigement:

Jy kak 'n drol so dik soos jou nek!

Hierdie ad hoc oorganklike gebruik kan konvensioneel word:

Klippe kak.

'n Aap kak.

Terwyl kak en skyt hoofsaaklik onoorganklik optree, vereis die deeltjiewerkwoorde uitkak en volskyt 'n voorwerp:

Ek gaan daardie meisies stink uitkak.

*Hy kan uitkak van woede.

Hy kan sy broek volskyt van bangheid.

*Hy kan volskyt van bangheid.

2.1.2.1.3 Vloekvoorsetselwerkwoorde

Sommige vloekwerkwoorde verbind heg met 'n voorsetselgroep. 'n Vaste voorsetsel met kom hier voor die voorwerpsnaamwoord=stuk voor. Vergelyk:

Hy { neuk
foeter } al heeldag met my.

Die voorsetselgroep kan geskrap word en die vloekwerkwoord

word dan onoorganklik gebruik:

Hy {neuk
foeter} al heeldag.

Beide die woorde neuk en foeter verteenwoordig op sigself twee aparte leksikonitems. Vergelyk:

- 1) Piet {foeter
neuk} Jan.
- 2) Piet {foeter
neuk} met Jan.

By 1 beteken neuk/foeter "slaan" en die werkwoorde is hier verplig oorganklik, aangesien die voorwerp aanwesig moet wees:

*Piet neuk.

By 2 dui die voorsetselwerkwoorde neuk/foeter nie op "slaan" nie, maar byvoorbeeld op "lol" of "lastig wees by". Hier word voorwerpskrapping wel toegelaat:

Piet neuk (al heeldag).

2.1.2.1.4 Refleksiewe vloekwerkwoorde

Die vloekwerkwoord verbind soos ander refleksiewe werkwoorde heg met 'n refleksiewe voornaamwoord. Die refleksiewe vloekwerkwoorde wat opgeteken is, tree beide onoorganklik op:

As jy nou aan die tjank gaan, beskyt ek my wragtag.

Moet jou tog net nie daarvoor volkak nie!

2.1.2.2 Subkategorieë waarin vloekwoorde nie voorkom nie

Daar is geen vloekwerkwoorde in die subkategorieë van dubbeloorganklike, koppel-, en medewerkwoorde nie.

2.1.2.3 Kwasieoorganklike vloekwerkwoorde

By vloekwerkwoorde kom 'n kategorie voor, wat by gewone werkwoorde ontbreek, naamlik kwasieoorganklike vloekwerkwoorde. In hierdie opsig is vloekwerkwoorde dus uniek. Hierdie tipe werkwoord kom by die volgende vloekkonstruksies voor:

$\left. \begin{array}{l} \underline{\text{Bogger}} \\ \underline{\text{Dêm}} \\ \underline{\text{Fok}} \\ \underline{\text{Biedêm}} \end{array} \right\}$	$\left. \begin{array}{l} \underline{\text{jou}} \\ \underline{\text{hom}} \\ \underline{\text{dit}} \\ \underline{\text{die papier}} \end{array} \right\}$!
---	--	---

Op die oog af lyk hulle soos imperatiefkonstruksies wat bestaan uit 'n oorganklike werkwoord gevolg deur 'n voorwerpsnaamwoordstuk sonder 'n eksplisiete onderwerp. Vergelyk byvoorbeeld die ooreenkoms tussen:

Slaan hom! en Fok jou!

2.1.2.3.1 Bewyse dat vloekkonstruksies nie imperatiewe is nie

Quang (1971: 3-5) gee die volgende bewyse waarom konstruksies soos Fok jou! en Bogger dit! in Engels nie imperatiewe is nie:

Eerstens wys hy daarop dat die voornaamwoord wat in hierdie konstruksies voorkom, 'n refleksiewe voornaamwoord moes wees, indien dit 'n imperatiefkonstruksie was. Dit sou dus *Fuck yourself moes lui in plaas van die aanvaarbare Fuck you.

In teenstelling daarmee sal die imperatiefvorm *Assert you onaanvaarbaar wees (Op.cit.: 3).

Afrikaans gebruik weliswaar nie die refleksiewe voornaamwoord só nie. Vergelyk:

Gedra jou! en *Gedra jouself!

Afrikaans het egter die moontlikheid om die emfatiese voor-naamwoord self te gebruik in egte imperatiewe:

Was jou self! (= Moenie verwag iemand anders moet dit doen nie.)

Die kwasieoorganklike vloekkonstruksies laat nie hierdie emfatiese self toe nie:

*{Fok
Bogger} jou self!

Dan gee Quang (Op.cit.: 3) 'n vergelyking tussen die konstruksies waarin imperatiewe voorkom en dié betrokke vloekkonstruksie. Vergelyk die volgende egte imperatiewe:

Moenie jou kos eet nie.

Eet asseblief jou kos.

Gaan eet jou kos.

Wil jy nie jou kos eet nie?

Eet jou kos of jy bly by die huis.

Eet jou kos en ek gee jou 'n rand.

Wanneer 'n vloekkonstruksie in dieselfde imperatiefsinne optree, is dit deurgaans onaanvaarbaar:

*Moenie jou fok nie.

*Fok jou asseblief.

*Gaan fok jou.

*Wil jy jou nie fok nie?

*Fok jou of jy bly by die huis.

*Fok jou en ek gee jou 'n rand.

Wanneer dieselfde voorwerp teenwoordig is, kan egte imperatiewe gereduseer word deur die verbinding van die werkwoorde:

Was en stryk die hemp.

Hierdie reduksie kan nie by dié vloekkonstruksies plaasvind nie:

*Koop en bogger die koerant.

Verder wys Quang (Op.cit.: 4) daarop dat egte imperatiewe saamgevoeg kan word:

Wash the dishes and sweep the floor.

Volgens hom is so 'n verbinding nie moontlik wanneer 'n vloekkonstruksie aanwesig is nie:

*Fuck you and wash the dishes.

*Wash the dishes and fuck you.

In Afrikaans kan hierdie vloekkonstruksies wel saam met egte imperatiewe optree, maar dan moet die vloekkonstruksie die eerste posisie in die samevoeging beklee, aangesien die deel wat emosionaliteit te kenne gee voor die neutrale sinsdeel geplaas word:

Fok jou en doen dit self!

*Doen dit self en fok jou!

Uit die genoemde bewyse kan afgelei word dat die betrokke vloekkonstruksies nie imperatiefkonstruksies is nie. Die vraag ontstaan nou of die vloekwoorde wat hier optree hoe= genaamd soos gewone werkwoorde funksioneer. Quang (Op.cit.: 5) wys daarop dat hierdie vloekkonstruksies geen adverbiale elemente toelaat nie. Vergelyk:

*Bogger dit buitekant.

*Fok jou vanaand.

*Biedem die werk goed.

Op grond hiervan kan gesê word dat hierdie vloekwoorde nie soos "normale" werkwoorde optree nie en daarom noem Quang (Op.cit.: 7) hulle kwasiewerkwoorde. Hierdie kwasiewerkwoorde tree slegs in die betrokke vloekkonstruksies op. Quang dui ook daarop dat hierdie tipe konstruksie nie stellende, vraende of imperatiewe betekenis het nie. Verder sê hy: "One can neither deny nor 'answer' nor 'comply with' such an utterance. These utterances simply express a favorable or unfavorable attitude on the part of the speaker towards the thing or things denoted by the noun phrase." (Op.cit.: 6).

2.1.2.4 Vloekdeeltjiewerkwoorde

Soos gewone werkwoorde gaan vloekwerkwoorde dikwels hegte verbindings met ander elemente (deeltjies) aan sodat die werkwoordelike element en die deeltjie saam 'n leksikale eenheid, 'n hoofwerkwoord vorm (Ponelis 1979: 232). Wanneer 'n vloekwerkwoord in 'n deeltjiewerkwoord omskep word, ver=

hoog die affektiewe waarde en word die spraak- of skryf= styl meer gedramatiseerd en geanimeerd.

Ponelis (Op.cit.: 233-234) gee die volgende tipes deeltjies wat saam met gewone werkwoorde optree:

1. Setselagtige deeltjies - inval.
2. Bywoordagtige deeltjies - binneby.
3. Adjektiwiese deeltjies - besig hou.
4. Naamwoordelike deeltjies - egbreuk.
5. Voorsetselgroep as deeltjie - aan die hand doen.

Hierdie tipes deeltjies tree almal saam met vloekwerkwoorde op.³

2.1.2.4.1 Setselagtige deeltjies

Die volgende is opgeteken:

- Af : kak.
- Op : bogger, donder, foeter, fok, hel, moer, neuk.
- Uit : foeter, hel, kak, moer, neuk.

2.1.2.4.2 Bywoordagtige deeltjies

Soos by gewone deeltjiewerkwoorde het hulle meestal loka= tiewe betekenis (Ponelis op.cit.: 234). Vergelyk:

- Aan : bliksem, bogger, donder, foeter, fok, moer, neuk.
- Af : bliksem, foeter, fok, hel, neuk.
- Dwars : neuk.

<u>In</u>	:	donder, foeter, neuk.
<u>Om</u>	:	foeter, neuk.
<u>Rond</u>	:	donder, foeter, fok, neuk.
<u>Terug</u>	:	foeter, fok, neuk.
<u>Voort</u>	:	donder, fok, neuk.
<u>Weg</u>	:	donder, foeter, fok, neuk.

2.1.2.4.3 Adjektiwiese deeltjies

Die volgende is opgeteken:

<u>Dood</u>	:	bliksem, donder, neuk.
<u>Nat</u>	:	pis.
<u>Reg</u>	:	donder, foeter, moer, neuk.
<u>Vas</u>	:	donder, moer, neuk.
<u>Vol</u>	:	kak, skyt.
<u>Wakker</u>	:	donder, neuk.

2.1.2.4.4 Naamwoordelike deeltjies

Hierdie tipe deeltjie word selde met die vloekwoord as werkwoordelike element aangetref. Die enigste voorbeelde wat opgeteken is, is:

- n Aap kak.
- Klippe kak.

Dit gebeur meer frekwent dat die deeltjie uit 'n vloekwoord bestaan wat met 'n gewone werkwoord koppel. Vergelyk:

gatkruip

gatilek

gatomgooi

helgee

<u>kak</u>	{	<u>anjaag</u>
		<u>droogmaak</u>
		<u>praat</u>
		<u>skiet</u>
		<u>verkoop</u>

(nie) kak vat (nie)

moer trek

skyt hê (aan iets).

2.1.2.4.5 Voorsetselgroep as deeltjie

Weer eens word 'n vloekwoord as werkwoordelike element nie so dikwels aangetref nie. Die volgende vloekwerkwoorde wat met voorsetselgroepe as deeltjies verbind, is opgeteken:

op sy kop
 { in sy hand } kak
in sy oor pis
in een pot skyt

Dit kan ook gebeur dat die vloekwoord deel van die voorsetselgroep uitmaak wat as deeltjie optree. Vergelyk:

{in
na} POSS {donder
hel
moer} {loop
gaan
vlieg}

op POSS {donder
hel
moer} {kry
speel
gee}

in die kak trap.

2.1.2.4.6 Die valensie van vloekwoorde vir deeltjies

Die volgende tabel toon die valensie van vloekwoorde vir die onderskeie tipes deeltjies:

Tipes Deeltjies

		Adjek= tiwies	Setsel= agtig	Bywoor= delik	Voorset= selgroep	Naamwoor= delik
1.	bliksem	✓	✓	✓	—	—
2.	bogger	✓	✓	✓	—	—
3.	donder	✓	✓	✓	—	—
4.	foeter	✓	✓	✓	—	—
5.	fok	✓	✓	✓	—	—
6.	hel	✓	✓	✓	—	—
7.	moer	✓	✓	✓	—	—
8.	neuk	✓	✓	✓	—	—
9.	pis	✓	—	—	✓	—
10.	skyt	✓	—	—	✓	—
11.	kak	✓	✓	—	✓	✓

Uit bogenoemde tabel kan afgelei word dat nie alle vloekwoorde 'n valensie vir dieselfde tipe deeltjie het nie. Ad=

jektiewiese deeltjies tree saam met alle vloekwerkwoorde op. In afnemende orde van frekwensie volg dan: setselagtiges, bywoordelikes, voorsetselgroepe en naamwoordelikes. Vloekwerkwoorde 9-11 vertoon 'n ander valensie vir deeltjies as dié onder 1-8, omdat eersgenoemde die enigste is wat nie saam met bywoordelike deeltjies optree nie. Aan die ander kant is hulle die enigste wat 'n voorsetselgroep as deeltjie neem (vergelyk par. 2.1.2.4.5). Kak se valensie verskil op sy beurt weer van dié van pis en skyt, aangesien hierdie vloekwoord soos al die ander vloekwerkwoorde, behalwe pis en skyt saam met setselagtige deeltjies optree (vergelyk par. 2.1.2.4.1). Die vloekwoord kak tree verder uniek op in dié opsig dat dit die enigste vloekwoord is wat met 'n naamwoordelike deeltjie 'n hegte verbinding sluit (vergelyk par. 2.1.2.4.4).

2.1.3 Adjektiewe

2.1.3.1 Adjektiewiese optrede van vloekwoorde

Die volgende tabel kan vir adjektiewiese vloekwoorde op grond van sintaktiese en morfologiese kenmerke opgestel word.⁴

	Attribu= tief	Predika= tief	Trappe van vergelyking
1. bebliksemd(e)	✓	✓	✓
2. bedonderd(e)	✓	✓	✓
3. befoeterd(e)	✓	✓	✓
4. befok(te)	✓	✓	✓
5. beneuk(te)/s(te)	✓	✓	✓
6. moerig(e)	✓	✓	✓
7. kak ⁵	✓	✓	✓
8. poep	✓	✓	✓
9. stront	✓	✓	✓
10. hels	✓	✓	✓ ⁶
11. boggers	✓	✓	—
12. bliksemse	✓	—	—
13. donderse	✓	—	—
14. moerse	✓	—	—
15. verdomde	✓	—	—
16. bleddie	✓	—	—
17. blessit(se)	✓	—	—
18. dêm	✓	—	—
19. fokken	✓	—	—
20. dêmmitse	✓	—	—
21. dessit(se)	✓	—	—

Uit hierdie tabel kan afgelei word dat daar 'n gradiënt van adjektiwiteit onder die vloekwoorde bestaan. Die vloekwoorde wat al die genoemde funksies verrig, is meer adjektiwies as dié wat in slegs een posisie optree. Vloekwoorde is met ander woorde nie almal ewe adjektiwies nie. In dié

opsig is hulle net soos nie-vloekwoordelike adjektiewe.

Semantiese verskille kan aanleiding gee tot die onderskeide in adjektiwiteit. Adjektiewe 1-9 is almal karakteriserend van aard en gee ook sprekershouding teenoor die naamwoord wat bepaal word. Hulle bepaal die naamwoord direk en derhalwe het hulle so 'n sterk adjektiewiese karakter. Adjektiewe 11-21 gee slegs die spreker se houding weer teenoor dit waaroor hy praat en is bloot indekse van emosionaliteit. Hulle is nie beskrywings of karakteriserings van 'n naamwoord of naamwoordstuk nie. Hulle het die semantiese onderskeiding "sprekersingesteldheid" en daarom is hulle minder adjektiewies as dié onder 1-6.

Naamwoorde en naamwoordstukke wat gewoonlik nie deur adjektiewe voorbepaal word nie, kan deur 11-21 voorbepaal word. Dit dui daarop dat die adjektiewiese vloekwoord emosionaliteit te kenne gee oor die saak wat deur die bepaalde naamwoord of naamwoordstuk genoem word, en nie die naamwoord of naamwoordstuk karakteriseer nie. Vergelyk die volgende sinne:

Ek het dan nou net fokken R6 000 vir die bliksemse kar betaal.

Vandag gaan ons weer fokken niks vang nie.

Net blerrie gister het ek die kar gewas.

2.1.3.2 Adjektiwiese voorbepalende vloekwoorde by eiename vereis 'n bepaalde determineerder of die deiktiwiese voorbepaling SO 'N of SULKE

Persoonsnaamstukke verbind met houdingswoorde, lieuwe Fanus, of met affektiewe voorbepalings, ou Koos. Die persoonsnaamstukke met affektiewe voorbepalings word opsioneel deur 'n determineerder voorafgegaan: (die) arme Leon (Ponelis 1979: 116).

Wanneer 'n vloekwoord as adjektiwiese voorbepaler by 'n persoonsnaamstuk optree, word die, hierdie, daardie of die deiktiwiese voorbepaling so 'n of sulke vereis.

$$\left. \begin{array}{l} \underline{\text{Die}} \\ \underline{\text{Hierdie}} \\ \underline{\text{Daardie}} \end{array} \right\} \underline{\text{fokken Johan}} \text{ het toe nooit opgedaag nie.}$$

*Fokken Johan het toe nooit opgedaag nie.

$$\text{Ek kan } \left\{ \begin{array}{l} \underline{\text{die}} \\ \underline{\text{hierdie}} \\ \underline{\text{daardie}} \end{array} \right\} \underline{\text{blerrie Naas}} \text{ nie verdra nie.}$$

*Ek kan blerrie Naas nie verdra nie.

So 'n donderse Anna!

Sulke blerrie Rossouws!

In hierdie opsig is vloekwoordelike adjektiewe net soos nie-vloekwoordelike adjektiewe.

2.1.4 Adjunkte

2.1.4.1 Sinsadjunkte

Vloekwoorde wat as adjunkte optree, het meestal op die hele sin betrekking en kan nie net tot 'n werkwoordstuk beperk word nie. Vergelyk:

Indien hy 'n kafee sou begin het, sou sy dêmwel die kasregister moes behartig. (Leroux 1976: 69.)

Die term sinsadjunk word gebruik hoofsaaklik ten opsigte van houdings-, skakel- en versamelingsadjunkte (Ponelis 1979: 290).

2.1.4.1.1 Houdingsadjunkte

Wanneer vloekwoorde as sinsadjunkte funksioneer, tree hulle altyd as houdingsadjunkte op. Houdingsadjunkte kan gekategoriseer word in kleur- of stelligheidsadjunkte en oordeelsadjunkte (Op.cit.: 294).

2.1.4.1.1.1 Kleur-/stelligheidsadjunkte

Kleuradjunkte dui versterking of versagting aan van die inhoud van die sin wat gebruik word (Op.cit.: 298). Vloekwoorde wat as kleuradjunkte diens doen, tree altyd versterkend op. Die onderneming in sinne met kleuradjunkte ten opsigte van die geldigheid van die bewerings wat in die sinne gemaak word, is heelwat stelliger as in hul teenhangers waarin dié versterkers ontbreek. Vergelyk:

Neutraal: Hy doen niks.

Versterk: Hy doen gods-op-aarde niks.

Vergelyk ook die volgende versterkende vloekadjunkte:

Ek is {die fok weet
godweet} so vies.

Bly in godsnaam net stil!

Staak dit om godsnaam tog!

Dit help jou gods-in-die-wêreld niks om te kla nie.

Ek het gisteraand gods-op-die-aarde niks gedoen nie.

Om Jesuswil hou tog op met die lawaai. (WAT V: 44.)

Ek weet wragtag nie.

Wil jy nou wragtag waar sê ek lieg?

Jou wragtig, dis net hulle.

Ek is so waar as wragtig nie van plan om hom sy sin te gee nie.

2.1.4.1.1.1.1 Versterkende negatiefadjunkte

Vloekwoorde tree dikwels in negatiefkonstruksies as versterkende negatiefadjunkte op. Hulle versterk die negatiewe waarde van die uitspraak. Die algemeenste vloeknegatiefadjunk is not 'n dêm. Let daarop dat die Engelse ontkenningsspartikel not behoue bly, alhoewel nie ook voorkom. Vergelyk:

En dink julle ek kan die hêppie middeweg straik? Not 'n dêm! (Van Straten 1966: 156.)

Ek sal nie 'n dêm gaan nie!

Die volgende negatiefadjunkte is na analogie van bogenoemde gevorm:

Dit maak nie h bliksem saak waar dit jou bring nie.

O, not h donder! Ek gaan nie weer nie!

Ek gee nie h fok om nie.

Ek sê nou vir jou: ek gaan not h hel op Colesberg toe.

Dit traak my nie h moer wat jy doen nie!

2.1.4.1.1.2 Oordeelsadjunkte

Oordeelsadjunkte gee 'n (waarde-)oordeel van die spreker oor die res van die sin te kenne (Ponelis 1979: 309). Die oordeel wat deur vloeke oorgedra word, is meestal negatief, behalwe in 'n geval soos:

Hulle het goddank nie gekom nie

waar die vloekadjunk vervang kan word deur:

Hulle het gelukkig nie gekom nie.

In die volgende gevalle dra die vloekwoorde almal negatiewe oordeel:

Hy moet nou blerriewil gou maak.

Ek is nou dessitôl moeg om al die vuilwerk te doen.

Nou doen ek donderswil niks verder nie.

Hy moet jou sommer fokken "fire".

Dis oor hier fokkenwil so baie Transvalers is dat 'n mens nie parkeerplek kry nie.

Sy kan verdomp minstens hoflik wees.

2.1.4.2 Graadadjunkte

Vloekwoorde tree ook dikwels as graadadjunkte op. Vergelyk:

Hy het my goddelooslik verneuk.

Hy het haar godsgruwelik mishandel.

Sy kan hels te kere gaan.

Ek gaan nog heluit terugverlang Stellenbosch toe.

Hy't my in my eerste jaar ook moer-uit beïndruk.

Ek het moers gespook om los te kom.

Ek sal hom verdomp mis.

2.1.4.3 Intensiveringsadjunkte

Hierdie tipe adjunk toon 'n noue ooreenkoms met die vloekwoorde wat as versterkende kleuroperateurs optree. Dié vloekwoorde tree egter nie versterkend op ten opsigte van die hele sin nie, maar slegs ten opsigte van 'n bepaalde werkwoord. Vergelyk:

Jy kan dit self blerrie dra.

Hier kan dit gebeur dat die vloekwoord sy negatiewe waarde verloor en bloot as intensiveerder diens doen:

Jy sal moet blerrie hardloop!

2.1.5 Graadwoorde

Adjektiewe kan deur vloekwoorde voorbepaal word. Die vloeke tree met ander woorde as graadwoorde in adjektief=

stukke op.

2.1.5.1 Vloekwoorde wat as graadwoorde optree

Vergelyk die volgende gevalle:

Ek is al blerrie moeg om my dik te vreet aan brood.

(Van Straten 1966: 43.)

Maar my God, vir wat was hulle so dêm onnosel?

(Brink 1978: 29.)

So kaksleg het ek die Maties lank laas sien speel.⁷

Die vloekwoorde blerrie, dêm en kak tree deurgaans onverboë as graadwoorde op. Die vloekwoorde bliksem en donder vereis die suffiks -s om as graadwoord te kan funksioneer.

Vergelyk:

Hy's te bliksems kort.

Hulle het dit donders goed geweet.

Die vloekwoorde blessit, dessit, hel en moer neem as graadwoorde opsioneel 'n suffiks. Vergelyk:

Blessit(s) - Op sulke nagte loop die spoke nie eens rond nie, so blessit koud is dit. (Miles 1973: 11.)

Sy's darem blessits onnosel.

Dessit(s) - Dit was darem dessit warm.

Moenie so dessits lui wees nie.

Hel(s)/(-uit) - Dit was hel seer, maar ek het gehou.
 Dis hels koud buitekant.
 Amper sê ek iets hel-uit tea=traal. (Van Straten 1966: 182.)

Moer(s)/(-uit) - Dis moer interessant om na die ander 'boys' te sit en kyk.
 Hy is moers lui.
 Ek was daai aand moer-uit down.

Wanneer die vloekwoord verdomp in 'n predikatiewe adjektiefstuk as graadwoord funksioneer, moet dit onverboë optree:

So { verdomp / *verdomde } vrot is ek nog nie.

Wanneer verdomp in 'n attributiewe adjektiefstuk as graadwoord optree, is die vorm wat suffigering ondergaan gebruikliker as die suffikslose vorm:

Dis 'n { verdomde / ?verdomp } kwaai hond wat na my toe storm.

In hierdie opsig stem verdomp se optrede met gewone graadwoorde ooreen. Vergelyk:

Attributief: Dis 'n dodelike siek man.

Dis 'n gruwelooslik(e) stout kind.

Predikatief: Die man is dodelik siek.

Die kind is gruwelooslik stout.

Die vloekwoord fokken word baie frekwent as graadwoord gebruik:

Ek is fokken haastig.

Vergeleke met die werkwoord/selfstandige naamwoord fok ver=toon die graadwoord fokken sowel as die adjektief fokken 'n uitgang -en, maar dis nie 'n suffiks nie, want -en tree nêrens elders in Afrikaans so op nie. -en is dus 'n unieke uitgang wat slegs by die graadwoord en adjektief fokken voorkom. Dié -en is afkomstig uit die Engelse -ing in fucking. Sien par. 3.1.7 vir 'n verdere bespreking van leenmorfologie.

2.1.5.2 Vloekgraadwoorde by intensiewe en vergelykingsadjek= tiewe

Gewone graadwoorde word in hul optrede saam met intensiewe en vergelykingsadjektiewe beperk, deurdat dié adjektiewe reeds gegradeer is. 'n Konstruksie soos *dis { baie }
effens vuurwarm is ongrammatikaal. Dit wil egter nie sê dat geen graadwoorde met dié adjektiewe verbind nie. Vergelyk:

dis absoluut pikswart

dis te grasgroen na my smaak

Daar is nie 'n beperking op die vloekgraadwoorde se optrede saam met dié tipe adjektiewe nie. Die volgende is opgeteken:

Dis blerrie doodeenvoudig man.

Dis oor jy nog bliksems bloedjonk is dat jy so dink.

My arm is dêm morsaf.

Die ding is donders morsdood.

Die perd is fokken hondmak.

2.1.5.3 Vloekgraadwoorde kan 'n positiewe waarde hê

Wanneer 'n adjektief neutraal of negatief affektief is, het die vloekgraadwoord 'n negativerende affek in die hele adjektiefstuk, en via die adjektiefstuk, in die hele naamwoordstuk. Maar as die adjektief positief affektief is, is die vloekgraadwoord nie negatief affektief nie, maar net intensiverend. Vergelyk:

Hy is 'n donders lui dosent.

Hy is 'n donders goeie dosent.

Dieselfde geld vir vloekadjektiewe. Wanneer die naamwoord neutraal of negatief affektief is, het die vloekadjektief 'n negativerende affek in die hele naamwoordstuk. Maar as die naamwoord positief affektief is, is die vloekadjektief nie negatief affektief nie, maar net intensiverend. Vergelyk:

Wat se fokken kos was dit nie!

Wat se fokken fees was dit nie!

2.1.5.4 Graadwoorde en adjunkte

Alhoewel graadwoorde en adjunkte dikwels in dieselfde sintaktiese posisie optree, kan die verskil in funksie veral by vloekwoorde duidelik aangetoon word. Vergelyk:

1. Jy moet nou blerrie gou maak.
2. Jy moet nou blerriewil gou maak.

Die blerrie in 1 is 'n graadwoord wat die adjektief gou gradeer. Deur -wil se byvoeging in 2 is die vloekwoord hier 'n sinsadjunk wat die spreker se houding te kenne gee. Ofskoon hulle in dieselfde posisie, voor die hoofwerkwoord diens doen, het hulle verskillende sintaktiese funksies. Ander gevalle wat sintakties so gedifferensieer word, is:

Ek is { bliksems
bliksemwil } moeg van jou gesanik.

Jy kan { donders
donderswil } bly wees dis verby.

En dan is hy nog { dêm
dêmwil } onnosel ook.

Laat ons mekaar nou { fokken
fokkenwil } mooi verstaan.

Jy moet { blesstit
blesstitwil } hard werk.

Die water is { dessit
dessitwil } koud.

2.1.6 Interjeksies

Interjeksies is een van die primitiefste maniere van klank= uiting. Dit is egter 'n meer geartikuleerde uiting van gevoel as die proses van huil, lag, gil of skree. Die belangrikste kriterium by die interjeksie is dat dit op niks anders betrekking het as op die emosies of ander psigiese instellings van die spreker nie. Die interjeksie is met ander woorde 'n direkte aanduiding van die spreker se gevoelens op die tydstip van uiting.

Die meeste vloekwoorde kan as interjeksies optree, omdat hulle soos die ander interjeksies 'n manier is om die spreker se gevoelens te lug.

2.1.6.1 Vloekinterjeksies se optrede

Vloekwoorde kan op die volgende wyses as interjeksies optree:

- i) alleenstaande
- ii) in verbinding met die voornaamwoorde my en jou
- iii) na ander, gewone interjeksies in interjeksiekonstruksies.

2.1.6.1.1 Alleenstaande vloekinterjeksies

Alle vloekwoorde wat as interjeksies optree, kan alleenstaande as interjeksies diens doen. Hulle kan in die rand van die sin (inisiel of finaal), of binne-in die sin verskyn. Vergelyk die optrede van die volgende vloekwoorde:

Ag nee, bliksem!

Dêmmit, dat ek nou wragtag aan die slaap moes raak.

(Van Straten 1966: 136.)

Hel, ek is bly!

Ek weet ek het jou laat weet wanneer ek kom, maar

hel, om jou hier te sien ... (Aucamp 1978: 97.)

Nou, maar jissus daar's baie mense met ses kinders.

Verdomp, laat ek suip as ek wil!

Doen dit om sy onthalwe, verdomp!

2.1.6.1.2 Voornaamwoorde plus vloekwoorde as interjeksies

My en jou kan in konstruksie tree met sommige vloekwoorde en die hele konstruksie tree dan as interjeksie op. Dié interjeksies is idiomaties van aard: die voornaamwoorde kan nie as besitsaanduiders beskou word nie. Vloekwoorde wat so optree, is:

<u>My</u>	}	<u>bliksem</u>	!
		<u>donder</u>	
		<u>hel</u>	
		<u>Heiland</u>	
		<u>Here</u>	
		<u>God</u>	
		<u>Jesus</u>	
		<u>magtag</u>	

Jou wragtag!

By bostaande kan ook die vloekinterjeksie gevoeg word wat by sprekers wat skrik voorkom:

O jou gat!

Die vloekwoorde wat hier optree, kan almal (behalwe gat) alleenstaande as interjeksies voorkom:

Donder, jy het my kwaad gemaak!

Jesus, hou op met skree!

Wragtag! Lyk sy presies so of het jy haar bietjie mooier gemaak? (Van Straten 1966: 3.)

2.1.6.1.3 Vloekwoorde wat interjeksionaal na ander interjeksies optree

Sommige interjektiewe vloekwoorde kan deur ander interjeksies voorafgegaan word. Die gewone interjeksies dui die werklike sensasie aan wat die spreker beleef, byvoorbeeld pyn, warmte, ongeduld of afsku. Die vloekwoord wat direk op dié interjeksie volg, dra affek en dit intensiveer die uitdrukking van die emosie wat ervaar word. So 'n vloek se gevoelswaarde is heftiger as dié van die gewone interjeksie.

Hoe feller die emosie is wat deur die interjeksie weergegee word, hoe negatiewer sal die affektiewe waarde van die vloekwoord word. "Mak" vloekwoorde sal dus eerder saam met soe as saam met eina optree, want soe hoef nie noodwendig pyn te impliseer nie. Dit lei tot interjeksies soos:

Soe, magtig!

Eina, bliksem!

Ander voorbeelde is:

Ai, dèmmitt!

O, donder!

O, fokkit!

O, God/Here!

Sies, hel!

Ag, Jissus!

Eina, moer!

Ag, stront!

Let daarop dat die gewone interjeksie een sensasie of emosie kan verwoord en die daaropvolgende vloekinterjeksie n ander, byvoorbeeld eers pyn, dan woede, in Eina, fok!

2.1.6.2 Vloekwoorde wat nie as interjeksies optree nie

Sekere plat en vloekwoorde wat n duidelike werkwoordelike karakter het, doen nie as interjeksies diens nie. Dis gevalle soos:

foeter, neuk, pis, poep, skyt

Ander vloekwoorde wat nie interjektief optree nie, is:

blerrie en hol

Vergelyk die volgende ongrammatikale sinne:

*Skyt, moenie my so laat skrik nie!

*Ai blerrie, maar ek is moeg.

2.2 VOORNAAMWOORDE WAT IN VASTE VERHOUDINGS MET VLOEKWOORDE VOORKOM

Die voornaamwoorde wat meestal saam met vloekwoorde optree, is my en jou. Die optrede van die twee vorme speel n belangrike rol by affekaanduiding.

2.2.1 My

Wanneer my in verbinding met n vloekwoord optree, toon dit dat die spreker direk by die uiting betrokke is. Dié tipe

vloek weerspieël die spreker se subjektiewe betrokkenheid en dui hoegenaamd nie op besitting nie. Dit gee byvoorbeeld die spreker se eie ontsteltenis, verontwaardiging of verbasing te kenne. Hierdie vloekkonstruksie vel nie 'n oordeel oor die aangesprokene of besprokene nie.

My tree meestal saam met die volgende vloekwoorde op:

My {
 God
 Here
 Jesus
 Heiland
 hel
 magtig } !

Die volgende konstruksies is na analogie van bogenoemde gevorm:

My {
 bliksem
 dêmmit
 donder
 fok
 shit } !

My tree nie saam met alle naamwoordelike vloeke op nie.

Vergelyk:

*My {
 bogger
 drol
 gat
 hol
 kak
 moer
 skyt
 stront } !

Die voornaamwoord my kan vervang word deur die meervoudige voornaamwoord onse. Onse kom egter slegs by 'n subgroep van die my-vloekwoorde voor. Vergelyk:

Onse	}	bliksem donder ⁸ God Here Heiland hel Jesus magtig	!
------	---	--	---

Die volgende konstruksies is ongebruiklik:

*Onse	}	dêmmit fok shit	!
-------	---	-----------------------	---

Die affektiewe waarde van konstruksies waarin onse optree, is hoër as dié waarin my optree. Hierdie onse is van die voornaamwoord in die konstruksie onse Vader afkomstig. Dis waarskynlik die rede dat onse meestal voor religieuse vloekwoorde optree. Die suffiks -e is verpligtend voordat ons in vloekkonstruksies kan optree. Vergelyk:

*Ons	}	God Here Heiland	!
------	---	------------------------	---

Bogenoemde tree slegs as vokatiewe in byvoorbeeld gebed-situasies op.

Waar die suffiks -e 'n plegtigheidsmerker in die konstruksie onse Vader is, het dit hier geen semantiese waarde, behalwe subjektiewe betrokkenheid. Dit gee dan ook nog majesteit en volheid aan dié betrokkenheid. Onse as affektiewe merker tree uitsluitlik by vloekwoordgebruik op. In gewone taalgebruik kan onse nie as affektiewe merker optree nie. Vergelyk:

*Daar val onse duur kos op die grond!

2.2.2 Jou

Jou tree in die volgende drie tipes konstruksies saam met vloekwoorde op:

1. Vokatiefkonstruksies
2. Besitsaanduidende konstruksies
3. Idiomatiese konstruksies

2.2.2.1 Vokatiefkonstruksies

Die tipe konstruksie kom voor wanneer die spreker afstand tussen hom en die aangesprokene wil skep. Deur die gebruik van jou distansieer die spreker hom van die aangesprokene, terwyl my gebruik word om persoonlike betrokkenheid te kenne te gee. Vergelyk:

Jou bliksem teenoor My liefling.

By affektief hooggelaaide troetelwoorde kan jou egter ook voorkom. Vergelyk: Jou skattebol, kom hier! My en jou kan dus beide hier optree. My kan nooit in 'n negatiewe

vokatiefkonstruksie optree nie:

*My donder, kom hier!

2.2.2.1.1 Gebruik van dié konstruksie

Volgens Zwickey (1974: 798) word dié konstruksie op die volgende maniere gebruik:

i) As aanloop vir 'n bevelsin:

Jou moerskont, gee die boek hier!

ii) As uitroep:

Jou donder!

iii) As vokatief:

Kom hier, jou bliksem!

Hierdie konstruksie kan nie referensieel optree nie. Vergelyk:

*Jou helsem was tevrede met sy punte.

*Hier kom jou bliksem weer aangestap.

2.2.2.1.2 Vloekwoorde wat in dié konstruksie optree

Die volgende vloekwoorde tree hier op:

	}	bliksem	
		bogger	
		donder	
		hel	
Jou		kak	!
		moerskont	
		stront	
		wetter	

Die meervoudige voornaamwoord julle kan in jou se posisie optree voor 'n meervoudige naamwoord:

Julle donders, bly nou stil!

2.2.2.1.3 Elliptiese taalgebruik

Die konstruksietipe Jou bliksem kan geparafraseer word as Jy is 'n bliksem. Oorspronklik was dit nie 'n vokatief=konstruksie nie. Dit is 'n tipiese voorbeeld van die ellips wat volgens Calitz (1979: 24) die karakteristieke sinsvorm van die sterk gevoel is. Woorde wat deur die spreker of hoorder bygedink of veronderstel kan word, word hier weggelaat, omdat dit vertragend sou inwerk en die uitdrukking verswak.

2.2.2.1.4 Indirekte vloekkonstruksie

Wanneer die voornaamwoord jou deur so 'n vervang word, word besprokene (indirek) gevloek, in teenstelling met die gebruik van jou waar die aangesprokene (direk) gevloek word. So 'n kan jou vervang waar die persoon wat gevloek word nie meer die aangesprokene is nie, maar die besprokene. Vergelyk:

So 'n { bliksem
donder
hel
moerskont }

Hierdie tipe konstruksie kan ook nie referensieel gebruik word nie. Let daarop dat 'n mens nie met die aanwysende (wat beklemtoond is) so 'n te make het nie, want dan sou die volgende sinne grammatikaal wees:

*So 'n bliksem is met niks tevrede nie.

*Die pryse sal so 'n moerskont seker nie tevrede stel nie.

2.2.2.2 Besitsaanduidende konstruksie

Die besitlike voornaamwoord jou kan voor vloekwoorde optree. Dit is gevalle soos:

Jou { gat
(poep-)hol
moer }

Wanneer die vloeke op die besprokene dui, word jou deur die derde persoonsvoornaamwoorde haar/sy vervang:

Haar gat
{ } { }
Sy moer

Die meervoudige voornaamwoorde tree voor 'n meervoudige vloeknaamwoord op:

Julle
{ } gatte.
Hulle

2.2.2.2.1 Onpersoonlike besitsaanduidende konstruksie

Wanneer hierdie tipe vloek nie direk tot 'n sekere persoon gerig word nie, word die genitiefsvorm se plus 'n vloekwoord

gebruik.

Vergelyk byvoorbeeld 'n dosent wat baie opleeswerk van sy studente verwag en laasgenoemde reageer met:

Se gat, ek sal dit nie doen nie.

Daar word implisiet na die dosent verwys, maar deur die kern van die besitlike voornaamwoord nie te noem nie, het die vloekkonstruksie 'n onpersoonlike kleur.

Die konteks waarin die uiting optree, vereis egter nie altyd 'n gerigtheid nie. Dit kan met ander woorde ook optree sonder om op 'n spesifieke referent betrekking te hê.

2.2.2.3 Idiomatiese konstruksies

Die volgende konstruksietipe word hier bespreek:

Jou {gedorie
wragtag}!

Hierdie affektiewe jou vorm 'n vaste verbinding met die betrokke vloek of swets waarmee dit saam optree. Daar kan nie ander elemente tussen jou en die vloekwoord ingevoeg word soos by die vokatief- en besitsaanduidende konstruksies nie. Vergelyk:

jou verdomde bliksem!

jou blerrie gat!

*jou donderse wragtag!

Jou is dus nie-besitlik, maar terselfdertyd ook nie-vervangbaar.⁹ Die meervoudige voornaamwoord kan nie in jou se plek

optree nie:

*Julle wragtags!

Hierdie affektiewe jou kom slegs voor by die vloekwoord wragtag en sy onderskeie swetse. Dit word ook by die swets gedorie aangetref:

Jou	}	wragtag wragtie wrintlik warempel werklik gedorie	}	!
-----	---	--	---	---

Die versterkende partikel waar tree hier op met dieselfde versterkende effek as by eerlik waar, regtig waar en sweerlik waar. Vergelyk:

Jou {wragtag
gedorie} waar!

2.3 IMPERATIEWE OPTREDE VAN VLOEKWOORDE

Vloekimperatiewe kan in vier subkategorieë verdeel word, naamlik:

1. Onoorganklikes
2. Oorganklikes
3. Refleksiewes
4. Gewone werkwoorde wat idiomaties met 'n vloek=voorsetselgroep verbind.

2.3.1 Onoorganklike vloekimperatiewe

Onoorganklike vloekimperatiewe tree normaalweg nie alleenstaande soos gewone onoorganklike werkwoorde as imperatiewe op nie. Hulle staan meestal in konstruksie met 'n afsonderlike imperatiefwerkwoord, gaan of loop:

Gaan	kak
{ }	{ } !
Loop	skyt

Deeltjievloekwerkwoorde kan egter sonder gaan of loop imperatiwies gebruik word. In hierdie opsig tree hulle net soos gewone deeltjiewerkwoorde op. Vergelyk:

Foeter op!

Neuk aan!

Donder maar voort!

Ag, fok op, man!

Die volgende imperatiefvloeke tree ook alleenstaande op:

Boggerôf!

Fokôf!

Pissôf!

Die -ôf-vorm moet as 'n kwasi-deeltjie gesien word en hoort semanties by die ander vloekdeeltjiewerkwoorde, alhoewel daar sintakties reeds bewys is dat hulle nie vloekdeeltjiewerkwoorde is nie.³

2.3.2 Oorganklike vloekimperatiewe

Beide enkel- en deeltjievloekwerkwoorde tree soos gewone

enkel- en deeltjiewerkwoorde hier op. Die konstruksies bestaan uit 'n vloekimperatiefwerkwoord plus 'n voorwerp met 'n implisiete onderwerp. Vergelyk:

Bliksem hom! - Slaan hom!

Donder dit reg! - Maak dit reg!

Neuk dit plat! - Slaan hom plat!

2.3.3 Refleksiewe vloekimperatiewe

Net soos by gewone refleksiefimperatiewe is die implisiete onderwerp jy soos in Gedra jou tog nou! Vergelyk:

Beskyt jou tog nou!

Kak jou nou vol daaroor!

2.3.4 Werkwoorde wat idiomaties met 'n vloekvoorsetselgroep verbind

Gewone werkwoorde verbind hier idiomaties met 'n vloekvoorsetselgroep om 'n imperatiefkonstruksie te vorm. Vergelyk:

Gaan in jou hel!

Loop na jou donder!

Vlieg in jou hel!

Kruip in jou moer!

Fletter in jou moer!

Die werkwoorde wat in hierdie imperatiefkonstruksies optree, het almal die waarde [+ Beweging weg vanaf die spreker].¹⁰

Die sintaktiese verbinding moet 'n betekeniswaarde hê wat distansiëring vanaf die spreker aandui. Daarom kan kom nie in die paradigma optree nie:¹¹

*Kom { in jou moer
na jou donder } !

2.3.4.1 Gaan/Loop plus vloekwerkwoord/vloekvoorsetsgroep


Die volgende redes kan aangevoer word waarom gaan/loop en nie kom nie hier optree: Combrink (1981: 9-10) bewys aan die hand van Afrikaanse taaldata dat gaan idiomaties gebruik word vir 'n toestandsverandering ten kwade, terwyl kom idiomaties gebruik word vir 'n toestandsverandering ten goede. Vergelyk:

tot bekering kom

bankrot gaan

Verder wys Combrink (Op.cit.: 10) daarop dat die evaluatiewe gebruik van gaan aandui dat die eindtoestand van die sake wat in die sin genoem word deur die spreker afgekeur word, terwyl die evaluatiewe gebruik van kom te kenne gee dat die eindtoestand van sake wat in die sin genoem word deur die spreker goedgekeur word. Volgens Combrink (op.cit.: 11) is gaan die werkwoord van onbetrokkenheid, van nie-solidariteit, van objektiwiteit en gedistansieerdheid, terwyl kom die werkwoord van betrokkenheid, van solidariteit en simpatie is.


Dit verklaar hoekom gaan en saam daarmee loop, vlieg en kruip, maar nié kom nie in vloekkonstruksies optree. Vergelyk:




2.4 VLOEKSETSELGROEPE

2.4.1 Vloeknaamwoordstuk + Agtersetsel

By hierdie konstruksietipe tree die vloekwoord as naamwoordelike element voor die agtersetsel in op:



Hierdie konstruksie tree slegs na koppelwerkwoorde op:



Dit maak my die moer in.

Ander werkwoorde sal ongrammatikale konstruksies lewer:

*Ek $\left\{ \begin{array}{l} \underline{\text{gaan}} \\ \underline{\text{loop}} \\ \underline{\text{staan}} \end{array} \right\} \underline{\text{die moer in.}}$

2.4.1.1 Vloekwoorde wat in dié konstruksie optree

Slegs die volgende vloekwoorde kan hier diens doen:¹²

Dit maak my die $\left\{ \begin{array}{l} \underline{\text{bliksem}} \\ \underline{\text{donder}} \\ \underline{\text{hel}} \\ \underline{\text{moer}} \end{array} \right\} \text{in.}$

Die volgende vloekwoorde tree nie in die konstruksie op nie:

*Ek is die $\left\{ \begin{array}{l} \underline{\text{bogger}} \\ \underline{\text{fok}} \\ \underline{\text{gat}} \\ \underline{\text{God}} \\ \underline{\text{Here}} \\ \underline{\text{Jesus}} \\ \underline{\text{kak}} \\ \underline{\text{stront}} \end{array} \right\} \text{in.}$

Verder tree geen vloekadjektiewe, -werkwoorde, -adjunkte, of -interjeksies op nie:

*Ek is die $\left. \begin{array}{l} \text{blerrie} \\ \text{skyt} \\ \text{verdomp} \\ \text{wragtag} \end{array} \right\}$ in.

2.4.1.2 Die vloeknaamwoord vereis 'n bepaalde lidwoord

Die vloeknaamwoord in hierdie konstruksie moet deur 'n bepaalde lidwoord gespesifiseer word. Onbepaalde lidwoorde of besittlike voornaamwoorde lewer ongrammatikale konstruksies. Vergelyk:

*Ek was 'n donder in vir jou.

*Hy was sy moer in vir haar.

Heel dikwels word die affektiewe de hier aangetref. Vergelyk:

Ek was de donder in.

Hierdie de word volgens die WAT II: 46 as nadruklike lidwoord gebruik "om spesiaal die aandag by die betrokke naamwoord en die handeling te bepaal, veral ter suggerering van 'n gevoel van onbehaaglikheid of misnoeë of die skepping van 'n gespanne atmosfeer". Die de sal dus groter nadruk aan die vloeknaamwoord verleen en sodoende 'n hoër affektiewe waarde aan die vloeksetselgroep verleen. Die spreker openbaar 'n negatiewer houding deur die gebruik van de as wat by die sou blyk. De tree ook by die volgende vloekkonstruksies op:

Wat de donder wil jy hê?

Hoe de moer moet ek dit weet?

2.4.1.3 Setselgroep kan voorbepaal word

Hierdie setselgroepe kan deur graadwoorde voorbepaal word.

Vergelyk konstruksies soos:

Ek was dik die donder in.

Hy was lelik die bliksem in.

Sy maak my so de moer in.

2.4.1.4 Vaste posisie van setsel

By nie-vloekwoordgebruik kan die setsel in dieselfde posisie as by vloekwoordgebruik optree:

1. Ek was die huis/kamer/kafee in, maar daar was niks.

'n Tangsetselgroep kan ook by nie-vloekwoordgebruik optree:

2. Ek was in die huis in, maar daar was niks.

Die voorsetsel in kan verder deur 'n ander voorsetsel, byvoorbeeld by vervang word:

3. Ek was by die huis in, maar daar was niks.

'n Voorsetsel kan by nie-vloekwoordgebruik alleen gebruik word, alhoewel so 'n groep se semantiese waarde van dié van 1 sal verskil:

4. Ek was in die huis, maar daar was niks.

In hierdie vloeksetselgroep kan die setsel in nie vervang, verskuif of aangevul word nie. Vergelyk:

*Ek was in die donder in vir hom.

*Ek was in die donder vir hom.

*Ek was by die donder in vir hom.

Hieruit kan afgelei word dat hierdie vloekkonstruksie idiomaties van aard is, want dit het slegs betekenis indien die setsel op sy normale posisie, dit wil sê na die vloeknaamwoordstuk, optree. Wanneer voorsetsels bygevoeg, verskuif, of deur ander setsels vervang word, verloor die konstruksie sy betekenis. Dit het dus alleenlik as eenheid semantiese waarde.

2.4.2 Voorsetsel + Vloeknaamwoordstuk

2.4.2.1 Adjektiwiese vloekvoorsetselgroep

Adjektiwiese vloekvoorsetselgroepe soos die volgende tree as kopulapredikate op:

Hy is deur die $\left. \begin{array}{l} \text{kak} \\ \text{pis} \\ \text{stront} \end{array} \right\} .$

Let daarop dat die hele voorsetselgroep deur 'n enkele adjektief vervang kan word:

Hy is verstrooid.

Hierdie voorsetselgroep is idiomaties van aard, aangesien geen element waaruit die konstruksie bestaan vervangbaar is nie. Die voorsetsel deur is vas. Vergelyk:

*Hy is $\left\{ \begin{array}{l} \underline{\text{met}} \\ \underline{\text{oor}} \\ \underline{\text{te}} \end{array} \right\} \underline{\text{die kak.}}$

Weer eens is 'n bepaalde lidwoord 'n vereiste en kan 'n onbepaalde lidwoord of voornaamwoord nie hier optree nie:

*Hy is deur $\left\{ \begin{array}{l} \underline{\text{n}} \\ \underline{\text{sy}} \end{array} \right\} \underline{\text{stront.}}$

Afgesien van die vaste voorsetsel en lidwoord tree slegs genoemde drie vloekwoorde as naamwoordelike element in die voorsetselgroep op. Vergelyk:

*Hy is deur die $\left\{ \begin{array}{l} \underline{\text{bliksem}} \\ \underline{\text{bogger}} \\ \underline{\text{donder}} \\ \underline{\text{gat}} \\ \underline{\text{God}} \end{array} \right\} .$

2.4.2.2 Refleksiewe vloekvoorsetselgroep

Hieronder ressorteer gevalle soos:

1. Hy kry op sy $\left\{ \begin{array}{l} \underline{\text{hel}} \\ \underline{\text{donder}} \\ \underline{\text{moer}} \end{array} \right\} .$

2. Sy $\left\{ \begin{array}{l} \underline{\text{speel}} \\ \underline{\text{gee}} \end{array} \right\}$ hom op sy $\left\{ \begin{array}{l} \underline{\text{hel}} \\ \underline{\text{donder}} \\ \underline{\text{moer}} \end{array} \right\} .$

Die refleksiewe voorwerpsgenitief is hier verpligtend:

*Hy kry op $\left\{ \begin{array}{l} \underline{\text{jou}} \\ \underline{\text{haar}} \end{array} \right\} \underline{\text{hel.}}$

*Sy gee hom op $\left\{ \begin{array}{l} \underline{\text{haar}} \\ \underline{\text{jou}} \end{array} \right\} \underline{\text{hel.}}$

Verder is die voorsetsel op vas:

*Hy kry $\left\{ \begin{array}{l} \underline{\text{deur}} \\ \underline{\text{met}} \\ \underline{\text{oor}} \end{array} \right\} \underline{\text{sy hel}}.$

By 2 word die voorsetselgroep voorafgegaan deur 'n voorwerp waarmee die voorwerpsgenitiefsvoornaamwoord korreleer. Die voorsetselgroep by 2 kan nie as voorwerp gesien word nie, aangesien passivering nie moontlik is nie. Vergelyk:

*Op sy hel word deur haar aan hom gegee, teenoor
n Klap word deur haar aan hom gegee.

Die volgende tipe vloekkonstruksie bevat ook 'n refleksiewe vloekvoorsetsel:

In/Na jou $\left\{ \begin{array}{l} \underline{\text{bliksem}} \\ \underline{\text{donder}} \\ \underline{\text{hel}} \\ \underline{\text{moer}} \end{array} \right\} \left\{ \begin{array}{l} \text{vlieg} \\ \text{gaan} \\ \text{loop} \end{array} \right\}$

Jy kan in jou moer vlieg.

Beide die voorsetsels in en na kan hier optree, maar enige ander voorsetsel sal 'n ongrammatikale konstruksie tot gevolg hê:

* $\left\{ \begin{array}{l} \underline{\text{deur}} \\ \underline{\text{oor}} \\ \underline{\text{op}} \end{array} \right\} \underline{\text{jou moer gaan}}.$

Vergelyk verder par. 2.3.4.1.

'n Refleksiewe voorsetselgroep is net soos 'n adjektiwiese voorsetselgroep deel van 'n vaste uitdrukking en het slegs

in sy bestaande vorm semantiese waarde.

2.4.3 Vloekgroepvoorsetselkonstruksie

Hierdie groepvoorsetselkonstruksie bestaan uit 'n vloeknaamwoordstuk met vaste voorsetsels aan weerskante daarvan. Dis is gevalle soos:

$$\left\{ \begin{array}{l} \underline{\text{na die}} \\ \underline{\text{te}} \end{array} \right\} \left\{ \begin{array}{l} \underline{\text{donder}} \\ \underline{\text{hel}} \\ \underline{\text{moer}} \end{array} \right\} \underline{\text{met}} \text{ die werk!}$$

Die voorsetsels te en na vorm 'n hegte verbinding met die vloeknaamwoordstuk as die voorsetsel met, aangesien daar geen voorbepaling tussen te en na en die vloeknaamwoordstuk kan voorkom nie. Vergelyk:

* na die
 { } blerrrie donder met die werk!
te

Tussen die vloeknaamwoordstuk en met kan byvoorbeeld 'n adjunk ingevoeg word:

na die
 { te } hel nou met jou gekla!

Die deiktiese voornaamwoordelike daar en hier kan ook in hierdie posisie optree:

te hel daarmee!
na die donder hiermee!

Beide hierdie voorsetsels moet saam optree om dié vloekkonstruksie aanvaarbaar te maak:

* $\left. \begin{array}{l} \text{na die} \\ \text{te} \end{array} \right\} \text{donder} \text{ jou gekla!}$

* donder met jou gekla!

Die voorsetsels te of na en met is vas en geen ander voorsetsel kan hier optree nie. Vergelyk:

* $\left. \begin{array}{l} \text{in} \\ \text{onder} \\ \text{ten} \end{array} \right\} \text{hel met die werk!}$

* $\left. \begin{array}{l} \text{na die} \\ \text{te} \end{array} \right\} \text{hel} \left. \begin{array}{l} \text{van} \\ \text{deur} \\ \text{aan} \end{array} \right\} \text{die werk!}$

Die vloekwoorde wat as naamwoordstuk in hierdie konstruksie optree, word ook beperk. Die volgende tree op:

$\left. \begin{array}{l} \text{na die} \\ \text{te} \end{array} \right\} \left. \begin{array}{l} \text{donder} \\ \text{hel} \\ \text{moer} \\ \text{bliksem} \end{array} \right\} \text{met}$

Die volgende vloeknaamwoordstukke doen nie hier diens nie:

* $\left. \begin{array}{l} \text{na die} \\ \text{te} \end{array} \right\} \left. \begin{array}{l} \text{bogger} \\ \text{fok} \\ \text{gat} \\ \text{Here} \\ \text{hol} \\ \text{kak} \\ \text{stront} \end{array} \right\} \text{met}$

By die groepvoorsetselkonstruksie na die donder met is 'n bepaalde lidwoord verpligtend:

*na donder met die werk

Die bepaalde lidwoord kan ook nie vervang word met 'n onbepaalde lidwoord of 'n voornaamwoord nie:

*na $\left\{ \begin{array}{l} \underline{n} \\ \underline{jou} \\ \underline{sy} \end{array} \right\}$ donder met die werk.

2.4.4 Die konstruksie "vloeknaamwoordstuk + setsel + voorwerpsvoornaamwoord"

Dit is die konstruksietipe:

(ag) $\left\{ \begin{array}{l} \underline{Kak} \\ \underline{Stront} \end{array} \right\}$ met $\left\{ \begin{array}{l} \underline{jou} \\ \underline{haar} \\ \underline{hom} \end{array} \right\}$!

Slegs die vloekwoorde kak en stront kom hier voor. Vergelyk:

*Ag, $\left\{ \begin{array}{l} \underline{Bliksem} \\ \underline{Bogger} \\ \underline{Donder} \\ \underline{Fok} \\ \underline{Hel} \\ \underline{Jesus} \\ \underline{Moer} \\ \underline{Pis} \\ \underline{Skyt} \end{array} \right\}$ met jou!

Weer eens is die voorsetsel met vas:

*Kak $\left\{ \begin{array}{c} \text{op} \\ \text{oor} \\ \text{te} \end{array} \right\}$ jou!

Let daarop dat hier verkieslik 'n voorwerpsvoornaamwoord na die voorsetsel met moet volg. Dis onfrekwent om 'n naamwoordstuk te hê:

Stront met $\left\{ \begin{array}{c} \text{die werk} \\ \text{die professor} \end{array} \right\}$!

'n Persoonsnaam sal geredeliker optree:

Stront met Piet!

Hierdie konstruksie sowel as die groepvoorsetselkonstruksies tree beide interjektief op en word meestal gebruik as verwensings, met byna dieselfde betekeniswaarde, ten opsigte van die aangesprokene of besprokene. Vergelyk:

Te hel met hom!

Stront met hom!

2.4.5 Samevatting

Die volgende setsels kom in vloeksetselgroepe voor:

deur : deur die pis wees

in : die moer in wees

in sy moer wees

met : kak met jou

te hel met jou

na : na sy moer gaan

na die moer met die werk

op : op sy moer kry
te : te moer met jou

In al die genoemde vloeksetselgroepe kan die betrokke set-sel nie vervang, verskuif of aangevul word nie. Hierdie vloeksetselgroepe vorm dus almal verbindings wat idiomaties van aard is.

2.5 DIE KONSTRUKSIE "VRAAGWOORD PLUS VLOEKADJUNK"

Hierdie konstruksietipe bestaan uit 'n vraagwoord wat deur 'n vloekadjunk gevolg word:

1. Hoe {die/de} donder moet ek dit regkry?
2. Waar op Gods aarde moet ek nou R100 vandaan uitkrap?

Dié konstruksie dien as versterker vir spesifieke vraag-sinne. Die neutrale vorm vir byvoorbeeld 1 sal wees:

Hoe moet ek dit regkry?

2.5.1 Vraagwoorde en vloekadjunkte wat hier optree

Die volgende konstruksies is gebruiklik:¹³

{ <u>Hoe</u> <u>Hoekom</u> <u>Hoeveel</u> <u>Waar</u> <u>Waarom</u> <u>Wanneer</u> <u>Wat</u> <u>Wie</u>	{ <u>de bliksem</u> <u>de donder</u> <u>de fok</u> <u>de hel</u> <u>de moer</u>
--	--

Die vraende pro-adjektiewe het geen valensie vir vloekadjunkte nie:

* $\left. \begin{array}{l} \underline{\text{Wat}} \\ \underline{\text{Watter}} \\ \underline{\text{Welke}} \end{array} \right\} + \text{vloekadjunk}$

Let op:

Wat de donder se brousel het sy weer vanáánd gaargemaak?

*Wat se de donder(se) brousel het sy weer vanáánd gaargemaak?

Welke is buitendien 'n merker van formele taalgebruik; daarom sal vloekadjunkte wat uitsluitlik tot informele en substandaardtaalgebruik behoort, nie voorkom nie.

Die volgende vloekwoorde tree nie na 'n vraagwoord as vloekadjunk op nie:

*Waar de $\left. \begin{array}{l} \underline{\text{bogger}} \\ \underline{\text{gat}} \\ \underline{\text{hol}} \\ \underline{\text{kak}} \\ \underline{\text{stront}} \end{array} \right\} \dots$

2.5.2 Sintaktiese posisies van optrede

Hierdie konstruksietipe tree in die volgende posisies op:

2.5.2.1 Spesifieke vraagsinne

Die begin van spesifieke vraagsinne is die algemeenste posisie waarin dié konstruksie voorkom:

Nou hoe {die/de} bliksem kan hulle verwag dat ek daar moet wees?

Wat de donder makeer jou dan?

Nou waar de fok wil jy my ontmoet?

Waar de hel gaan ek die geld in die hande kry?

Wat de moer help die pos my waar jy so oor brag?

(Brink 1978: 301.)

2.5.2.2 Betreklike bysinne

Hierdie konstruksie kom ook aan die begin van 'n betreklike bysin voor:

Nou kan jy sien wat {die/de} moer vir my voorlê.

Ek weet nie waar de fok hy bly nie.

Ek weet wat de donder hy weer beplan.

2.5.2.3 Interjeksies

Dié konstruksie kan interjektief optree:

... dis net wanneer als so beneuks raak dat ek dink wat-die-hel ek drink 'n paar doppe. (Louw 1975: 204.)

Sam, wat de hel, maak toe daai bleddie deur, die WIND! (Miles 1973: 71.)

Wat die donder! Wat het jy daar? (Miles 1973: 71.)

2.5.3 Vraagwoorde in vaste verbinding met setsels kan nie hier optree nie

Vraagwoorde wat vaste verbindings met sekere setsels aangaan soos waardeur, waarin, waarmee, waarop, waarvan kan nie in genoemde vorm saam met vloekadjunkte voorkom nie. Skeiding tussen die vraagwoord en setsel moet eers plaasvind voordat optrede moontlik is. Vergelyk.

*Waarop de hel wil jy slaap? teenoor

Waar de hel op wil jy slaap?

en Waar de hel wil jy op slaap?

Verdere soortgelyke voorbeelde is:

Nou waar de donder mee wil jy my vashou?

En waar de bliksem oor is jy vies?

My kop is seer en ek weet nie waar de hel van nie.

2.5.4 'n Bepaalde lidwoord word vereis

'n Bepaalde lidwoord word as spesifiseerder by die vloeknaamwoord vereis. 'n Onbepaalde lidwoord of voornaamwoord kan nie hier optree nie:

*Hoe 'n donder wil jy dit gedoen kry?

*Wie $\left. \begin{array}{l} \text{jou} \\ \text{my} \\ \text{sy} \end{array} \right\}$ bliksem het dit gesê?

De doen meestal as bepaalde lidwoord diens, alhoewel die ook baie voorkom. Die is hoofsaaklik in die skryftaal aangetref, terwyl de deurgaans in die spreektaal voorgekom het. De het 'n groter affektiewe waarde as die en die ge=

bruik daarvan sal groter nadruk aan die vloeknaamwoord verleen. Deur die gebruik van de openbaar die spreker groter negatiwiteit as wanneer die gebruik sou word. Aangesien hierdie konstruksietipe gewoonlik baie hoog affektief gelaai is, is dit te verstane dat de in die spreektaal aange-tref word. Vergelyk verder par. 2.4.1.2.

Skryftaalvoorbeelde waarin die opgeteken is, is die volgende:

Wat die donder! Wat het jy daar?

(Miles 1973: 28.)

Nou wat die hel makeer jou?

(Barnard 1963: 106.)

Wat-die-hel het ek met my pa te doen?

(Louw 1975: 177.)

Wat die hel! (Van Straten 1970: 26.)

2.5.5 Vraagwoord plus vloekadjunk vorm 'n hegte eenheid

Sagarin (1962: 151) beskou dié konstruksie as 'n gevolg van vloekwoordinvoeging. Volgens hom vind dieselfde verdeling deur middel van 'n vloeknaamwoordstuk plaas as wat die geval is by vloekwoordinvoeging wat by samestellings voorkom.

Vergelyk:

Dis vuurblerriewarm vandag.

Packard (1946: 71) het vir die vloekwoordverdeelde samestellings die term schizoverbia gebruik. Na aanleiding daarvan noem Sagarin konstruksies soos,

Wie de donder loop daar?

schizophrasia. Daardeur impliseer hy dat die oorspronklike vraag, Wie loop daar? in twee dele verdeel word, naamlik:

Wie (de donder) + loop daar?

Die vloeknaamwoordstuk de donder word dus binne-in die vraag gevoeg. Vir hom is bogenoemde konstruksie dieselfde as die volgende geval waar vloekwoordinvoeging wel voorgekom het:

Dis kwart oor fokken vier.

Sagarin beskou enige konstruksie waar die verwagte sintagmatiese verhouding verbreek word deur die invoeging van 'n vloekwoord as schizophrasia.

Hierdie tipe vloekwoordtoevoeging kan nie as 'n konstruksie gesien word wat tweedeling bewerkstellig nie. Veel eerder moet die vraagwoord plus die vloeknaamwoordstuk as 'n eenheid gesien word waar die vloekadjunk optree om die spesifieke vraagwoord te versterk.

'n Bewys dat dié konstruksie 'n hegte eenheid vorm, is die feit dat hy alleenstaande as interjeksie kan optree. Hy kan dus diens doen sonder dat daar 'n sin is waarin hy gevoeg word en volgens Sagarin tweedeling bewerkstellig.

2.6 TOEVOEGINGS EN NABEPALINGS BY VLOEKWOORDE

Volgens Calitz (1979: 105) het Afrikaans nie so baie verwensings met skertsende, versterkende, ironiese en ander

toevoegings soos Nederlands nie. Een van die Nederlandse voorbeelde wat hy noem, is:

Loop na den bliksem en help donderen.

Die volgende Afrikaanse vloekkonstruksies is aangeteken waar daar toevoegings of nabepalings aanwesig is.

2.6.1 Toevoeging

Toevoeging by Afrikaanse vloekkonstruksies is meestal in die vorm van 'n imperatiefsin wat op 'n voorafgaande vloek=imperatiefsin volg. Die eerste imperatiefsin kan alleenstaande optree, maar die toegevoegde sin verleen 'n skertsende waarde aan die verwensingsbevel. Vergelyk die volgende voorbeelde:

Wens in die een hand, kak in die ander (en kyk in watter hand die meeste is).

Gaan kak (in die see (en was jou gat/hol in Sout= rivier/asyn)).

Kak in die pad en gly daarin.

Kak in jou hand en gly huis toe. (WAT V: 145.)

Sy kak op sy kop en dan vryf sy dit nog in ook.

2.6.2 Nabepaling

Nabepalings by vloekwoordkonstruksies kom soos volg voor:

- i) as bysin wat as adjunk van resultaat/graad funksioneer;
- ii) as adverbiale wat as adjunkte funksioneer.

2.6.2.1 Die bysin as adjunk van resultaat/graad

Hierdie nabepalings verleen versterkende waarde aan die volgende vloekdreigemente:

Jou gaan ek onder jou gat skop dat jou neus bloei.

(Van Straten 1970: 101.)

Ek sal hom so ophel dat hy ses tree in sy eie stront gly.

Vir hom gaan ek bliksem dat die snot 'n "scarf" om sy nek maak.

2.6.2.2 Adverbiale as adjunkte

Die adverbiale wat as adjunkte dien, het meestal die vorm van 'n nabepalende voorsetselstuk. Hierdie nabepalings kan die vloekkonstruksies se negatiewe waarde verhoog, maar aan die ander kant kan dit die negatiewe waarde versag deur 'n humoristiese inslag aan die vloekkonstruksie te gee.

2.6.2.2.1 Versagende nabepalings

Die volgende nabepalings versag die negatiewe waarde van die vloekkonstruksie deur 'n humoristiese toon daaraan te verleen:

Hy lyk soos 'n drol met 'n veer op.

Dis die drol in die drinkwater.

Hy is 'n regte kakhuis met 'n staandak. ('n Nikswerd.)

Dis stront met strepies. (Onsin.)

'n Poep op 'n lappie / 'n Poep op 'n lap.

Hy lyk soos 'n verdwaalde poep in 'n strontstorm/possak.
Jou moer op toast.

Die volgende konstruksies kan hier genoem word:

Not 'n moer, sê die boer.

Not 'n fok, sê die bok.

Not 'n donder, sê djou honour.

Hierdie negatiewe vloekadjunkte word ook versag deurdat 'n rymende nabepaling bygevoeg word. Hierdie rymende elemente verleen net soos by die reedsgenoemde vloekkonstruksies 'n humoristiese toon aan die betrokke vloekkonstruksies. Vergelyk par. 4.2.3 vir 'n verdere bespreking van rymende vloekkonstruksies.

2.6.2.2.2 Versterkende nabepalings

Die volgende nabepalings verhoog die negatiewe waarde van die betrokke vloekkonstruksies. Vergelyk:

Nee, maar jy's befok in jou kop.

Jou gat op 'n stok!

Laer as slangkak se skade onder seespieël.

(Louw 1975: 30.)

Laer as die skaduwee van haaikak op die bodem van die see. (Brink 1978: 203.)

Skyt in jou broek, man!

2.7 SAMEVATTING

In hul optrede as lede van die onderskeie leksikale kategorieë toon vloekwoorde 'n noue ooreenkoms met gewone woorde se optrede. Vloekwoorde gaan egter met voornaamwoorde, voorsetsels en vraagwoorde vaste verhoudinge aan wat nie by ander naamwoorde voorkom nie. In hierdie opsigte toon vloekwoorde 'n unieke sintaktiese optrede.

AANTEKENINGE

1. Blerrie en dêmmit tree selde as naamwoorde op. Blerrie word meestal as adjektief of graadwoord gebruik, terwyl dêmmit gewoonlik as interjeksie diens doen. In die volgende voorbeeldsinne tree beide egter naamwoordelik op:

"Jou ou blêrrie," sê Kolie. (Louw 1975: 36.)

... die skoene maak sy voete seer, die ou blêrries. (Op.cit.: 40.)

Ek gee nie 'n dêmmit om nie.

Die naamwoordelike gebruik van dié twee woorde doen aan as agterlik.

2. Drol en verdomp word selde as werkwoorde gebruik, maar wanneer hulle wel so diens doen, tree hulle slegs onoor-ganklik op.

Gaan drol, man!

Die blomme verdomp om te groei.

3. Die vloekwoorde boggerôf en fokôf (afkomstig uit die Engelse bugger off en fuck off) lyk soos deeltjiewerkwoorde, maar ôf is nie 'n Afrikaanse deeltjie nie. Vergelyk die verledetydsvorm van dié konstruksies met dié van 'n gewone deeltjiewerkwoord:

<u>gefokôf</u>	→	* <u>geafklim</u>
<u>geboggerôf</u>		
* <u>ôfgefok</u>	→	<u>afgeklim</u>
* <u>ôfgebogger</u>		

Vergelyk ook die vloekkonstruksies se gebruik saam met modale medewerkwoorde:

Hy wil { boggerôf } → *Hy wil klim af.
 { fokôf }
Hy wil * { ôfbogger } → Hy wil afklim.
 { ôffok }

Hieruit kan afgelei word dat boggerôf en fokôf nie vloek=deeltjiewerkwoorde is nie.

4. Die plat woord drol kan ook adjektiwies optree, maar dit gebeur selde. Die enigste sin wat opgeteken is, lui:

Moenie vir jou bedrold hou nie!

5. Bewysdata vir kak, poep en stront se adjektiwiese optrede is:

ATTRIBUTIEF - Dis 'n kak boek.

Hy is 'n poep dosent.

Dit was nou 'n stront fliiek.

PREDIKATIEF - Die motor lyk regtig kak.

Die konsert was poep.

Haar rok lyk stront.

GRAADTRAPPE - Gister het ek op my kakste gevoel.

Dis die poepste kar wat ek al bestuur het.

Moenie stronter houdings as hy hê nie.

6. Slegs een geval is opgeteken waar hels 'n vergrotende vorm het:

Daardie opgevoede dokter was 'n helser vloek as die twee barbaarse folteraars. (Langenhoven, C.J. Versamelde Werke I. Kaapstad 1935: 367.)

Die vloekadjektiewe hels en boggers tree soos volg predikatief op:

Dis nou { hels
boggers }!

7. Kaksleg is 'n intensiewe kompositum wat soos 'n vergelykingsadjektief lyk. Vergelyk: grasgroen. Kaksleg is egter gradeerbaar, want dit het 'n relatiewe trap kakkerig sleg wat nie by ander vergelykingsadjektiewe voorkom nie: *grasserig groen. Daarom beskou ek hierdie konstruksie as bestaande uit 'n graadwoord kak plus adjektief sleg.
8. Die konstruksie hond se doilie is 'n eufemistiese vervorming van die vloekkonstruksie: onse donder.
9. Volgens die WAT V: 72 is die jou in modale sinne soos byvoorbeeld dit was vir jou 'n lekker harde hou ongeveer gelyk aan wragtig, wraggies, verbrands, werklik, maar dit het eintlik net versterkende gevoelswaarde en verteenwoordig die etiese datief. Hierdie etiese datief word gebruik ter aanduiding daarvan dat iets die verbasing, verwondering of ongeloof wek. As voorbeeld word die volgende uitroep gegee: begryp jou!, bid jou aan!, verbeel jou!, jou waarlik!.

Die WAT V: 73 sê verder dat daar aansluitend by uitroepes soos jou gat/voet ook uitdrukkings voorkom met 'n nabepaling soos jou doring/skurk/vabond waarin jou geen besittelyke verhouding aandui nie, maar alleen vokatief is en ongeveer die waarde van jy het in 'n sin soos:

Jy, af daar van die gras!

10. Nie alle werkwoorde wat beweging weg van die spreker impliseer, tree in hierdie konstruksie op as hulle idiomaties moet funksioneer nie. Vergelyk:

*Beweeg in jou moer.

*Ry in jou donder.

11. Die werkwoord wat die naaste aan die spreker kom by hierdie konstruksie, is die koppelwerkwoord IS.

Ek is in my {donder / moer}.

12. Die vloekwoord dêm kan ook hier optree, maar dis ongewoon:

Dit maak my die dêm in.

13. Daar is ook opgeteken:

Wat de dêm dink jy doen jy?

Wie de wetter dink sy is sy?

HOOFSTUK 3

DIE MORFOLOGIESE GEDRAG VAN VLOEKWOORDE IN AFRIKAANS

In hierdie hoofstuk sal aan die afleidings-, samestellings-, sowel as die invoegingsmoontlikhede van vloekwoorde aandag gegee word. Daar sal dus gekyk word na die rol van vloekwoorde in die woordbouprosesse van Afrikaans.

3.1 AFLEIDINGSMOONTLIKHEDE VAN VLOEKWOORDE

By elke leksikale kategorie sal die onderskeie kategorie-interne en kategorieskeppende affikse behandel word wat saam met vloekwoorde optree. Affigering wat naamwoord-, werkwoord-, adjunk- en interjeksievorming tot gevolg het, sal bespreek word.

3.1.1 Naamwoordvorming

3.1.1.1 Affikselose funksiewisseling

Sommige vloekwoorde wat normaalweg as werkwoorde optree, kan sonder affigering funksiewisseling ondergaan en as naamwoorde diens doen. Die betrokke vloekwoorde tree slegs in uitsonderlike gevalle as naamwoorde op. Hulle behou hulle werkwoordelike karakter tot 'n groot mate. Vergelyk:

Die neuk het Vrydag laatmiddag al gekom. (Rapport, Sportrapport 23.1.1977: 1.)

Neuk soek.

Hoog skyt aan iemand hê.

3.1.1.2 Naamwoordskeppende affikse

Die prefiks ge- vorm vloeknaamwoorde uit werkwoorde. Ver= gelyk:

Wat vir 'n gedôner is dit so met jou saam?

(Heiberg 1957: 153.)

Kry end met jou gefoeter!

Dis nou 'n geneuk.

Hierdie nominaliserende ge- kan by alle gewone werkwoorde en werkwoordstukke optree. Vergelyk:

'n gemors, 'n geskree, 'n getjank, 'n getrourok soek,
hierdie gelâat gaan slaap en vroeg opstaan.

By al bogenoemde voorbeelde is ge- 'n draer van negatiewe affek. Hierdie negatiewiteit wat ge- kan dra, verklaar waarom dit so geredelik saam met vloekwerkwoorde optree.

Die volgende suffikse vorm vloeknaamwoorde uit vloekwerk= woorde:

- asie: foeterasie
- er: neuker, skyter
- erd: poepert, skytert
- ery: foetery, neukery
- sel: neuksel, opfoksel, skytsel

Uit vloekadjektiewe word ook naamwoorde gemaak deur middel van die suffiks -geit:

bedonderdgeit, befok(t)geit, bemoerdgeit

Let daarop dat die formele variant van die suffiks -geit, naamlik -heid normaalweg nie by vloekwoordgebruik voorkom nie. Bedondertheid en befoktheid pas nie by informele of substandaardtaal nie.

3.1.1.3 Kategorie-interne affikse by vloeknaamwoorde

Hier word aandag gegee aan die suffikse wat meervouds- en diminutiefvorming teweegbring. Die meervoudsreël wat vir Afrikaanse simplekse nomina geld, kan ook op Afrikaanse simplekse vloeknomina toegepas word.¹ Die meervoudsuffikse -e en -s kom dus in dieselfde omgewings by beide gewone en vloeknomina voor. Vergelyk:

gatte, helle

bliksems, donders

Vloekwoorde se meervoudsvorming is met ander woorde volkome soos dié van nie-vloekwoorde. Net so stem vloeknomina se diminutiefvorming ooreen met dié van nie-vloekwoorde. Vergelyk:

-ie: pissie, kakkie

-pie: bliksempie

-tjie: dondertjie, helletjie

3.1.1.3.1 Diminutiefsuffiks as affekmerker

Diminutiefsuffikse wat saam met vloeknomina optree, dui meestal nie verkleining aan nie, maar hulle is affekmerkers wat versagterend of versterkend van aard kan wees.

Die negatiewe waarde van vloekwoorde kan versag word deur die byvoeging van 'n diminutiefsuffiks. Vergelyk die volgende sinne:

Dondertjie maar ek was kwaad.

Helletjie, toe ek my oë uitvêe toe staan die predikant daar in die deur. (Van Straten 1966: 137.)

Hy het hom skoon poepies geskrik.

Veral sommige godslasterlike vloekwoorde is geneig om dié tipe verkleining te ondergaan:

Ag {Heretjie
Heilandjie} tog!

Let daarop dat God en Jesus nooit so verklein word nie:

*Ai {godjie
jesussie} tog!

Hulle neem wel dikwels diminutiefsuffikse in hul eufemistiese vervormings:

Ai {gottatjie
jissie} wat nou?

Die negatiewe affek van 'n bepaalde vloekwoord kan ook versterk word deur die optrede van 'n diminutiefsuffiks. Vergelyk:

Bliksempie, vir jou sal ek nog kry!

Die aangesprokene wat reeds deur bogenoemde vloekwoordstam in 'n negatiewe lig gestel is, word nou deur die gebruik van die diminutiefsuffiks verkleineer en geringgeskat. Die diminutiefvorm het dieselfde effek hier as in 'n sin soos:

Mannetjie, jy moet in jou spoor trap!

3.1.1.3.2 KLEIN as voorbepaler by 'n vloeknaamwoord

Vloeknaamwoorde kan sonder 'n diminutiefsuffiks na klein verskyn. Vergelyk:

$\left. \begin{array}{l} \text{Die} \\ \text{Jou} \\ \text{So 'n} \end{array} \right\}$	<u>klein</u>	$\left. \begin{array}{l} \text{bliksem} \\ \text{donder} \\ \text{kak} \\ \text{stront} \end{array} \right\}$!
---	--------------	---	---

Bogenoemde optrede geld vir alle swaar-affektiewe naamwoorde.

Vergelyk:

Jou klein skat!

Die klein asjas!

So 'n klein snotlepel!

Daarnaas kan diminutiefsuffikse ook voorkom:

Jou klein skatjie!

Die klein asjassie!

So 'n klein snotlepeltjie!

Hoe minder hewig die affek, hoe meer word die diminutiefsuffiks by naamwoorde vereis deur klein:

Die klein ventjie.

?Die klein vent.

*Die klein venster.

Klein wat as bepaler optree by naamwoorde wat nie swaar affektief gelaai is nie, vereis naamwoorddiminutivering in Afrikaans. Dit kan soos volg geformuleer word:

$$\left[\begin{array}{c} \text{KLEIN} \\ \text{(-swaar affek)} \\ \text{N} \\ \text{NS} \end{array} \right] \Rightarrow \left[\begin{array}{c} \text{KLEIN} \\ \text{(N + DIM)} \\ \text{N} \\ \text{NS} \end{array} \right]$$

Klein wat in 'n vloekkonstruksie soos die klein donder optree, dui in die eerste instansie op fisieke grootte. Dit wil sê hierdie konstruksie kan hoofsaaklik gebruik word teenoor iemand wat klein van persoon is. Tweedens gee klein affek te kenne en in hierdie geval dui dit daarop dat die besprokene/aangesprokene deur die spreker geringgeskat word. Die spreker voel verhewe bo die besprokene/aangesprokene en derhalwe word dié vloekkonstruksie normaalweg nie teenoor 'n spreker se meerdere gebesig nie. 'n Student sal byvoorbeeld nie na 'n professor as die klein bliksem verwys nie, maar eerder as na die ou bliksem.

3.1.2 Werkwoordvorming

Die enigste affiks wat gebruik word om vloekwerkwoorde te vorm, is die kategorie-interne be- prefiks. Be- tree voor vloekwerkwoorde op en vorm sodoende 'n ander tipe vloekwoord. Vergelyk:

bebliksem, bebogger, bedêm, bedonder, befoeter,
befok, bekak, bemoer, beneuk², bepis, beskyt.

Daar bestaan 'n semantiese onderskeid tussen vloekwerkwoorde met die prefiks en dié daarsonder, aangesien die werkwoorde met die prefiks be- 'n meer abstrakte toepassing het en meesal nie in verband met werklike geweldtoepassing gebruik word soos die prefikslose vorme nie.

By die werkwoorde kak, pis en skyt bring die prefiks nie slegs semantiese verandering teweeg nie, maar ook sintaktiese verandering. Dieselfde sintaktiese verandering word deur die prefiks be- ook by gewone werkwoorde teweeggebring:

Eerstens maak be- van 'n werkwoord wat onoorganklik optree 'n oorganklike werkwoord:

*Hy pis die matras. - Hy bepis die matras.

*Hy gaan 'n fout. - Hy begaan 'n fout.

Be- maak verder van 'n voorsetselwerkwoord 'n oorganklike werkwoord:

Hy pis op die matras. - Hy bepis die matras.

Hy mors op die vloer. - Hy bemors die vloer.

Be- maak ook van 'n onoorganklike werkwoord wat 'n bepaalde plek- of wyseadjunk kan neem 'n oorganklike werkwoord wat nie dieselfde adjunkte kan neem nie:

Hy pis op die matras. - *Hy bepis op die matras.

Hy mors op die vloer. - *Hy bemors op die vloer.

Hy pis die matras nat. - *Hy bepis die matras nat.

Hy mors die vloer vuil. - *Hy bemors die vloer vuil.

3.1.3 Adjektiefvorming

Vloekadjektiewe word deur die volgende affikse gevorm:

a) Predikatiewe adjektiewe word deur die suffiks -s afgelei van werkwoorde/naamwoorde en hulle vereis 'n attributiverings -e:

boggers, hels.

b) Adjektiewe word van werkwoorde/naamwoorde afgelei deur middel van die suffiks -s, maar hulle tree slegs attributief op en vereis 'n attributiverings -e:

bliksems, donders, moers.

c) Vloekadjektiewe word ook van werkwoordstukke afgelei deur middel van -s en hulle tree slegs attributief op en vereis 'n attributiverings -e:

blesstse, dêmmittse, dessittse.

Vir sommige sprekers het hierdie vloekwoorde reeds verband verloor met die oorspronklike werkwoordstukke en daarom kan hulle sonder grammatikale morfeme net so funksioneer as attributiewe adjektiewe:

Die {blesst/dessit} kar wil nie vat nie.

d) Die volgende vloekadjektiewe is die verlede deelwoorde van werkwoorde met ge-.....{d/t}:

i) bebliksem(d), bedonderd, befoeter(d), befok, bekak,
bemoer(d), beneuk(s), beskyt.

ii) afgekak, opgebliksem, opgebogger(d), opgedonder(d),
opgefoeter(d), opgefok, opgehel, opgemoer, opgeneuk,
uitgefoeter, uitgehel, uitgekak, uitgemoer, uitge=
neuk.

Hulle vereis almal in attributiewe funksie 'n attributiverings -e. By hierdie groep sluit ook die predikatiewe verdomp aan met sy attributiewe vorm verdomde.

By (i) word ge- nie gerealiseer nie, aangesien die werkwoorde waaruit die deelwoorde gevorm word, nie hoofklem op hul eerste sillabes dra nie. Hulle is in die onderbou wel aanwesig. Vergelyk die volgende substandaardsin:

My vrou het my gebefok.

Vir 'n verdere bespreking van die optrede van ge- in deelwoorde, sien Menkveld 1978.

e) Predikatiewe adjektiewe word deur die suffiks -((e)r)ig afgelei van werkwoorde, naamwoorde en adjektiewe. Hulle vereis in attributiverende funksie 'n attributiverings -e:

bedonderdrig, befoeterdrig, beneukterig;
gatterig, kakkerig, moerig.

f) Predikatiewe adjektiewe word met -elik afgelei van naamwoorde en werkwoorde en vereis in attributiverende funksie 'n attributiverings -e:

beskytlik; gatlik, goddelik.

g) Die suffiks -ske vorm die volgende attributiewe adjektiewe uit naamwoorde:

helske, moerske.

Hierdie suffiks het 'n diachroniese oorsprong, want volgens die WAT IV: 170 is helske 'n skertsende vervorming na analogie van die ouderwetse uitspraak, vroeër vry algemeen onder minder ontwikkelde lesers van die Nederlandse Bybel van die -sche klank in Nederlandse woorde soos helmelsche, Joodsche en gansche en ook nog eweneens grappig bedoel,

aangetref in verband met ander woorde: deeske; brieskend."

Na analogie van helske het moerske ontstaan.

h) Laastens is daar die unieke attributiewe adjektief fokken wat sonder 'n attributiewe -e optree. Hierdie vloek=adjektief is 'n leenverklanking van die Engelse adjektief fuckin(g). In Substandaard-Afrikaans kom die slot -ng ook voor.

3.1.3.1 Kategorie-interne affikse by vloekadjektiewe

Hier word die suffikse behandel wat graadtrappe by adjektiewe vorm. Die vergrotende suffiks -er tree by die volgende vloekadjektiewe op:

bebliksemder, bedonderder, befoeterder, befokter,
beneuk(s)ter, moeriger.

Die oortreffende suffiks -st plus die attributiverings -e tree saam met al die bogenoemde vloekwoorde op:

bebliksem(d)ste, bedonderdste, befoeterdste,
befokste, beneukste, moerigste.

Meer en mees kan in die plek van die vergrotende of oortreffende suffikse optree:

Hy is baie meer bebliksemd as sy.

Dis die mees bedonderde vent wat ek nog gesien het.

Behalwe moerig, het alle vloekadjektiewe wat graadtrappe neem die prefiks be-. Be- se aanwesigheid is dus 'n voor=

vereiste vir die optrede van die suffikse -er en -st(e).

Vergelyk:

Dis die {be**bliksemste**
*bliksemste} man wat ek nog geken het.

Dis 'n {bedonderder
*donderser} stuk werk as daardie.

3.1.3.1.1 Sintaktiese en semantiese invloed van prefiks be- op vloekwoorde

X

Die vloekadjektiewe wat deur middel van die prefiks be- gevorm is, verskil in sintaktiese optrede, morfologie, en semantiese waarde van ander vloekwoordadjektiewe.

Wat die sintaksis betref, is reeds daarop gewys dat vloekadjektiewe met be- beide attributief én predikatief kan optree, terwyl die ander vloekadjektiewe slegs attributief kan optree. Vergelyk:

Die befokte man ...

Die man is befok in sy kop.

Die fokken man ...

*Die man is fokken as hy gedrink is.

Graadtrapvorming kom by vloekadjektiewe met die prefiks be- voor, maar nie by alle ander vloekadjektiewe nie. Vergelyk par. 3.1.3.1 vir voorbeelde.

Aangesien vloekadjektiewe met be- meer kenmerke van gewone adjektiewe vertoon, - die sintaktiese posisies en graadtrapvorming - verleen be- dus 'n hoër graad van adjektiwiteit

aan die betrokke vloekadjektiewe as dié waaroor die ander vloekadjektiewe beskik. Hierdie stelling word onderstreep deur die semantiese waarde van die vloekadjektiewe met be-.

Vloekadjektiewe wat deur die prefiks be- gevorm is, tree in 'n mate karaktertekenend en veroordelend op ten opsigte van die saak wat beskryf word. Hierdie adjektiewe is meer beskrywend van aard en gee nie slegs negatiewe sprekershouding en emosie weer soos die ander vloekadjektiewe nie. Vergelyk die verskil in semantiek tussen:

- 1) Die bedonderde man klap sy vrou.
- 2) Die donderse man klap sy vrou.

Sin (1) se adjektief laat blyk 'n karaktereienskap van die persoon, of in watter gemoedstoestand hy ten tyde van dié uiting verkeer. Alhoewel hierdie vloekadjektiewe meestal negatiewe affek dra³, is dit nie ál wat deur middel van die vloekadjektief weergegee word soos in (2) nie, want daar is ook veroordelende sprekershouding aanwesig.

Die vloekadjektief moerig behoort ook tot hierdie karaktertekenende groep vloeke en kan attributief en predikatief optree en graadtrapvorming toelaat wat die vloekadjektief moers nie kan nie. Moers is in hierdie geval die vloekwoord wat uitsluitlik gepaardgaande sprekershouding of -emosie weergee; derhalwe tree dit soos donders, bliksems en fokken slegs attributief op en laat nie graadtrapvorming toe nie. Vergelyk:

Hy is darem 'n moerige vent.

Die vent is darem moerig.

Jy het 'n moerse gemors daarvan gemaak.

*Jou gemors is moers.

Sy is nog moeriger as haar ma.

Dis die moerigste ou vrou wat ek in 'n lang tyd gesien het.

*Dis 'n moerser stuk werk as daardie.

*Dis die moersste stuk werk wat ek nog gedoen het.

Die prefiks be- kan by moer as adjektiefvormer optree, maar die woord bemoerd kom nie so frewent soos moerig voor nie. Dit wil voorkom asof die negatiewe waarde van bemoerd hoër is as dié van moerig, omdat laasgenoemde se affek deur frekwente gebruik afgestomp begin raak. Vergelyk:

Dié professor is weer {bemoerd/moerig} vandag!

Hy is darem 'n {bemoerde/moerige} vent!

3.1.3.1.2 Kategorie-interne affikse wat nie by vloekadjektiewe optree nie

Die volgende kategorie-interne affikse wat by gewone adjektiewe optree, kom nie by vloekadjektiewe voor nie.⁴ Hulle is die negativerende prefikse a-, anti-, in-, mis-, on-, wan-. Ander prefikse wat nie optree nie, is: aarts-, ante-, oer-. Die volgende suffikse doen nie kategorie-intern by vloekadjektiewe diens nie: -agtig, -ies, -liks.

3.1.4 Adjunk- en Graadwoordvorming

Die suffiks -s vorm vloekadjunkte en -graadwoorde uit naamwoorde/werkwoorde en werkwoordstukke:

blessits, dessits; bliksems; donders, hels, moers.

By die vloekwoorde blessit, dessit, hel en moer is hierdie suffiks opsioneel. Sien par. 2.1.5.1 vir voorbeeldsinne.

3.1.4.1 Kategorie-interne suffikse

Hier word die suffiks -wil bespreek wat aan die volgende vloekadjunkte gekoppel kan word:

blerriewil, blessitwil, dêmwil, dessitwil, fokkenwil;
bliksemwil, donderswil.

Hierdie -wil is afkomstig uit die Engelse woord well, maar in Afrikaans het -wil geen bestaan as 'n woord nie. Bogenoemde vloekwoorde kan dus nie as samestellings gesien word nie. Dis met ander woorde nie dieselfde wil as wat voorkom in vloekuitdrukkings soos om godswil en Hereswil nie. Laasgenoemde twee kan as samestellings gesien word, want hierdie wil het woordstatus. Hierdie vloekwoorde tree slegs in die voorsetselgroep "om _____" op en die uitspraak van dié wil is slegs [vəl]. Die uitspraak van -wil van die vloekwoorde blerriewil, dêmwil, dessitwil is in baie gevalle [wəl], alhoewel dit besig is om te verafrikaans tot [vəl]. Dit gebeur veral wanneer -wil aan vloekstamme gekoppel word, wat nie aan Engels ontleen is nie: bliksemwil en donderswil.

Hierdie -wil het 'n produktiewe adjunkvormer in Afrikaans geword. Verder is -wil nie net 'n toevoeging nie, maar ook 'n valensiegewer, want bleddiewil, blessitwil, dêmwil, dessitwil en fokkenwil is leengoed, maar eiegoed is bliksemwil en donderswil. Let daarop dat bliksemwil en donderswil net soos die wil van godswil 'n stamvariant-met-slot-s eis as die stam nie 'n Engelse ontlening is nie. Die betekenis, sintaksis (*om donderswil) en fonologie [wəl, wəl, vəl] is van Engels, maar die morfologie (dit wil sê stamvariant met -s) is van Afrikaans.

Die suffiks -wil is 'n unieke adjunksuffiks wat slegs by vloekwoordstamme optree.

3.1.5 Suffigering by interjeksies

Suffikse wat frekwent aan vloekwoorde koppel wat as interjeksies optree, word hier genoem. Let daarop dat God die vloekinterjeksie is met die hoogste valensie vir suffigering. Vergelyk:

-a: Gotta. Hierdie suffiks kom ook by swetse voor wat interjeksionaal gebruik word: golla, gomma, gonna.

-s: Gods. Hierdie -s verskyn ook by die interjeksionale swetse van God: gats, gits, gods, koots, kots.

Diminutiefsuffikse koppel frekwent aan vloekinterjeksies.

Vergelyk:

dondertjie, Gottatjie, Heretjie, Heilandjie,
magtie/maggies, wragtie/wraggies.

Vergelyk verder par. 4.2.1.3(b) vir die rol wat suffigering by die vorming van swetse speel. Let ook daarop dat swets=interjeksies soos Jeremia, Jesaja en Jerusalem nie deur suffigering tot stand kom nie, aangesien die woorddele wat soos suffikse lyk, nie by ander vloeke of swetse optree nie. Hier is 'n proses van eufemistiese verlenging aanwesig. Vergelyk parr. 4.2.1.2(a) en 4.2.1.3(a) vir 'n verdere bespreking daarvan.

3.1.6 Affektiewe affikse

Affikse kan aangewend word om die negatiewe affek van 'n vloekwoord te versterk of te versag.

3.1.6.1 Versagterende affektiewe affikse

Die suffiks -a wat saam met eiename en ander persoonsvorme optree om gemeensaamheid of intimiteit te bewerkstellig, - Fana, Pieta, boeta, kinta - kan ook saam met sommige vloekwoorde voorkom. Volgens die WAT I: 2 is die -a-vorm hier bloot eufemisties of versagterend. Vergelyk die vorme: gatta, gotta, kakka. Aangesien die suffiks -a die taboe=waarde van 'n vloekwoord verlaag, kom dit algemeen in kindertaal voor. Kakka kan verdere eufemistiese verandering ondergaan tot akka, a-a of a.⁵ Die diminutiefsuffiks kan ook voorkom om die negatiewe affek van die betrokke vloekwoord nog verder te verlaag: akkie(s).

Diminutiefsuffikse tree meestal versagtend op. Sien par.

3.1.1.3.1 vir 'n bespreking van die diminutiefsuffiks se optrede saam met vloekwoorde.

3.1.6.2 Versterkende affektiewe affikse

Die volgende affikse het meestal 'n versterkende negatiewe funksie:

Die suffiks -wil het sinne met 'n hoër negatiewe affektiewe waarde tot gevolg as vloekwoorde daarsonder. Vergelyk:

Sal jy nou { fokken
fokkenwil } stil bly!

Ek is nou { dessit
dessitwil } moeg van jou gekerm!

Waar die vloekwoord nie soseer negatiewiteit aandui nie, is die sin met die afleidingsvloek stelliger as dié een daarsonder.

Jy sal moet bleddie hardloop!

Jy sal bleddiewil moet hardloop!

Toutologiese suffikse kan ook 'n hoër negatiewe waarde tot gevolg hê. Vergelyk die persoonsvormer -er wat aan 'n reeds bestaande persoonsvorm gevoeg word:

So 'n moerskonder!

Jou swernoter!

Hierby kan ook die suffiks -sem gevoeg word wat optree by:

So 'n helsem!

Die suffiks -e wat aan die voornaamwoord ons gevoeg word by die optrede saam met religieuse vloekwoorde (onse {God/Here}), het ook 'n verswarende affektiewe funksie. Dit is nie dieselfde -e wat by affektiewe adjektiewe voorkom nie, want onse God se -e is nie opsioneel soos byvoorbeeld die -e van 'n dure les nie. Sien par. 2.2.1 vir 'n bespreking van onse se optrede.

3.1.7 Leenmorfologie

In Afrikaans is daar nie vloekwoordstamme wat op -it eindig en dan 'n -s as adjektiverende suffiks neem nie. By vloekwoordgebruik word 'n Afrikaanse suffiks -s aan 'n Engelse stam gevoeg om 'n adjektief te vorm. Dié adjektiewe tree slegs attributief op en neem altyd 'n attributiverings -e. Dit vind by die vloekwoorde blessit en dessit plaas wat onderskeidelik uit die Engelse werkwoordstukke bless it en dash it afkomstig is. Vergelyk:

Die ding wil g'n blessitse blik oopsny nie.

Skuld is 'n dessitse ding as jou bewys verval en daar moet betaal word.

Vir party sprekers het hierdie vloekwoorde reeds verband verloor met die oorspronklike Engelse werkwoordstukke en daarom kan hulle as attributiewe adjektiewe net so sonder grammatikale morfeme funksioneer:

Die {blessit/dessit} kar wil nie vat nie.

Na analogie van bogenoemde vorme kan dêmmit ook as adjektief optree, alhoewel dit nie algemene Afrikaans is nie:

Eina, jou dêmmitse ding ... (Heese 1976: 5.)

Dan is daar die unieke attributiewe adjektief fokken wat sonder 'n attributiewe -e optree, aangesien hier ook verband verloor is met die oorspronklike werkwoord waaruit dit afgelei is. Hierdie adjektief is 'n leenverklanking van die attributiewe Engelse adjektief fuckin(g). Let daarop dat die /i/ en /ŋ/ van die Engels in Substandaard-Afrikaans behoue gebly het: fokkien en fokking.

Die Engelse /ʌ/ wat in Afrikaans 'n /ɔ/ word, is gewoon vir 'n bepaalde tydperk van ontlening aan Engels. Vergelyk tunnel, truck, buggy en bugger wat respektiewelik word tonnel, trok, bokkie en bogger/bokker.

3.2 SAMESTELLINGSMOONTLIKHEDE VAN VLOEKWOORDE

3.2.1 Vloekwoordoptrede in samestellings

Vloekwoorde kan as die eerste lid van die samestelling optree, of as eindkomponent die fokus van die samestelling dra. Dan kan twee vloekwoorde ook aan mekaar gekoppel word om 'n samestelling te vorm.

3.2.1.1 Vloekwoorde as eerste komponent van samestellings

Wanneer 'n vloekwoord deel van 'n samestelling uitmaak, kom dit meestal as eerste komponent voor. Die volgende vloekwoorde tree frekvent in dié posisie op:

GAT: Naamwoord

gatdeksel: ... want daar sit hy 'n leeftyd om op sy gatdeksel ... (Louw 1975: 217.)

gatgabbas: (= homoseksuele manspersone)

gatgawie: (= eenvoudige persoon)

gatgogga, gatvlieg, gatvlooi: (= lastige persoon)

gatgranaat, gatbom: (= motorfiets)

gatkalfakter: (= persoon wat agter iemand aantou)

gatkant: Die lewe staan met sy gatkant na my toe.

gatsak: (= agtersak)

gatsaag, gatskêr: (= fiets)

gatslag: (= teleurstelling)

gatvel(le): Ek sal jou gatvel(le) aftrek.

gatvere: In die kerk pluk hulle jou dat jou gatvere waai. (Joubert 1978: 91.)

Predikaat

gatkraak } Dit gaan gatkraak/gatstamp.

gatstamp } (= moeilik)

gatoorkop slaan

gatvol

Werkwoord

gatkruip

gatilek

gatomgooi

GOD: Naamwoord

godsnaam

godswil

godswonder

Predikaat

godseenvoudig

godsgruwelik

godsjammerlik

godlelik

godsonmoontlik

god(s) verlate

god(s) vergete

Adjunk

goddank

godganse

godsopaarde

godsnogtoe

godweet⁶

HEL: Naamwoord

helbesem

heldoring

helduiwel

helhond

helleveeg

helpen

helskind

helskuiken

Werkwoord

helgee

KAK: Naamwoord

kakhuis

kakpraatjies, kakstories

kakspul

kakstraat

Predikaat

kaksleg

Werkwoord

kakpraat

kakskiet: Jy's n ou wat baie kan kakskiet Piet ...

(= onsin praat) (Steyn 1976: 51.)

MOER: Naamwoord

moerketel

moerskont

Predikaat

moersleg/moervrot

NEUK: Naamwoord

neukspul

neukstraf (=lyfstraf)

Predikaat

neukvleis: Hy is vandag weer neukvleis.

(= beduiweld)

PIS: Naamwoord

piskannetjie: Gots, ek was nog maar 'n piskannetjie
van agt, nege (Brink 1962: 51.)

piskoffie/pistee: (= flou koffie/tee)

pisreën: (= motreën)

POEP: Naamwoord

poepketel: (=latrine)

poepoog

Predikaat

poepdronk

poepknyp: Dit gaan poepknyp. (= moeilik)

poepkoud: Ek het my poepkoud geskrik.

poepsleg

SKYT: Naamwoord

skytwolgies: (= yl wolgies)

Predikaat

skytbang

STRONT: Naamwoord

strontpraatjies

strontstorm: (=onnodige rusie)

strontstraat: Ons sit in strontstraat. (= moeilikheid)

strontweer: (=ongure weer) (Heiberg 1957: 75.)

Predikaat

strontdronk (Heiberg 1957: 62.)

3.2.1.2 Vloekwoorde as slotkomponente van samestellings

GAT is die vloekwoord wat die meeste as slotkomponent diens doen, en dié tipe samestellings funksioneer gewoonlik as predikate. Vergelyk:

bakgat

dreungat: (= spoggerig) (Loubser 1954: 38.)

hardegat

ingat

kaalgat

ougat

skuurgat: (= n rustelose) (Heiberg 1957: 179.)

skuiwergat: (= rustelose persoon)

slapgat

swaaigat: ... kry n skop van oom George wat haar swaaigat en mank vir die res van haar poulewe maak. (Leroux 1972: 28.)

Vloekwoorde kom ook as eindkomponente in bahuvrihi-samestellings voor. Sien par. 3.2.2.2.

3.2.1.3 Samestellings waar beide komponente vloekwoorde is

Die bekendste voorbeelde in Afrikaans is:

donderwetter, moerskont, poephol

Hulle word byna nie meer as samestellings beskou nie, omdat hulle so dikwels gebruik word dat die dele 'n hegte eenheid vorm.

Swetse en vloekwoorde kan ook koppel. Vergelyk die woorde swerhel en swerpes waar die swer- uit die swets swernoot afkomstig is.

3.2.2 Bahuvrihi-samestellings

Bogenoemde is 'n tipe samestelling wat bestaan uit 'n beskrywing en 'n liggaamsdeel, maar die eindproduk van die samekoppeling noem nie die liggaamsdeel nie, maar wel die eienaar van beide (Combrink 1980(a)).

Die minderheid van hierdie samestellings is objektief of vertroetelend van aard, byvoorbeeld: rooiborsie en skattebol. Meestal word die tipe samestelling neerhalend, veral oor mense, gebruik. Die liggaamsdele wat gebruik word, word dikwels plat benoem. Vergelyk: skinderbek en bierpens.

Vloekwoorde tree heel dikwels by die tipe samestelling op, hetsy as eerste of as slotkomponent.

3.2.2.1 Bahuvrihi-samestellings met 'n vloekwoord as eerste komponent

Hierdie tipe kom baie minder voor as dié waar die vloekwoord as slotkomponent optree. Die volgende is opgeteken⁷:

<u>kakkop</u>	}	= niksword, veragtelike
<u>pisbalie, pispot, pispot</u>		persoon

3.2.2.2 Bahuvrihi-samestellings met 'n vloekwoord as slotkomponent

Die samestellings waar die fokus op die vloekwoord val, kom dikwels voor. GAT is die vloekwoord wat die frekwentste as liggaamsdeel in die bahuvrihi-samestelling optree⁸. Dié tipe samestelling is baie produktief en feitlik enige beskrywende woord kan as eerste komponent optree, met die voorwaarde dat die eindresultaat 'n negatiewe waarde het. 'n Woord met 'n definitiewe positiewe waarde sal dus nie so gereedelik saam met 'n vloekwoord kan optree nie. Vergelyk:

*mooigat, ?slimgat

Die volgende data is almal voorbeelde van bahuvrihi-samestellings met GAT as slotkomponent:

banggat

blougat: Jy bars, veral as jy nog 'n blougat is ...

(Brink 1978: 204.)

dronkgat

gomgat: Seniors dink altyd eerstejaars is 'n klompie
gomgatjies. (Van Straten 1966: 179.)

grysgat

kermgat, klagat

kortgat(-jie)

lamgat

langgat

maergat

morsgat

neulgat

raasgat

skreegat

"squeal"-gat

slapgat

slonsgat

suurgat

vetgat

vuilgat

windgat

3.2.2.2.1 Bahuvrihi-samestellings as basis van afleidings

Vloekbahuvrihisamestellings kan as die basis van afleidings funksioneer in Afrikaans. Vergelyk:

banggatgeit

morsgatterig

slapgatgeit/slapgattigheid

windgatgeit/windgatterig (heid)

Verder kan die bahuvrihi-samestelling as geheel as die eerste komponent van 'n samestelling optree. Vergelyk:

skreegatkind
slapgathouding
windgatmaniere

3.2.2.3 Bahuvrihi-samestellings bestaande slegs uit vloekwoorde

Hieronder ressorteer samestellings soos⁹:

kakgat
pissgat
poepgat(-jie)
poephol
strontgat
stronthol

Die eufemistiese skelwoord, asjas was voorheen ook 'n bahuvrihivloeksamestelling, naamlik aarsgat. Van hier is dit vervorm tot asgat en toe tot asjas (Boshoff en Nienaber 1967: 142).

3.2.3 Leenmorfeem as komponent van samestelling

Sommige morfeme wat met vloekwoorde samestellings aangaan, is uit Engels oorgeneem. Die vloekwoorde waarmee hulle kombineer, is meestal ook uit Engels afkomstig. Deur etimologiese werking word hulle by die Afrikaanse boupatroon aangepas.

In Engels bestaan dié vloekkonstruksies uit twee afsonderlike dele, maar in Afrikaans smelt hulle saam en vorm 'n verdonkerde samestelling waar die onderskeie dele só heg verbind dat hierdie tipe vloekwoord nie meer as 'n samestelling aangesien word nie. Die leenmorfeem het hier met ander woorde so deel van die vloekwoord geword dat dit nie meer as afsonderlike morfeem herken word nie. Vergelyk:

blessit	-	bless it
dêmmit	-	damn it
dessit	-	dash it
fokkit	-	fuck it
boggerôl	-	bugger all
fokôl	-	fuck all

By party van hierdie vloekwoorde word die slotkomponent nog as 'n toevoeging beskou:

boggerôf	-	bugger off
fokôf	-	fuck off
pisôf	-	piss off

Drie Engelse morfeme kan ook saamsmelt om 'n monolitiese vloek in Afrikaans te vorm:

dêmmitôl	-	damn it all
dessitôl	-	dash it all

Die eufemistiese Afrikaanse vervorming, nottenderm uit die Engelse not a damn hoort by bogenoemde:

"Nottenderm. Ek bly vir die paartie." (Van Straten 1966: 138.)

3.3 SAMESTELLEDE AFLEIDING

Dié proses is nie so produktief soos afleiding en samestelling by die vorming van nuwe vloekwoorde nie. Die volgende gevalle is opgeteken en hulle is meestal persoonsname:

fok: opfoksel

gat: gatkruiper(-y)

gatilekker

hol: holhanger (= leeglêer)

kak: kakdroogmaker

kakaanjaery

kakskierter

moer: moerneuker

moerskonder

moervreter

poep: stofpoeper(tjie)

} (= baie kort persoon)

poepstamper

skyt: bangskyster

Die enigste opgetekende samestellende afleiding wat as adjektief diens doen, is moerneukers:

Sy is nes 'n moerneukerse ou bok. (Loubser 1957: 42.)

3.4 VLOEKWOORDINVOEGING

Die invoeging van 'n gewone woord binne-in 'n bepaalde stam om 'n nuwe produk te vorm, is beperk tot die een enkele ontvangswoord asseblief, en veral die een invoegwoord groot:

assegrootblief. Vloekwoorde word egter sistematies in ontvangswoorde gevoeg om groter affek aan die woordgeheel te verleen. Vergelyk:

asse-blerrrie-blief

defni-fokken-tief

Let daarop dat dit nooit affikse is wat ingevoeg word nie, maar wel woorde en dan juis slegs sekere vloekwoorde.¹⁰ Wentworth (1939: 65) gebruik die term sandwich words vir dié invoegingsprodukte. Die vloekwoord word met ander woorde as "vulsel" tussen die twee dele van die ontvangswoord gesien.

3.4.1 Vloekwoordinvoeging by simplekse en afleidings

Enige vloekwoord kan nie op enige plek in enige woord gevoeg word nie. Daar is bepaalde voorwaardes aan die optreemontlikhede van dié morfologiese procédé verbonde.

3.4.1.1 Die fonologie

Die fonologie speel by dié morfologiese proses 'n direkte rol, aangesien die aantal sillabes van die vloekwoord én van die ontvangswoord 'n bepalende funksie het in dié invoegingsproses. Die plek van invoeging het dikwels niks met morfeemgrense te make nie, maar wel met sillabenate. Verder moet die klempatroon van sowel die vloekwoord wat ingevoeg word, as van die ontvangswoord eers vasgestel word, voordat die invoeging kan plaasvind.

Slegs bisillabiese vloekwoorde kan ingevoeg word, byvoorbeeld: blerrrie en fokken. Die ontvangswoord moet uit twee of meer sillabes bestaan. Vloekwoordinvoeging vind makliker plaas in drie- / of meersillabiese woorde as in bisillabiese woorde. Sien par. 3.4.1.2. Vloekwoordinvoeging moet op die sillabegrens geskied. Vorme soos die volgende kan gevolglik nie ontstaan nie:

*Port-El-bleddie-izabeth.

Dit moet wees:

Port-E-bleddie-lizabeth.

Sowel die vloekwoord wat ingevoeg word as die ontvangswoord moet 'n bepaalde klempatroon hê. Die vloekwoord se hoofklem moet op die eerste sillabe wees. Die ontvangswoord se invoegplek is die naat tussen 'n linkersillabe met relatief min klem en 'n regtersillabe met relatief meer klem. Let daarop dat die vloekwoord gewoonlik direk voor die sillabe met die hoofklem ingevoeg word. Om dié rede sal iets soos:

² Port-bleddie-Elizabeth ^{4 1}

nie aanvaarbaar wees nie, want die invoeging is nie onmiddellik voor [1 klem] nie. Wanneer die vloekwoord ingevoeg is, dra sy eerste sillabe meestal [2 klem].

Die vorm wat ontstaan nadat die invoeging gedoen is, het 'n ritmies afwisselende klempatroon, dit wil sê 'n patroon waarin minder klem gevolg word deur 'n sillabe met meer klem, gevolg deur 'n sillabe met minder klem, gevolg deur 'n sillabe met meer klem. Skematies kan dit soos volg voorgestel word:

x. —./ . — / . y #.

Vergelyk byvoorbeeld:

³ ² ¹
onge-blerrie-maklik


Invoeging kan nie geskied op 'n sillabenaat in die ontvangswoord waar die sillabe links van die naat sterker klem het as die sillabe regs van die naat nie. Dit verklaar waarom gevalle soos die volgende nie invoeging kan neem nie.

*bo-blerrie-tel

*ta-blerrie-fel

3.4.1.1.1 Reël vir vloekwoordinvoeging

Die volgende reël kan vir die proses van vloekwoordinvoeging in Afrikaans opgestel word:¹¹



waar n = enige sterkte en

$< n$ = 'n klemgraad swakker as n

\cdot = sillabenaat

C_0 = nul of meer konsonante

X, Y = deksimbole.

Al die vloekwoorde wat as invoegings kan optree, is bisilla-
biëse adjektiewe en dra hoofklem op die eerste sillabe.

Hulle is: bleddie, blesstit, fokken.

Swetse wat uit bogenoemde vloekwoorde gevorm is, is ook as invoegings opgeteken. Let daarop dat hul klempatroon dieselfde is as dié van die vloekwoorde:

blienkien : a-blienkien-leen

flippen : on-flippen-moontlik

Die swets bloemen sal moontlik ook as invoeging kan optree:

die-bloemen-selfde

Al is die aantal sillabes en die klempatroon van 'n bepaalde vloekwoord voldoende, soos in magtag of wragtag, word dit nie ingevoeg as dit nie 'n adjektiewiese vloekwoord is nie.

Vergelyk:

*on-boggers-middellik

*onge-dêmmits-maklik

Die volgende voorbeelde lewer almal 'n ritmies afwisselende klempatroon nadat die vloekwoord ingevoeg is:¹²

BLEDDIE:

aam-bleddie-borstig

afge-bleddie-sien (daarvan)

afterme-bleddie-kaar

agterste-bleddie-voor

asse-bleddie-blief¹³

be-bleddie-simpeld

die-bleddie-selfde

een-bleddie-voudigweg

(Stop jou) ge-bleddie-neul

ge-bleddie-sondheid

kinder-bleddie-agtig
kolo-bleddie-nel
onge-bleddie-hoorsaam
onge-bleddie-looflik
onge-bleddie-lukkig
onge-bleddie-twyfeld
onwaar-bleddie-skynlik
oom-bleddie-bliklik
Port E-bleddie-lizabeth
ver-bleddie-niet
ver-bleddie-skriklike

BLESSIT:

rond-blessit-borstig

FOKKEN:

asse-fokken-blieftog
be-fokken-laglik
be-fokken-vrediging
by-fokken-voorbeeld
defni-fokken-tief
deurme-fokken-kaar
inter-fokken-varsity
menin-fokken-gitis
onge-fokken-maklik
onge-fokken-woon
oorre-fokken-aksie
onver-fokken-staanbaar
outo-fokken-maties
propa-fokken-ganda

tele-fokken-foon

uitge-fokken-boul

Bleddie en fokken is dié vloekwoorde wat die frekwentste as invoegings aangetref word. Bleddie kom die heel meeste voor, aangesien sy taboewaarde laer is as dié van fokken. Derhalwe kan bleddie in meer taal- en sosiale kringe gebesig word.

3.4.1.2 Faktore wat vloekwoordinvoeging beïnvloed

Daar is verskeie faktore wat veroorsaak dat vloekwoorde geredeliker in sommige woorde as in ander gevoeg word. Hulle is:

- i) die aantal sillabes,
- ii) die sillabegewig,
- iii) die morfeemgrens, en
- iv) die semantiek.

Vloekwoordinvoeging vind geredeliker in woorde met drie of meer sillabes as in bisillabiese woorde plaas. By eersgenoemde gevalle is daar meer sillabes aan weerskante van die vloekwoord en die ontvangswoord behou sodoende meer van sy karakter en is ook meer herkenbaar. Vergelyk die volgende opgetekende gevalle waar die resultaat moeiliker herkenbaar is:

a-bleddie-leen

ko-bleddie-rek

ta-fokken-blo

ta-bleddie-boe

In teenstelling daarmee is die ontvangswoorde wat uit meer as twee sillabes bestaan, nadat vloekwoordinvoeging plaasgevind het, duideliker herkenbaar:

agterme-bleddie-kaar

onge-bleddie-looflik

onge-fokken-maklik

Hoe meer sillabes daar weerskante van die vloekwoord is, en hoe swaarder die sillabes, hoe aanvaarbaarder is die resultaat. Hoe minder sillabes aan weerskante van die ingevoegde vloekwoord en hoe ligter die sillabes, hoe onaanvaarbaarder sal die invoegingsproduk word. Vergelyk die volgende voorbeelde waar die aanvaarbaarheid van die invoegings van 1 - 3 toeneem, omdat die inisiële sillabes sterker word:

1. a-fokken-leen
2. ge-bleddie-noeg
3. ver-bleddie-niet

Vergelyk ook hoe die aanvaarbaarheid van invoegings van 4 - 6 toeneem wanneer die slotsillabes swaarder word:

4. iro-bleddie-nie
5. ko-bleddie-rek
6. ta-bleddie-maai

Vloekwoordinvoeging kom frekvent op 'n morfeemgrens voor, aangesien die resultaat tot 'n groot mate herkenbaar bly.

Vergelyk:

on-bleddie-moontlik

kinder-bleddie-agtig

be-blerrrie-simpeld

By die volgende gevalle kom die invoeging ook op 'n morfeemgrens voor:

- (i) Stop nou jou ge-bleddie-neul. (Steyn 1976: 9.)
- (ii) Lê jy maar tot jy klaar ge-bleddie-lê is.
(Op.cit.: 14.)
- (iii) Daai aand het ek haar ge-bleddie-vry. (Op.cit.: 140.)
- (iv) Hy het net ge-bleddie-lag en geen kommentaar gelewer nie.

Voorbeelde (iii) en (iv) se resultate is veral maklik herkenbaar, aangesien die hoorder na die hulpwerkwoord HET reeds die verledetydspartikel ge- verwag. Ge- belemmer dus nie die herkenbaarheid van die konstruksie nie, omdat dit as 'n los prefiks gesien word. Sin (iv) se invoegingskonstruksie is byvoorbeeld baie duideliker as:

Ek het nou ge-bleddie-noeg gehad!

Die mate waartoe ontvangswoorde hulle tot affektiewe waarde-bepaling leen, is 'n meewerkende faktor tot die proses van vloekwoordinvoeging. Vloekwoordinvoeging vind byvoorbeeld eerder in predikate as in naamwoorde plaas, en wanneer vloekwoordinvoeging wel in naamwoorde plaasvind, moet hulle affektief gelaai wees.

Woorde is aan 6 proefpersone (3 manlik en 3 vroulik), tussen die ouderdomme 22 en 38 jaar, voorgelê en hulle moes aandui of en waar vloekwoordinvoeging moontlik sou wees. Die woorde is verdeel in pare met min of meer dieselfde klempatrone sodat dit nie die proefpersone se oordeel sou beïnvloed nie.

Die resultaat is die volgende:

Woorde wat invoeging toelaat:

ta-bleddie-boe
 manko-bleddie-liek
 ak-bleddie-tief
 ge-bleddie-noeg
 ta-bleddie-maai
 be-bleddie-foeterd

Woorde wat invoeging verwerp:

*ko-bleddie-pie
 *atle-bleddie-tiek
 *mo-bleddie-tief
 *ma-bleddie-sjien
 *la-bleddie-waai
 *be-bleddie-skuit

Die linkerkolom se woorde is almal predikate, die regterkolom s'n nie-predikatiewe naamwoorde. Vloekwoordinvoeging kom dus eerder in predikate as in nie-predikate voor, omdat predikate makliker affektief gelaai kan word as nie-predikate, wat meestal suiwer referensieel optree.

Wanneer vloekwoordinvoeging wel in nie-predikate voorkom, moet die nie-predikaat affektief gelaai wees of affektief gelaai kan word.

Nie-predikate wat invoeging toelaat:

i-bleddie-lusie
 epi-bleddie-demie
 o-bleddie-pinie

Nie-predikate wat invoeging verwerp:

*so-bleddie-lusie
 *aka-bleddie-demie
 *mo-bleddie-panie

Ander opgetekende gevalle waar vloekwoorde in kontekstueel negatief gelaaide nie-predikate optree, is:

ge-bleddie-mors

ta-bleddie-bel

ta-fokken-blo

menin-fokken-gitiss¹⁴

Wanneer die anlaut van die sillabe wat op die vloekwoord volg, identiek is aan die auslaut van die vloekwoord, sal dié betrokke vloekwoord nie so geredelik daar optree nie, maar eerder deur 'n ander vloekwoord vervang word. Blerrie sal eerder as fokken in die volgende gevalle optree:

<u>kolo-fokken-nel</u>	→	<u>kolo-bleddie-nel</u>
<u>ge-fokken-neuk</u>	→	<u>ge-blerrie-neuk</u>
<u>ge-fokken-noeg</u>	→	<u>ge-blerrie-noeg</u>

Wanneer fokken wel by bogenoemde voorbeelde gebruik word, sal die reël van identiekekonsonantskrapping in werking tree:

$$K_i K_i \rightarrow K_i$$

en die oorblywende konsonant word aangetrek na die begin van die daaropvolgende sillabe. Vergelyk:

<u>kolo-fokken-nel</u>	→	[kɔ.lu.fɔ.kə.næl]
<u>ge-fokken-noeg</u>	→	[xə.fɔ.kə.nux]

McCawley (1978: 218) noem dié proses van sillabegrensver=skuiwing, Superposition of n. Volgens hom behoort die oorblywende konsonant aan beide die ontvangswoord sowel as aan die invoeging. Hy illustreer dit aan die hand van die volgende voorbeelde:

clari-fuckin-et
lemo-fuckin-ade
mag-fuckin-olia
mayo-fuckin-aise
para-fuckin-oia

3.4.1.3 Affektiewe waarde van dié konstruksies

Die konstruksies waarin vloekwoordinvloeging voorkom, is hoër affektief gelaai as dié waarin die vloekwoord buite die ontvangswoord optree. Vergelyk die affektiewe verskil tussen die volgende gevalle:

- i) Die blerrie kolonel dink hy's wie.
- ii) Die kolo-blerrie-nel dink hy's wie.
- iii) Die fokken telefoon werk nie!
- iv) Die tele-fokken-foon werk nie!

Wanneer 'n vloekwoord voor 'n predikaat optree, doen dit meestal as graadwoord diens en bepaal dit die predikaat op negatiewe wyse. Wanneer die vloekwoord egter binne-in die predikaat diens doen, verleen dit inherent negatiewe affek daaraan.¹⁵ Vergelyk:

- v) Ek is blerrie alleen vanaand.
- vi) Ek is a-blerrie-leen vanaand.

3.4.1.3.1 Vokaalspanning ter wille van affekbelading

Die hoër affekbelading wat deur invoeging teweeggebring word, vind ook fonologies neerslag in die invoegingsproduk, aangesien die vokaal wat die ingevoegde vloekwoord voorafgaan optimaler, "sterker", gemaak kan word as gewoonlik. Vergelyk:

[ɔ]-bleddie-[ranjə]

[kɔ]-bleddie-[rɛk]

[kɔlɔ]-bleddie-[næɪ]

In al hierdie gevalle is die vokaal van die ontvangswoord wat direk voor die vloekwoordinvoeging is, ongespan voordat die vloekwoord ingevoeg is:

[ɪranjə]

[kɪrɛk]

[kɔlənæɪ]

Vokaalspanning is maar een wyse van vokaalversterking ter wille van affekbelading.

3.4.2 Vloekwoordinvoeging by samestellings

Die klempatroon van die ontvangswoord en vloekwoord wat ingevoeg word, speel nie so 'n belangrike rol soos by vloekwoordinvoeging in simplekse en afleidings nie. Die vloekwoord wat ingevoeg word, hoef byvoorbeeld nie noodwendig bisillabies te wees nie: 'n vloekwoord soos PIS kan ingevoeg word. Vergelyk: ys-pis-koud.

Die enigste voorwaarde wat by hierdie invoegings geld, is dat die vloekwoorde op die morfeemgrens ingevoeg moet word, en dat die samestelling, verkieslik voor die invoeging, reeds affektiewe waarde het.

3.4.2.1 Morfeemgrens

In die volgende gevalle is die invoeging op die morfeemgrens:

Hy sit net en groot-bleddie-praat.

Moenie heel-blerrie-bankvol sit nie.

Nou sit ek heel-blerrie-dag in die son.

Die hemp is dan pik-bleddie-swart van vuilgeit!

Dit was vuur-blerrie-warm op Gordonsbaai.

Gisteraand was ek mors-fokken-doodmoeg.

Op Nuweland is dit pal ys-fokken-koud.

3.4.2.2 Affektiewe waarde van samestellings

Die samestellings waarin invoeging plaasvind, is almal affektief gelaai met 'n negatiewe waarde. Vergelyk die intensiewe en vergelykingsadjektiewe wat in die reeds genoemde data voorkom. Let veral op die hoë affektiewe waarde wat 'n intensiewe adjektief soos morsdoodmoeg het. Dié affek word nog eens verhoog deur die invoeging van 'n hewig affektiewe vloekwoord:

mors-fokken-doodmoeg.

Vloekwoordinvoeging sal nie so geredelik by samestellings met 'n suiwer referensiële waarde optree nie:

?Die tafel-fokken-poot is van staal.

Wanneer dié samestelling egter affektief, en wel negatief gelaai word, sal die invoeging makliker kan plaasvind:

Dis teen dié tafel-fokken-poot lat ek my voet ge=
stamp het.

3.4.3 Vloekwoordinvoeging in vaste woordgroepe

Vloekwoorde kan in vaste woordgroepe ingevoeg word waar daar normaalweg geen ander woord tussen die lede van die woordgroep ingevoeg kan word nie. Dís die geval by voorname en familienaam wat 'n vaste woordgroep vorm, asook in woordgroepe waar die hoorder reeds die spreker se woorde kan vooruitloop, aangesien dié woordgroep 'n vaste patroon vorm waarvan daar nooit afgewyk word nie.

3.4.3.1 Vloekwoordinvoeging in persoonsnaamgroepe

Die enigste woorde wat tussen 'n voor- en 'n familienaam ingevoeg kan word, is òf 'n tweede (en eventueel 'n derde) voorname òf een of meer voorletters òf 'n roepnaam (wat ook 'n toenaam kan wees). Vergelyk:

Eugène Marais naas Eugène Nielen Marais

André Brink naas André P. Brink

Abraham de Vries naas Abraham H. de Vries

Matthews ("Loop-en-Val") Matswareteu

ds. Joshua Francois (Jofie) Naudé (Beeld 19.2.1967: 14)

Geen ander bepaling kan tussen die voor- en familienaam ingevoeg word nie:

*Elsa slim Beukes

*Ewald vinnige Bonzet

Vloekwoorde kan egter baie geredelik hier optree. Vergelyk:

Ek is geen James bleddie Bond nie.

John bleddie Lambrechts se gesig staan my nie aan nie.

Let daarop dat klemtoon hier belangriker is as woordverdeling want 'n mens tref eerder:

Jochem van bleddie Blommenstein

of Jochem van Blommen-bleddie-stein

as Jochem bleddie van Blommenstein aan.

Vergelyk ook die groter waarskynlikheid van:

Jonathan van Bre-bleddie-da

as Jonathan bleddie van Breda.

Affek speel weer eens 'n belangrike rol by dié tipe invoeging, aangesien die proses slegs voorkom by naamgroepe wat deur die konteks of situasie in 'n negatiewe lig geplaas word. Dit kom nie voor wanneer die spreker 'n positiewe affek aan die naamgroep koppel nie. Vergelyk die onwaarskynlikheid van die volgende sinne:

?Johan bleddie Combrink beteken baie vir die departement.

?Mariana bleddie Visser is my beste vriendin.

3.4.3.2 Onderbreking van verwagte sintagmas deur vloekwoordinvoeging

By sintagmatiese patrone wat so vas geword het dat daar selde of ooit ander woorde ingevoeg word, kan dié patroon

onderbreek word deur die invoeging van vloekwoorde. Juis omdat die vloekwoord se optrede in die betrokke posisie so onverwags is, verkry die vloekwoord 'n groter trefkrag.

Vergelyk die volgende gevalle:

Ek is 'n hele een-en-'n-bliksemse-veertig jaar oud.

Dis al kwart oor fokken vier en hy's nou nog nie hier nie!

Ag fokken siestog, is hy nie oulik nie?

3.4.4 Vloekwoordinvoeging in vaste predikaatgroepe

Sahd (1971: 34) noem die invoeging van vloekwoorde in vaste predikaatgroepe die FORNICATORY INSERTION RULE. Hy gebruik die volgende voorbeeldsinne:

That's too fucking bad.

That's no damn good.

That's too goddamn much.

Volgens hom is die volgende sinne ongrammatikaal, alhoewel hulle presies dieselfde bou het as reeds genoemde sinne:

*That's too very bad.

*That's no really good.

*That's too blue much.

Hierdie tipe vloekwoordinvoeging kom ook in Afrikaans voor by vaste predikaatgroepe wat so 'n hegte eenheid vorm dat hulle as idiomatiese verbindings optree. 'n Onderskeidende kenmerk van idiomatiese verbindings is juis dat dit geen bepalings of ander woorde binne die verbinding toelaat nie.

Vloekwoorde is egter al woorde wat vryelik binne dié predikaatgroepe kan optree. Vergelyk:

Hy is so deur die bleddie mis ...

My kar is al amper oor die fokken muur.

Is jy nou einde ten bleddie laaste klaar?

... dan geniet hy dit gate fokken uit.

Hy hou hom glad te groot vir sy bliksemse skoene.

Let op die ongrammatikaliteit van dieselfde sinne wanneer 'n ander bepaling in die vloekwoord se plek gevoeg word:

*Hy is so deur die droë mis ...

*My kar is amper oor die wit muur.

*Hulle geniet dit gate baie uit.

*Hy hou hom glad te groot vir sy ou skoene.

3.5 SAMEVATTING

Dat vloekwoorde 'n unieke deel van die spreker se woordeskat uitmaak, word veral duidelik as daar na die invoegingsmoontlikhede van vloekwoorde gekyk word. Vloekwoorde is die enigste woorde wat in komplekse, simplekse en in vaste woord- of predikaatgroepe gevoeg word.

Verder is dit slegs by vloekwoorde dat 'n anderstalige morfem aan 'n Afrikaanse stam geheg word, byvoorbeeld bliksemswil en donderswil. Die feit dat Afrikaanse affikse aan Engelse leenwoorde gevoeg word, is nie uniek aan vloekwoordgebruik nie, maar gebeur ook met ontleende swetse, byvoor=

beeld blessitse en dessitse. Dan kom dit ook in die gewone woordeskat voor waar 'n Afrikaanse meervoudsuffiks byvoorbeeld aan 'n Engelse leenwoord gevoeg word soos by joppe (jobs), belte (belts) en skirte (skirts).

Oor die algemeen is die afleidings- en samestellingspatrone van vloekwoorde identies aan dié van die ander Afrikaanse vorme, op vloekwoordinvoeging na.

AANTEKENINGE

1. Vergelyk Wissing 1971: 98.
2. Afgesien van die prefiks be- tree ver- ook voor neuk op: verneuk. Hierdie prefiks tree slegs voor die vloekwerkwoord neuk op en het 'n semantiese onderskeid van die res van die neuk-vloekwoorde tot gevolg. Verneuk is die enigste neuk-geval wat die semantiese waarde "kul" of "bedrieg" het, terwyl die werkwoord beneuk "verbrou" of "beskadig" beteken en die werkwoord neuk en sy ander vorme meestal die betekenis "slaan" of "lol" het.
3. Die enigste geval opgeteken, in studentetaal, waar die vloekwoord bedonderd op 'n positiewe eienskap gedui het, is:

Dié sitkamer lyk bedonderd.

 Dit was uit die konteks afleibaar dat die sitkamer die spreker geval het.
4. Vergelyk Kempen 1969: 362 vir affikse wat kategorievormend en -intern by gewone adjektiewe optree.
5. a kan as plaasvervanger vir die woord "toilet" optree in 'n sin soos Waar is die a? Die vloekwoord kak en sy eufemismes kan ook naamwoordelik optree, maar nie in bogenoemde sin met behoud van die semantiese waarde nie:

*Waar is die $\left. \begin{array}{l} \underline{\text{kak}} \\ \underline{\text{akka}} \\ \underline{\text{akkie(s)}} \end{array} \right\} ?$

6. Afrikaans staan hier op die punt van samestellingsvorming, want naas die God weet staan godweet en naas die Heder/Here weet staan hereweet. Daar is ook opgeteken: Hy is die moer weet sleg en daarnaas: Hy sal spanne moet swot, moerweet, as hy wil pass. Na analogie hiervan word gevorm:

Ek is die {bliksem/donder} weet moeg vir jou gesanik!

Ek is {bliksemsweet/dondersweet} moeg vir jou gesanik!

7. Gevalle soos dooskop en doosgesig ressorteer ook hieronder.

8. 'n Ander voorbeeld wat hieronder kan ressorteer, is:

donsdosie.

9. Let daarop dat 'n samestelling soos *kakhol nie voorkom nie.

10. In Engels is vloekwoordinvoeging 'n ewe produktiewe proses:

abso-bloody-lutely

christall-fuckin-mighty

of-bloody-course

in-fuckin-credible

In Engels kan gewone woorde, behalwe vloekwoorde, egter ook ingevoeg word:

abso-one-hundred-per-cent-lutely

be-awfully-ware

11. Aronoff (1976: 70) gee die volgende invoegingsreël:

[X ³V Q ¹V Z]

1 2 3 4 5 →

1 2 3 fuckin 4 5

Hierdie reël maak geen voorsiening vir die prevokaliëse konsonante in die sillabe net na die ingevoegde vloekwoord nie. Volgens Aronoff sou mens uit blerrie en oom bliklik kry:

*oo/mb1/blerrie/i/klik

³V Q fuckin ¹V Z

12. Met dank aan professor Combrink vir baie van dié opgetekende data.

13. Asseblief is 'n heel besondere ontvangswoord, aangesien dit omtrent enige invoegsel sou kon akkommodeer. Daarom tree ook vloekwoorde wat normaalweg nie as invoegsels diens doen nie, hier op. Vergelyk:

bliksem : asse-bliksemse-blief

donder : asse-donderse-blief

God : asse-gods-blief

Here : asse-here-seblief

14. Dit wil voorkom asof dit hoofsaaklik kernwoordeskatwoorde en nie randwoordeskatwoorde wat as ontvangswoorde vir ingevoegde vloekwoorde dien nie. Hierdie bewering kan nie bewys word voordat die onderskeiding tussen kernwoordeskat en randwoordeskat nie veel meer geartikuleer is in die vakondersoek nie.

15. Aangesien vloekwoorde altyd 'n hoë affektiewe waarde het, dien hulle dikwels as ontvangswoorde vir vloekwoordinvoeging. Vloekwoordinvoeging kan ook in ander vloekwoorde voorkom, omdat die ontvangswoord se negatiewe waarde nie voldoende is vir dit wat die spreker wil oordra nie. Wanneer vloekwoorde deur oormatige gebruik oorbekend raak, stomp hul negatiewe waarde af. Ander vloekwoorde word nou ingevoeg om die negatiewe waarde te versterk. Vergelyk:

Alla-blerrie-magtag, kry nou end!

Is jy be-blerrie-donderd?

Hy's seker be-fokken-fok in sy kop.

Ek het hom amper ge-blerrie-bliksem.

Gods-bleddie-nogtoe! Dit ook nog!

Dis gods-fokken-skreienlik soos dit hier gaan.

HOOFSTUK 4

AFFEK: EUFEMISME EN DISFEMISME

In hierdie hoofstuk word daar gekyk na die emosionaliteit wat alle vloekwoorde te kenne gee. Daar sal veral aandag gegee word aan die verligting (eufemisme) en verswaring (disfemisme) van dié emotiewe waarde.

4.1 EMOSIONALITEIT VAN VLOEKWOORDE

4.1.1 Betekenismente van gewone woorde

Combrink (1980(b): 1) beweer dat daar onder gewone woorde vyf tipes betekenismente bestaan. Hulle is leksikaal, vraend, deikties, grammaties en emotief van aard.

Leksikale betekenismente is opgesluit in noemende woorde soos bed, tafel en klip. Onder die woorde met vraende betekenismente ressorteer woorde soos hoekom, wanneer en wie. 'n Deiktiese betekenisment is volgens Combrink (Op.cit.: 1) "wys"-betekenis wat "vir sy toepassing absoluut afhanklik is van die gebruiksituasie." Onder die woorde met so 'n betekenisment ressorteer byvoorbeeld hier, daar, so, gister, ek en jy. Grammatiese betekenis dien om "grammatikale verhoudings tussen taalbousels self te bewerkstellig". Volgens Combrink (Op.cit.: 2) het die woordgroep vir ... om te slegs 'n betekenis in die grammatika van

Afrikaans; dié woordgroep is naamlik 'n onderskikker. Hier= die vier tipes betekenismomente noem ek in die verdere be= toog "begripsmatige inhoud" (vgl. Scholtz s.j.: 77).

Emotiewe betekenismomente is aanwesig in woorde wat emosio= naliteit en/of sprekershouding te kenne gee, en dié bete= kenismomente tree die duidelikste in vloekwoorde op.

4.1.2 Betekensmomente van vloekwoorde

Volgens Scholtz (s.j.: 77) het die meeste vloekwoorde geen begripsinhoud nie. Hulle betekenis berus hoofsaaklik op hulle gevoelswaarde, en hoe swakker die begripsinhoud van 'n vloek- of skeldwoord, hoe kragtiger die vloek- of skeld= woord.

Semanties kan vloekwoorde in vier kategorieë verdeel word:

- i) die wat slegs gepaardgaande emosionaliteit te kenne gee,
- ii) die wat emosionaliteit én sprekershouding te kenne gee,
- iii) die wat emosionaliteit skep deur hulle disjunkte toepassing, en
- iv) die wat onder andere gepaardgaande emosionali= teit te kenne gee.

4.1.2.1 Vloekwoorde wat uitsluitlik gepaardgaande emosionaliteit te kenne gee

Onder hierdie kategorie ressorteer vloekwoorde soos bleddie, blessit, dêmmit, dessit en fokken. Hierdie vloekwoorde het geen begripsinhoud nie - hulle tree as indekse van emosies op, met ander woorde hulle nóém nie 'n emosie soos wat die woorde angs, woede en opwinding nóém nie. Hulle gee slegs gepaardgaande emosionaliteit te kenne, dit wil sê hulle is simptomaties van 'n bepaalde emosie. Vergelyk die sin:

Die blerrie kar het gaan staan.

Die vloekwoord blerrie dra emosionaliteit middellik via die naamwoordstuk die kar na die hele sin oor. Sodoende word die serebrale woordgroep in die sin affektief gelaai. Alhoewel blerrie in 'n adjektiewiese posisie staan, het dit nie 'n adjektiewiese funksie, naamlik om sekere eienskappe aan die naamwoord kar toe te skryf nie. Emosionaliteit kan ook middellik via die werkwoordstuk op die sin as geheel oorgedra word wanneer die vloekwoord byvoorbeeld as adjunk optree:

Die kar het gaan blerrie staan.

Verder kan emosionaliteit middellik via die adjektiefstuk op die woordgroep oorgedra word wanneer die vloekwoord as graadwoord optree:

Die kar is so blerrie sleg dat hy gaan staan.

Vloekwoorde wat as interjeksies optree, gee op onmiddellike wyse emosionaliteit ten opsigte van 'n sin te kenne. Vergelyk:

Dêmmit
{ Fok }, die kar het gaan staan!

Vloekinterjeksies kan na agter in die sin verskuif, wat daarop dui dat dié vloekwoord nie saam met 'n spesifieke sinsdeel optree nie, maar saam met die sin as geheel:

Die kar het gaan staan, { dêmmit
fok }!

Vloekinterjeksies sal net soos gewone interjeksies eerder in die voorste rand van die sin optree, aangesien emosionaliteit gewoonlik eerste te kenne gegee word voordat ge-konstateer word wat die emosie veroorsaak het.

Na gelang van die sterkte van die taboewaarde van 'n bepaalde vloekwoord, gee die vloekwoord 'n sterker of swakker graad van emosionaliteit te kenne. Vergelyk die verskil in emosionaliteit tussen:

1. Die fokken kar het weer gaan staan.
2. Die blesit kar het weer gaan staan.

Sin 1 gee sterker emosionaliteit as 2 te kenne, omdat fokken se taboewaarde hoër as dié van blesit is. Hierdie onderskeid kan egter slegs gemaak word wanneer blesit sowel as fokken deel is van die spreker se aktiewe vloekwoordeskat. By sommige sprekers is fokken sō gewoon dat dit nie meer op verhoogde emosionaliteit dui nie en blesit bestaan nie in party sprekers se aktiewe woordeskat nie.

'n Vloekwoord gee nie altyd die spreker se emosionaliteit te kenne oor 'n saak of sake wat in die res van die sin genoem word nie. Gestel 'n bepaalde spreker se meerdere wek 'n

sterk negatiewe emosie by die spreker. Hy durf egter nie hierdie emosionaliteit jeens sy meerdere te kenne gee nie. Die spreker kan direk na genoemde gesprek die volgende teenoor sy gelyke of ondergeskikte besig:

Vat jou fokken boeke van my blerrie bed af.

Hier gee die spreker uiting aan 'n emosie wat deur sy meerdere veroorsaak is en nie deur die aangesprokene se boeke, sy bed of deur die aangesprokene self nie. Sintakties en semanties hoort die vloekwoorde blerrie en fokken wel by die naamwoordstukke jou boeke en my bed, maar pragmaties nie: hulle gee gepaardgaande emosionaliteit te kenne.

4.1.2.2 Vloekwoorde wat emosionaliteit én sprekershouding te kenne gee

Onder hierdie kategorie ressorteer vloekwoorde soos:

bebliksemd, bedonderd, befoeterd, befok, bemoerd,
beneuk.

Vergelyk die volgende sinne:

1. Die donderse man het voor my ingery.
2. Die bedonderde man het voor my ingery.

In 1 gee die vloekwoord slegs emosionaliteit te kenne, net soos blerrie en fokken, maar in 2 is daar saam met die emosionaliteit ook sprekershouding aanwesig: Die spreker veroordeel iemand/iets deur die gebruik van hierdie tipe vloekwoord ten opsigte van 'n eienskap of karaktertrek van die veroordeelde wat uit die konteks of situasie of sake=

kennis afgelei word. Hierdie tipe vloekwoord kan ook op nie-lewende sake toegepas word.

Hierdie {bedonderde
befokte} petrolprys sal my nog bankrot
maak!

Die graad van emosionaliteit wat te kenne gegee word, sowel as die sterkte van veroordeling speel 'n rol in die vloekwoordkeuse om sprekershouding mee aan te dui. Vloekwoorde en swetse met 'n laer taboewaarde kan by 'n ligter veroordelende houding gebruik word:

bedodderd, bedons, beduiweld, beheks, beswernoot.

Woorde sonder enige taboewaarde kan dieselfde veroordelende funksie hê, terwyl hulle soos die vloekwoorde geen begripsinhoud bevat nie. Hulle sal gebruik word wanneer die eien skappe wat sprekershouding ontlok nie so 'n hoë emosionaliteit wek nie. Vergelyk:

befiedel (353), beghais (354), bejies, bejoeks,
bejorries (359), betjoeks, betjoins, betjols (398)
(WAT I).

4.1.2.3 Emosionaliteit geskep deur disjunkte toepassing van taboe woorde

Die tipe vloekwoorde onder bespreking is byvoorbeeld kak en stront in konstruksies soos:

My hele tafel lê vol {kak
stront} .

Dis 'n {kak
stront} boek.

Hierdie vloekwoorde bevat wel 'n leksikale betekenismoment soos blyk wanneer hulle konjunk gebruik word. Reichling (1961: 38) noem dit 'n woord se "konjunkte momente-toepassing". Vergelyk byvoorbeeld stront se konjunkte toepassing in 'n sin soos:

Tel die stront op die gras op.

Die woorde stront of kak het 'n inherente taboe wat nie in die betekenis van die woorde lê nie, aangesien hulle deur die taboelose mis of ekskretum vervang kan word.

In die sin My tafel lê vol stront dui stront nie op mis of ekskretum nie. Stront word disjunk toegepas, dit wil sê slegs 'n paar van die geaktiveerde momente van stront word toegepas, byvoorbeeld taboe, afstootlik, verwerplik, nuttelos. Al die betekenismomente van die leksikale stront is dus nie hier toepaslik nie. 'n Diskrepansie, 'n spanning ontstaan tussen die toepasbare en nie-toepasbare momente van die betrokke taboe woord. Dit is juis hierdie spanning tesame met die taboewaarde van stront wat aan hierdie woord sy vermoë verleen om emosionaliteit te kenne te gee.

Saam met emosionaliteit gee hierdie tipe vloekwoorde ook sprekershouding te kenne, aangesien hulle 'n veroordelende funksie het wat veral duidelik word in die adjektiewiese optrede van die tipe vloekwoord:

Dis 'n {kak/stront} fliiek.

4.1.2.4 Emosionaliteit naas kategoriale waarde

Vloekwoorde soos die volgende word hier bespreek:

1. Die {bliksem/donder} slaan sy vrou.
2. Ek {bliksem/donder} jou nou.

Dit lyk asof hierdie vloekwoorde net soos dié in paragraaf 4.1.2.3 leksikale betekenismomente bevat wat disjunk toegepas word. In werklikheid is dit nie so nie, want hierdie vloekwoorde het sinchronies geen verband meer met die gelykluidende vorme wat wel leksikale betekenismomente het nie.

Hierdie vloekwoorde sluit semanties aan by die in paragraaf 4.1.2.1, dit wil sê hulle is slegs indekse van gepaardgaande emosionaliteit. Verder is hier soos by die vloekwoorde blerrie en fokken geen sprekershouding aanwesig nie, aangesien hierdie vloekwoorde nie veroordeel nie. Die enigste verskil tussen hierdie twee kategorieë vloekwoorde is dat vloeke soos donder en bliksem naamwoordelike en werkwoordelike status verkry op grond van die taalgebruiker se wete oor die onderskeie leksikale kategorieë. Donder en bliksem in 1 gee emosionaliteit te kenne én ook "entiteit", want "entiteit" is die kategoriale waarde van substantiewe. Die betrokke vloekwoorde in 1 word verder as substantiewe geïnterpreteer, omdat hulle saam met die bepaalde lidwoord die optree. Hierdie vloekwoorde kan byvoorbeeld ook soos ander substantiewe saam met 'n onbepaalde lidwoord optree:

Hy is 'n { bliksem
donder }.

In 2 funksioneer die vloekwoorde donder en bliksem as werkwoorde, aangesien hulle 'n proses te kenne gee en werkwoorde dui onder andere prosessering aan. Die werkwoorde donder en bliksem gee emosionaliteit te kenne én ook "proses", want "proses" is een van die kategoriale waardes van werkwoorde.¹

Behalwe "entiteit" en "proses" kan "resultaat" ook saam met emosionaliteit te kenne gegee word. Vergelyk die vloeknaamwoord in: Sy is 'n fokop. Emosionaliteit, "entiteit", sowel as "resultaat" word te kenne gegee. Vloekwerkwoorde kan ook resultatief optree: Sy het hom opgefok. "Proses" en "resultaat" is aanwesig en nie slegs "proses" soos in Sy het gefokôf nie. "Resultaat" kan verder saam met "toestand" te kenne gegee word: Hy is bedonder. In die sin Hy is bedonderd word slegs "toestand" te kenne gegee.

Let daarop dat vloekwoorde soos bliksem, donder, blerrie en fokken in dieselfde vloekkonstruksies kan optree. Almal gee bloot gepaardgaande emosionaliteit te kenne. Semanties is hulle dus dieselfde tipe vloekwoord:

Die { bleddie
bliksemse
donderse
fokken } kar het gaan staan.

Sy is { bleddie
bliksems
donders
fokken } sleg.

Jy sal moet { bleddie
bliksems
donders
fokken } hardloop!

4.1.3 Emosionaliteit en sprekershouding by gewone woorde

Net soos by sommige vloekwoorde, gaan emosionaliteit en sprekershouding hand aan hand by gewone woorde wat affektief optree. Hierdie woorde bevat almal definitiewe leksikale betekenismomente, en nie slegs emotiewe betekenis-momente soos die meerderheid vloekwoorde nie. Hulle dui byvoorbeeld die geslag van die referent aan, terwyl die sprekershouding ten opsigte van die eienskappe van die referent wat die veroordeling en emosionaliteit ontlok, gespesifiseer word. Dit hoef nie soos by vloekwoordgebruik uit die konteks of situasie of sakekennis afgelei te word nie. Hierdie onderskeie eienskappe wat emosionaliteit en sprekershouding ontlok, dien as basis vir die semantiese onderskeide tussen hierdie woorde. Die emosie wat te kenne gegee word, is nie so eksplisiet soos in die geval van angs wat "vrees" noem nie, maar dis ook nie so konteksgebonde soos vloekwoorde nie. Deur woorde soos byvoorbeeld lief en skat is die emosie wat te kenne gegee word duidelik

"liefderykheid".

Eerstens word 'n aantal woorde bespreek wat negatiewe emosionaliteit en sprekershouding te kenne gee. Vergelyk die woorde teef, bitch en koei. Hulle het almal die kenmerke $\left[\begin{array}{l} + \text{vroulik} \\ + \text{volwasse} \end{array} \right]$. Die hoë emosionaliteit wat hierdie woorde te kenne gee, is 'n gevolg van die verdierliking of ontmensliking wat die referent ondergaan wanneer dié woorde op haar toegepas word. Woorde wat ontmensliking te kenne gee, dra gewoonlik 'n hoë taboewaarde wat uit beskaafde gespreksituasies geweier word. Vergelyk: suip, vreet en vrek. Teef, bitch en koei gee met ander woorde almal emosionaliteit én sprekershouding te kenne, maar hulle word semanties onderskei op grond van dié eienskappe van die referent wat die spreker se veroordelende houding ontlok. Dit kan soos volg uiteengesit word:

Teef:

- | | |
|------------------|--------------------------|
| | 1. Koitale wangedrag |
| en eventueel ook | 2. Mondelinge wangedrag. |

Bitch:

- | | |
|------------------|-------------------------|
| | 1. Mondelinge wangedrag |
| en eventueel ook | 2. Koitale wangedrag. |

Koei

Liggaamlike en geestelike
onaanvaarbaarheid.

Let daarop dat teef en bitch, wat gewoonlik as sinonieme van mekaar beskou word, in een opsig teenoor mekaar staan, want presies die teenoorgestelde patroon geld vir hul gebruik: Teef word aangewend vir vroue wat hulle koïtaal wangedra, en by wie mondelinge wangedrag eventueel aanwesig is. Bitch daarenteen, word gebruik vir vroue wat hulle in eerste instansie mondeling wangedra, en by wie koïtale wangedrag eventueel aanwesig is. Die feit dat bitch nie soos teef hoofsaaklik op koïtale gedrag dui nie, gee daartoe aanleiding dat bitch 'n laer taboewaarde as teef het. Koei het van genoemde woorde die laagste taboewaarde, aangesien hier geen sprake is van koïtale wangedrag nie, maar die referent bloot liggaamlik en geestelik onaanvaarbaar is.

Die woorde flerrie en flirt word ook teenoor volwasse vroue gebruik om emosionaliteit en sprekershouding te kenne te gee, maar dra geen taboewaarde nie, aangesien verdierliking afwesig is. Die eienskap wat by die gebruik van flerrie sprekersveroordeling ontlok, is onaanvaarbare rondvryery. Flirt word gebruik vir 'n ligter veroordeling van onaanvaarbare rondvryery. Waar flerrie slegs op volwasse vroue van toepassing is, kan flirt ook na volwasse mans verwys.

Woorde soos vent en takhaar gee beide emosionaliteit en sprekershouding te kenne, maar word uitsluitlik op manspersone toegepas. By vent is daar 'n algemene veroordeling van die referent se gedrag en/of karakter en gaan dit nie om liggaamlike veroordeling nie. Die gebruik van takhaar dui op 'n gedrags- én liggaamsveroordeling.

Woorde wat emosionaliteit en sprekershouding te kenne gee, kan ook positief gelaai wees. Hulle sal met ander woorde nie veroordelend wees nie, maar gee liefderykheid as emosie te kenne, en intimiteit en goedkeuring as sprekershouding. (Dit is nie teen die goedkeuring nie, maar teen die intimiteit (en eventueel die liefderykheid) dat 'n referent partymaal beswaar maak.) Vergelyk die woorde:

liefie, liefling, liefste, skat, skatlam, skattebol.

Hulle word op grond van hulle gebruik en referente waarop hulle toegepas word van mekaar onderskei. Vergelyk:

Liefling/Liefste:

$$\left\{ \begin{array}{l} [+ \text{ vroulik}] \\ [+ \text{ manlik}] \end{array} \right\}$$

Liefdesverhouding/ouer-tot-kind-verhouding

Skatlam/Skattebol:

$$\left\{ \begin{array}{l} [+ \text{ vroulik}] \\ [+ \text{ manlik}] \end{array} \right\}$$

Liefdesverhouding/ouer-tot-kind-verhouding

Skat:

$$\left\{ \begin{array}{l} [+ \text{ vroulik}] \\ [+ \text{ manlik}] \end{array} \right\}$$

Liefdesverhouding/ouer-tot-kind-verhouding

Platoniese verhouding: Vrou vs $\begin{Bmatrix} \text{Vrou} \\ \text{Man} \end{Bmatrix}$

Man vs Vrou

Liefie:

{ [+ vroulik]
[+ manlik] }

Liefdesverhouding/ouer-tot-kind-verhouding

Platoniese verhouding: Ouer vrou vs Vrou

Man vs Gelyke/Ondergeskikte
vrou

Al hierdie woorde kan op beide volwasse en onvolwasse vroue en mans toegepas word. Die gebruik van liefling, liefste, skatlam en skattebol dui op liefde tussen persone van die teenoorgestelde geslag of op die liefde van die ouer teenoor sy kind.

Liefie en skat dui in die eerste instansie op 'n liefdesverhouding, maar dit kan ook by taalgebruikers voorkom tussen wie daar 'n platoniese vriendskap bestaan. Skat kan selfs tussen vrou en vrou voorkom. Daar is groter beperkings op liefie se gebruik op platoniese vlak, aangesien ouderdom en status van die referent 'n rol speel. Ouer vroue kan dit wel teenoor vroue wat jonger is, gebruik, terwyl vroue van dieselfde ouderdom en status dit nie teenoor mekaar sal gebruik, soos wel by skat kan gebeur nie. Mans kan dit teenoor vroue op platoniese vlak gebruik, ongeag die ouderdomsverskil, maar wel met inagneming van aangesprokene se status. Liefie sal nie geredelik deur 'n man teenoor 'n vrou met 'n hoër status gebruik word nie. Die rede waarom liefie nie teenoor persone met 'n hoër status gebruik word nie, is die aanwesigheid van die diminutiefsuffiks -ie. Alhoewel liefderykheid te kenne gegee word, kan hierdie diminutief=

suffiks 'n houding van geringskating toon wat algemeen is by die gebruik van 'n diminutiefsuffiks soos in juffroutjie en mevroutjie.

Uit hierdie bespreking kan afgelei word dat emosionaliteit en sprekershouding nie uniek is aan vloekwoordgebruik nie, maar dat vloekwoorde slegs een kategorie woorde is wat emosionaliteit en sprekershouding in Afrikaans te kenne gee. Die uniekheid van vloekwoorde is geleë in hulle taboewaarde eerder as in hulle betekenistipe(s).

4.2 EUFEMISME

Allerlei tipes omstandighede dwing die spreker soms daartoe om die negatiewe emosionaliteit en sprekershouding wat 'n bepaalde vloekwoord te kenne gee, te versag.² Dié eufemiserende werking kan op die volgende wyses geskied:

- i) deur die vorming van swetse,
- ii) deur 'n vloekrymkonstruksie te gebruik om die emosionaliteit te temper met humor, en
- iii) deur die gebruik van anderstalige vloekwoorde.

4.2.1 Swetsvorming

Die vorming van swetse (d.w.s. eufemistiese vloekwoorde) is die algemeenste tipe versagting. Volgens Lubbe (1970: 44) word die swets nie soseer gebruik om negatiewiteit te verberg nie, maar om "die pynlike indruk op die luisteraar of die onaangename gevolg vir die spreker te verklein".

Volgens Calitz (1979: 4) geskied die vorming van swetse opsetlik. Vir hom is die spreker se motivering vir die vorming van 'n swets dat die vloekwoord onskuldiger moet klink. Die vorming van swetse is opsetlik, maar sommige sprekers gebruik nie altyd opsetlik swetse om vloekwoorde te omseil nie. Baie swetse word s6 algemeen dat die sprekers nie meer bewus is van die vloekwoord waaruit die betrokke swets gevorm is nie. Vir dié sprekers is die swetse wat hulle gebruik heel onskuldige woorde met geringe affektiewe waarde. Vergelyk die swetse flippen, giftig, gits, griet, heiden, heigend, jissie, jislaaik, ensovoorts.

4.2.1.1 Fonologie

Die fonologie speel 'n uiters belangrike rol by die vokaal- en konsonantwysigingsprosesse wat swetse vorm. Vokaal- en konsonantwysiging geskied nie op lukrake wyse nie, maar slegs BINNE BEPAALDE PERKE: die oorspronklike en die vervangende segmente moet almal distinktiewe kenmerke gemeen hê.³

a) Vokaalwysiging

Slegs deurdat die vokaal /ɔ/ in God verander, verminder die resultaat se taboewaarde: dis nou 'n swets. Die /ɔ/ kan in /a, ə, œ/ of /u/ verander. Vergelyk:

gat, gats, kat;
gits, gitta, kit;
gut, guts;
goets.

Let daarop dat die begin- en slotkonsonante van sommige swetse presies dieselfde as by die vloekwoord is: gat, git, gut.

/ɔ/ verander in /a, ə, œ/ of /u/, omdat dié vokale die distinktiwe kenmerke $\begin{bmatrix} - & \text{voor} \\ - & \text{gespan} \end{bmatrix}$ gemeen het. Vokale met die kenmerk $[+ \text{voor}]$ sal nie as plaasvervangers vir /ɔ/ kan optree nie: *get, *giet,⁴ *geut, *guut. Ook kom geen diftonge hier voor nie: *gyt, *goot, *gaait, *geeut.

Die /E/ van Here kan gewysig word tot 'n /ε/ of 'n /ə/:

herre;
jinne, jirre, jitte.

Deurdadig die vokaal gewysig word, word die vloekwoord vanselfsprekend onherkenbaarder, maar die /E/ sal nie in enige vokaal verander nie. /E, ε/ en /ə/ het distinktiwe kenmerke wat hulle van die ander vokale onderskei, naamlik: $\begin{bmatrix} - & \text{agter} \\ + & \text{mid} \\ - & \text{rond} \end{bmatrix}$. Daarom word vorme soos *hare, *hiere, *hore nie as swetse uit die vloekwoord Here gevorm nie.

Die vloekwoord Jesus se uitspraak is selde dieselfde as dié van die Bybelse Jesus, naamlik: $[jɪsəs]$. Die vokaal word verleng tot $[jɪsəs]$ of dit kan verkort word tot $[jəsəs]$. Die Engelse uitspraakvorm $[jɪzəs]$ word ook dikwels onder

Afrikaanssprekendes aangetref. Dié vloekwoord se vokale word van die begin af gewysig om die taboewaarde te versag voordat die ander swetsvormende prosesse soos byvoorbeeld verkorting en byvoeging intree: jis, jislaaik.

Let daarop dat die onderskeie vokaallengtes op verskillende sprekersemosies kan dui: [jəsəs] gewoonlik op woede of ongeduld en [jɪsəs] meer frekvent op verbasing of verrassing.

Die begin- en slotkonsonante van kak kan behou word, terwyl slegs die vokaal verander in h /ə/ of /ɛ/:

kik, kek.

Weer eens toon /a, ə/ en /ɛ/ distinktiwe kenmerke, naamlik:

[- hoog
- rond
- gespan]

Swetse kan ook gevorm word deur die verlenging van die vokale in die betrokke vloekwoorde. Vergelyk:

gat : gaat

hol : hool

God : koots, gaats, [kə:t]

b) Konsonantwysiging

Soos by vokaalwysiging speel die distinktiwe kenmerke 'n bepalende rol by konsonantwysiging.

Die beginkonsonant van God kan deur 'n /k, g, h/ of /ʔ/ vervang word. Vergelyk:

kit(s), kot(s), koot(s);

gholla;

[hət], [həts], [hət], [həts];

[ʔət].

Dié konsonantvervanging is nie lukraak nie. Al hierdie konsonante het die distinktiwe kenmerke $\begin{bmatrix} - & \text{son} \\ - & \text{ant} \end{bmatrix}$ en dit is die rede waarom juis hierdie konsonante die /x/ vervang.

Die /t/ in God kan deur die nasaal /n/ of deur die likwied /l/ vervang word: gonna, golla. Weer eens toon hierdie konsonante gemene onderskeidende kenmerke, naamlik:

$\begin{bmatrix} + & \text{kor} \\ - & \text{voor} \\ - & \text{kras} \end{bmatrix}$.

Wanneer een konsonant van 'n bepaalde klas in 'n spesifieke posisie optree, kan ander konsonante van die klas gewoonlik ook daar voorkom. Die /n/ kan dus deur /m/ vervang word: gomma.

Afgesien van dié konsonante kan die /t/ deur /p/ vervang word, gops, maar waarskynlik is gops 'n geval van woordsubstitusie vir 'n vloekwoord.⁵ /t/ en /p/ het die volgende distinktiwe kenmerke gemeen: $\begin{bmatrix} + & \text{ant} \\ - & \text{stem} \\ - & \text{kont} \end{bmatrix}$.

Al die genoemde konsonante, naamlik /p, m, n, l/ en /t/ het die volgende distinktiwe kenmerke gemeen: $\begin{bmatrix} + \text{ ant} \\ - \text{ kras} \end{bmatrix}$. Die kenmerk [+ ant] speel die deurslaggewende rol, want dit verklaar waarom die nasaal met die kenmerk [- ant], naamlik /ŋ/ nie vir /t/ vervang nie. Om dieselfde rede word /t/ ook nie deur /k, x/ of /g/ vervang nie.

Die vloekwoord Here se beginkonsonant kan tot /j/ gewysig word, terwyl Jesus se /j/ in /h/ verander: /j/ is net soos /h/ 'n ongeronde glyer. Beide vertoon dus die distinktiwe kenmerke $\begin{bmatrix} - \text{ kons} \\ - \text{ sill} \\ - \text{ rond} \end{bmatrix}$. Vergelyk:

jeerder, jinne, jirre, jitte.

hiesis.

Die /r/ van Here kan tot 'n /n, d/ of /t/ gewysig word: die oorspronklike en die vervangende segmente het almal die volgende distinktiwe kenmerke gemeen: $\begin{bmatrix} + \text{ kor} \\ + \text{ ant} \\ - \text{ lat} \\ - \text{ kras} \end{bmatrix}$. Vergelyk:

hene, jinne;

hede;

hete; jitte.

Die slotkonsonant van kak kan vervang word deur 'n /t/:

atta, attie,

terwyl die /t/ van magtag tot 'n /k/ gewysig kan word. Die /x/'s van magtag kan deur /s/ vervang word:

maskas.

Hierdie konsonantwysigingsproses kan in een reël saamgevat

word:
$$\begin{bmatrix} - \text{son} \\ \alpha \text{kor} \\ \alpha \text{ant} \\ - \text{stem} \end{bmatrix} \leftrightarrow \begin{bmatrix} - \text{son} \\ - \alpha \text{kor} \\ - \alpha \text{ant} \\ - \text{stem} \end{bmatrix}$$

Bogenoemde is 'n spieëlreël (dit wil se /k/ of /x/ kan tot /t/ of /s/ gewysig word en /t/ of /s/ kan tot /k/ of /x/ gewysig word). Hierdie reël verklaar waarom die /k/ van kak nie in 'n /p/ verander nie: *appa, en die /x/'s van magtag nie in 'n /f/ nie: *maftaf.

c) Uitspraakwysiging

Die uitspraak van 'n vloekwoord kan deur sillabegrensver=skuiwing en die invoeging van 'n vokaal sodanig verander dat dit sy karakter as vloekwoord heeltemal verloor:

$$[\text{pup.hɔl}] > [\text{pO.E.pɔl}]$$

'n Vloekwoord se negatiewe waarde word ook versag as die be=trokke vloek se letteruitspraak gebruik word:

gat : $[\text{xE.A.tE}]$

kak : $[\text{kA.A.kA}]$

d) Homofoon

By die vloekwoord skyt kan die Engelse "skate" gebruik word om die vloekwoord te verbloem. Dié twee woorde is homo=fone van mekaar, aangesien hulle klankpatroon identies is. Vergelyk die volgende sinne waar skate as substituut vir skyt optree:

Gaan skate op die ys.

Nou Vrydagaand gaan julle 'skate' sonder skaatse.

(Van Straten 1966: 18.)

e) Verkorting

'n Verkortingsproses kan sommige vloekwoorde vermom tot vorme met 'n lae of geen taboewaarde. Die algemeenste proses van verkorting is die skrapping van eindkomponente. In die eerste plek kan die eindsillabe van die oorspronklike vloekwoord geskrap word:

Here : jee, jir
 Jesus : jis, jees/jeez
 Magtag : mag.

Slegs die eindkonsonant kan geskrap word:

God : gô
 kak : ka.

Verder kan vloekwoorde sô verkort word dat **slegs** die begin-konsonant na skrapping oorbly:

God : [xE]
 Jesus : [jE]
 pis : [pI]

Hierdie eufemisme kan meer versag word deur die reduplisering van die betrokke konsonant:

piepie.

Die vloekwoorde donder, fok en moer kan ook deur verkorting versag word deurdat slegs die beginkonsonante van hierdie

vloekwoorde oorbly. Vergelyk:

Hy het hom goed ge- $\left. \begin{array}{c} \underline{d...} \\ \underline{f...} \\ \underline{m...} \end{array} \right\}$.

Dan kan verkorting teweeggebring word deur beginkomponent=skrapping. Vergelyk byvoorbeeld die skrapping van die eerste sillabe by die vloekwoorde magtag en wragtag: tag.

Die anlaut van 'n vloekwoord kan ook geskrap word. Let daarop dat die vloekwoord hier in 'n hoë mate herkenbaar bly:

God : [ʔot]

moers(e) : oers(e)

skyt : yt

kak : akka. Dis interessant om daarop te let

dat die beginkonsonant van kak nie geskrap kan word alvorens 'n suffiks aanwesig is nie: *ak.⁶ Vergelyk akka en akkie(s). Beide die konsonante van kak kan egter geskrap word, met of sonder die aanwesigheid van 'n suffiks: a, a-a. Hierdie versagtings is nie swetse nie, aangesien hulle slegs konjunk toegepas word. Hulle is eufemistiese vervormings van die taboe woord kak in sy konjunkte gebruik.

4.2.1.2 Fonologie en Morfologie

a) Verkorting en Aanbou

Die eindkomponente van die oorspronklike vloekwoorde word

eers geskrap voordat gewysigde komponente aan die verkorte gedeeltes gevoeg word. Die fonologie speel nog altyd 'n rol, want daar word van links in die vloekwoord bepaal hoeveel van die oorspronklike vloekwoord behou word voordat die nuwe komponente bygevoeg word. Verder het die resultaat dikwels dieselfde aantal sillabes as die oorspronklike vloekwoord, terwyl die klankpatroon ook grootliks met dié van die vloek ooreenstem. Hoe meer komponente van die vloekwoord behou word, hoe herkenbaarder is die swets as die oorspronklike vloekwoord. Die volgende dele van die vloekwoorde word behou voordat byvoeging plaasvind:

i) Die anlaut:

<u>ble</u> ddie	:	<u>b</u> liengkieng, <u>b</u> loemen
<u>b</u> liksem (ww.)	:	<u>b</u> laas
<u>C</u> hristus	:	<u>k</u> roos
<u>f</u> ok	:	<u>v</u> rek
<u>f</u> okken	:	<u>f</u> lippen
<u>f</u> okkit	:	<u>f</u> lippit
<u>g</u> at	:	<u>g</u> uava
<u>G</u> od	:	<u>g</u> iftig, <u>g</u> oeie, <u>g</u> oeiste, <u>g</u> riet
<u>J</u> esus	:	<u>j</u> akkes, <u>j</u> ustice
Jesus <u>C</u> hristus:	:	Hessim <u>K</u> rokker
<u>k</u> ak	:	<u>k</u> oek, <u>k</u> riek, <u>k</u> roek
<u>m</u> agtag	:	<u>m</u> ensig, <u>m</u> intag
<u>s</u> hit	:	<u>s</u> jaks, <u>s</u> jostokowitz
<u>s</u> kyt	:	<u>s</u> kaats, <u>s</u> kuiwe
<u>w</u> ragtag	:	<u>w</u> arempel, <u>w</u> erklik, <u>w</u> rentig, <u>w</u> rintag, <u>w</u> rintie, <u>w</u> rintlik.

ii) Die anlaut en die daaropvolgende vokaal:

<u>Christ</u>	:	<u>kraikie</u>
<u>gat</u>	:	<u>gai</u> , <u>gawie</u>
<u>God</u>	:	<u>goliat</u> , <u>golgota</u> , <u>gorrel</u>
<u>hel</u>	:	<u>heng</u>
<u>hol</u>	:	<u>hoi</u>
<u>kak</u>	:	<u>kaf</u>
<u>magtag</u>	:	<u>mapstieks</u>
<u>moer(s(e))</u>	:	<u>moewers</u> , <u>moewies</u>
<u>shit</u>	:	<u>sherbet</u>
<u>stront</u>	:	<u>strawberries</u> , <u>strooi</u>

iii) Die inisiële sillabe:

<u>bliksem</u>	:	<u>blikemmer</u>
<u>Christus</u>	:	<u>krisemis</u>
<u>donder</u>	:	<u>donkie</u> , <u>dons</u> (in-, op-)
<u>Heiland</u>	:	<u>heiden</u> , <u>heigend</u> (hert)
<u>Here</u>	:	<u>hemel</u>
<u>magtag</u>	:	<u>magistraat</u>
<u>verdomp</u>	:	<u>verbrands</u>

iv) Die inisiële sillabe plus die daaropvolgende konsonant:

<u>bliksem(s(e))</u> :	<u>blikskater</u> , <u>blikskottel</u> , <u>blikslaer</u> , <u>blikstiens(e)</u>
<u>Christus</u>	: <u>kristen</u>
<u>Here</u>	: <u>herder</u> , <u>heerlik</u> , <u>jerusalem</u>
<u>Jesus</u>	: <u>jesaja</u> , <u>jisbaai</u> , <u>jislaaik</u> , <u>jispaai</u> , <u>jissem</u> , <u>jissie</u> ,

jissou, jisterdei

verdomp : (ver)deksels, verdorie,
verduikels, verduiwels.

Let daarop dat sommige van hierdie swetse begripsmatige inhoud buite die affektiewe sfeer besit. Vergelyk byvoorbeeld: gorrel, guava, heiden en krismis. Wanneer hierdie woorde as swetse optree, verloor hulle hulle begripsmatige inhoud en verkry soos die meeste vloekwoorde en ander swetse slegs 'n emotiewe betekenismoment. Woorde word uit Afrikaans én Engels geneem om as swetse vir Afrikaanse vloekwoorde te dien. Bogenoemde ooreenkomste tussen die vloekwoorde en die swetse toon dat woorde nie op lukrake wyse gekies word om as substitute vir vloekwoorde op te tree nie.

4.2.1.3 Morfologie

a) Aanbou

Geen verkorting vind by die vloekwoord plaas nie. Die hele vloekwoord word behou, terwyl komponente aan die einde bygevoeg word. Hier vind met ander woorde 'n eufemistiese verlengingsproses plaas. Die taboewaarde van die vloekwoord word verswak deur die feit dat die vloekwoord nou deel van 'n neutrale woord uitmaak. Vergelyk:

bliksem : bliksement(-emmer)
donder : donderdag, donderment
fok : foksterrier

<u>hel</u>	:	<u>helmet</u>
<u>Here</u>	:	<u>Jeremia</u>
<u>hol</u>	:	<u>holtand</u>
<u>God</u>	:	<u>goddeloos</u>
<u>kak</u>	:	<u>kakkerlak</u>

Dieselfde aanbouproses kom ook by reeds gevormde swetse voor. Dit gebeur veral by swetse wat geneig is om te deursigtig te wees. Sodoende word die oorspronklike vloekwoord meer verbloem. Vergelyk:

goeie	:	<u>goedertierenheid</u>
gorrel	:	<u>gorrelgat, gorrelpyp</u>
heerlik	:	<u>heerlikheid</u>
heiden	:	<u>heidendom</u>
krismis	:	<u>krismisvader</u>
kristen	:	<u>kristenkinders</u>

Verlenging kom verder by swetse voor sonder dat die resultaat 'n begripsmatige inhoud het:

gomma	:	<u>gommaslaai, gommatanna, gommatyd</u> (WAT III: 350.)
gonna	:	<u>gonnapiet</u>
mapstieks	:	<u>mapstikas</u>

b) Suffigering

Die suffiks -a is prominent by swetsvorming.⁷ -a lewer die volgende swetse by God:

gatta, gitta, golla, gomma, gonna, gotta, grieta,
kitta.

By kak word die volgende eufemismes deur -a gevorm:

kakka, akka, atta.

Bloot deur die byvoeging van die suffiks -s word reeds 'n swets gevorm uit die vloekwoord God: gots. Dié suffiks kom deurgaans by die ander swetse uit God voor:

gats, gits, goets, gons, gôs, kits, koots, kots.

Hierdie suffiks word opsioneel aan die eufemisme akkie gevoeg om dit verder te versag: akkies.

Diminutiefsuffikse tree die frekwentste as swetsvormer op.

Uit God word gevorm:

gattatjie, gottatjie, gollie.

Let daarop dat die suffiks -a se aanwesigheid 'n voorvereiste is vir die diminutiefsuffiks se optrede. Gevalle waar die -a nie aanwesig is nie, tree nie saam met die diminutiefsuffikse as swetse op nie: *godjie, *gatjie.

By die vloekwoord Here is die diminutiefsuffiks die enigste suffiks wat swetse vorm:

hedetjie, heninkie, heretjie, hetetjie, jinnetjie,
jirretjie, jittetjie.

Opmerklik is die nie-optrede van -a wat by die swetse van God so frekwent is.

Diminutiefsuffikse kom ook by die volgende versagtings voor:

kak : akkie, attie
 magtag : magtie, maggies
 wragtag : wragtie, wraggies, wrintie.

Die feit dat sommige swetse deur suffigering verleng word, dra by om die vloekwoord onherkenbaarder en minder negatief te maak:

God : gottatjie
 kak : kakka, akkies
 Here : heretjie.

4.2.1.4 Samevatting

Sommige vloekwoorde (byvoorbeeld moer(s(e)) en fokken) het bra min korrelerende swetse en ander (byvoorbeeld God, Here, Jesus) het baie. Laasgenoemde vloekwoorde ondergaan veral baie konsonant- en vokaalwysigings, terwyl suffigering en verkorting ook 'n prominente rol speel. By die ander vloeke (byvoorbeeld bliksem, donder, fok, hel, moer en stront) is dit hoofsaaklik verkorting en aanbou of slegs aanbou wat 'n bepalende rol by swetsvorming speel.

4.2.2 Sintaktiese prosesse om vloekkonstruksies se negatiewe emotiewe waarde te verminder

Die negatiewe emotiewe waarde van vloekwoordkonstruksies kan in 'n hoër mate verminder word deurdat die vloekwoorde

wat normaalweg in dié konstruksies voorkom, deur ander woorde vervang word of selfs heeltemal weggelaat word. Die sintaktiese patroon van die betrokke vloekkonstruksies word so ver as moontlik behou, alhoewel die oorspronklike vloekwoord nie meer daarin voorkom nie. Die behoud van die sintaktiese patroon dra daartoe by dat die negatiewe affek behoue bly, alhoewel dit baie verswak is.

4.2.2.1 Vloekwoordsubstitusie in 'n vloekkonstruksie

Die vloekwoord word hier deur 'n ander woord in 'n vloekkonstruksie vervang. In sommige gevalle word die affikse wat gewoonlik by die vloekwoorde voorkom, aan die woord wat as substituut optree, gelas. Sodoende word die negatiewe waarde so ver as moontlik behou, terwyl die konstruksie onskuldig klink en lyk. Vergelyk:

Europa doen vloekôl. (= fokôl)

Europa bevloek ons. (= befok)

Vloek Europa. (= fok)

(Steyn 1978: 91.)

"Wat de spooksel wil jy sê, man?" (Van Straten 1970: 67.)

Loop in jou verstand in!

Hoe de kollie hond moet ek dit weet?

Wie de ongeluk raas so?

Vlieg in jou kanon in!

Die kar is in sy "glory".

4.2.2.2 Vloekwoordweglating in 'n vloekkonstruksie

Nie deur die vloekwoord te vervang nie, maar deur dit heeltemal weg te laat, word versagtende konstruksies ook gevorm. Heelwat van dié konstruksies sonder die vloekwoorde, het s6 inslag gevind dat hulle nie meer as konstruksies herken word waarin vloekwoorde wel opgetree het nie. Vergelyk:

Hier moet jy nie kak/stront droogmaak nie.

Hier moet jy nie droogmaak nie.

Moenie kak aanjaag nie.

Moenie aanjaag nie.

Ek vee my gat daaraan af.

Ek vee my daaraan af.

Ek sal nie sy gat lek om dit te doen nie.

Ek sal hom nie lek om dit te doen nie.

4.2.3 Rymende vloekkonstruksies

Die negatiewe emotiewe waarde van vloekwoorde kan verminder word, deur 'n humoristiese toon aan die vloekkonstruksies te knoop. Bolinger (1975: 255) laat hom soos volg oor eufemismes uit: "Euphemisms are often humorous: the plea is not to elevation but to tolerance." Hierdie stelling van Bolinger word bewys deurdat rymende vloekkonstruksies meestal 'n komiese effek het wat die negatiewe waarde van die

vloekwoorde versag. Vloekwoorde se negatiewe emotiewe waarde word verder verminder wanneer woorde met beginkonsonante wat aan die betrokke vloekwoord allitereer, saam met die vloekwoorde optree.

4.2.3.1 Negatiewe waarde versag deur rymwoorde

Volgens Kok (1947: 8) word daar nêrens so frekwent van rymwoorde gebruik gemaak soos in die "vrye, ongedwonge volkstaal" nie. Spontane gevoelsuiting kenmerk die rymverskynsel volgens hom. Hierdie stelling verklaar waarom rymwoorde so dikwels saam met vloekwoorde optree, want vloekwoorde is kenmerkend van spontane gevoelsuiting en hulle behoort tot die "vrye, ongedwonge volkstaal".

Vergelyk die volgende rymkonstruksies waar die vloekwoord meer aanvaarbaar word deur die optrede van rymwoorde:

- bedonderd : Dit gaan honderd bedonderd.
- gat : Jou gat my skat.
- hel : Hel op manel kry. (WAT-magasyn.)
- hol : "Ko' ons gee haar pol-innie-hol", sê Rooigert. (Haasbroek 1976: 17.)
- kak : Hy is kaksleg, vat hom weg.
Kak of betaal, is die wet van Transvaal.
- kont : Die bont hond sleep sy kont op die grond rond.
- moer : Die Boere se moere.

"Gaudiamus Igitur, nog 'n dag is in sy
moer, ... (Van Straten 1966: 162.)

poep : Hou jou roeper en jou poeper oop en
laat die dokter na sy moer loop.
(WAT-magasyn.)

skyt : Skyt-skyt die bult uit; (draf-draf die
afdraand af).

Die vloekwoord kan by dié rymkonstruksie
verbloem word:

Byt-byt die skuld uit.

Snuit-snuit die bult uit.

stront : Mens trap rond en bont, jy trap in die
stront in. (Heiberg 1950: 46.)

So vol stront soos hare op 'n maer hond.

(WAT-magasyn.)

Kort op die grond soos duiwestront.

'n Na-aper is 'n strontskraper.

4.2.3.1.1 Rymdwang

Vloekrymkonstruksies hoef nie 'n logiese betekeniseenheid
te vorm nie: die betrokke konstruksies is by uitsteking ge-
voelsuiting. Woorde wat saam met die vloekwoorde optree,
kan dus bloot op grond daarvan dat hulle met mekaar rym,
saamgebruik word. Dit word reeds duidelik uit sommige van
bogenoemde voorbeelde. Ander gevalle is:

So dronk soos hoenderstront.

Strontdronk.

Dis poer in sy moer.

Dankie, poep op 'n plankie.

4.2.3.2 Simmetrie, antitese en parallelisme

Volgens Kok (1947: 8) is dit kenmerkend dat die meeste rymende konstruksies tot simmetrie, antitese of parallelisme geneig is. Hy gebruik die voorbeeld:

Wie jonk is, speel graag; wie oud is, neul graag.

Hierdie tipe konstruksie kan ook aangewend word om die negatiewiteit van vloekwoorde te versag, aangesien dié konstruksies by uitstek geskik is om 'n komiese effek te skep. Rymwoorde kom dikwels in dié konstruksies voor. Vergelyk:

bedonderd : Hy is hoog beneuk en laag bedonderd.
(Calitz 1979: 18.)

gat : Hy loop met die Bybel onder sy blad en die duiwel in sy gat.
Wiens dak hom dek, diens gat hy lek.
(WAT-magasyn.)
Wat haar hand vind om te doen, krap haar gat om.
Wortel van voor en skop-in-die-gat van agter. (Brink 1979: 154.)

neuk : Dik vreet en verkeerd neuk.
(WAT-magasyn.)

- pis : Hy lyk soos sy ma; hy pis soos sy pa.
(WAT-magasyn: gesê van 'n langhaar, ver-
wyfde man.)
- stront : Uitstel is afstel en afstel is stront=
stel.
- wragtig : Die professor is klein maar kragtig;
hoenderbeen maar wragtig.

4.2.3.3 Alliterasie

Deur middel van woorde wat met die vloekwoorde allitereer, kan 'n humoristiese toon aan vloekkonstruksies verleen word. Hier hoef daar ook nie logiese betekeniseenhede gevorm te word nie. Vergelyk:

Al wat mens van so 'n Droë Drol kan maak, is 'n Nat Senator. (Brink 1978: 100.)

Hy is 'n regte gatgawie.

Gots Gert.

Kak die Kangolees. (Leroux 1972: 70.)

Hy is so "common" soos kakwater.

Laer as slangkak se skade onder seespieël. (Louw 1975: 30.)

Ek sukkel my malle moer af.

Hulle is sulke "prim" en "proper", preutse poepholle.

Hy is 'n poephol op pale.

Hy lyk soos 'n regte wille wragtag.

4.2.4 Die gebruik van anderstalige vloekwoorde

Wanneer 'n spreker sosiale veroordeling deur die gemeenskap oor sy vloekwoordgebruik probeer verlig of selfs vryspring, kan hy anderstalige vloekwoorde gebruik. Anderstalige vloekwoorde het oor die algemeen 'n baie laer taboewaarde as hulle Afrikaanse ekwivalente. Die negatiewe waarde van 'n uitspraak is dus ook minder wanneer 'n anderstalige vloekwoord gebruik word.

Volgens Condon (1966: 96) kan 'n spreker deur die aanleer van 'n vreemde taal ook met die betrokke taal se vloekwoorde kennis maak, maar dan sê hy: "they may not seem to do much for you." Vir hom kan vreemdtalige vloekwoorde nooit dieselfde affek as die spreker se moedertaalvloekdra nie, aangesien dié vreemde vloekwoorde nie deur die spreker geassosieer kan word met die emosie wat aanleiding gee tot die gebruik van 'n eietalige vloekwoord nie.

Dit wil voorkom asof die taal wat vir die hoorder die onbekendste is, vloekwoorde met die laagste negatiewe affek sal oplewer. Vir die meeste Afrikaanssprekendes sal die affektiewe waarde by die volgende vloekwoorde van 1 - 4 afneem:

- 1) kak
- 2) shit
- 3) Scheisse
- 4) merde.

Afrikaanssprekendes maak die meeste van Engelse vloekwoorde gebruik, aangesien dit die vreemde taal is wat die bekendste vir hulle is.⁸ Deur die gebruik van Engelse vloekwoorde word die negatiewe emotiewe waarde versag, maar die

negatiewe affek word tog nog oorgedra. Vergelyk die emotiewe waarde van die vloekwoorde shit, fuck en cunt wat frekwent in Afrikaans gehoor word. Shit word s6 dikwels deur Afrikaanssprekendes gebruik dat dit as 'n Afrikaanse vloekwoord beskou moet word.

Christus se gevalle as vloekwoord in Afrikaans is baie naby aan sero, omdat die taboewaarde uiters hoog is. Die Engelse Christ kom in Afrikaans wel as vloekwoord voor: dit wil s6 die taboewaarde is laer as die van die Afrikaanse Christus. Christ het net soos shit s6 deel van die Afrikaanse vloekwoordeskat geword dat swetse daarvoor gevorm word. Vergelyk:

kraikie, sjaks, sjostokowitz.

Hughes (1974: 98) beveel aan dat anderstalige vloekwoorde gebruik moet word, indien die vloekwoorde se emotiewe waarde deur oormatige gebruik afstomp. Sodoende sal die anderstalige vloekwoord 'n ho6r affektiewe waarde verkry as wat die bekende vloekwoord inhou. Hughes s6 verder: "merde can be an expressive word and bring great relief to the feelings of those who utter it."

Na my mening kan geen aangeleerde, vreemdtalige vloekwoord die plek van 'n bekende, eietalige vloekwoord vul nie, al word laasgenoemde baie dikwels gebruik. Anderstalige vloekwoorde word gebruik om die negatiewe waarde wat die betrokke vloekwoord vir die hoorder mag inhou, te verlig. Volgens Boulton (1960: 77) het die Franse Mon Dieu! vir

Engelssprekendes nie naastenby so 'n sterk affektiewe waarde as die Engelse, My God! nie. Net so is die Engelse Oh, my God! vir Afrikaanssprekendes baie laer emotief gelaai as die Afrikaanse O, my God!

Boulton noem ook die feit dat vreemdtalige vloekkonstruksies dikwels onder sprekers uit 'n hoë sosiale stand aange-tref word. Onder dié sprekers is vreemdetalkennis meer algemeen, maar hulle is ook by uitstek geneig tot eufemistiese spraakgebruik. Dít verklaar waarom anderstalige vloekwoorde juis onder hulle voorkom.

'n Ander bewys dat vreemdtalige vloekwoorde eufemisties aangewend word, is die gebruik van die woord schmuck wat in Jiddisj op die manlike geslagsdeel dui. Volgens Sagarin (1962: 98) het dié woord se negatiewe waarde in Engels só verswak dat dit algemeen gebruiklik is en as sinoniem vir die woord fool optree. Wanneer prick in schmuck se plek optree, sou dit heftige reaksie ontlok. Sagarin sê schmuck se "foreign origin gives it an euphemistic quality."

Vergelyk die volgende Afrikaanse sinne waarin Engelse vloekwoorde om eufemistiese redes gebruik word:⁹

Godalmighty, maar hy is vermetel!

Shit, maar dis koud!

Oh my God in heaven; ek sal dit nooit maak met jou
nie!

4.3 DISFEMISME

Die negatiewe affek van vloekwoorde kan nie slegs verlaag word nie, dit kan ook verhoog word. Wanneer die spreker die emosionaliteit van 'n bepaalde vloekwoord onvoldoende vind om uiting te gee aan sy gevoel, kan hy op verskillende wyses die negatiewe waarde van dié vloekwoord verhoog, deur die vloekwoord prominenter te maak.

4.3.1 Fonologiese prosesse

4.3.1.1 Sillabeversterking

a) Vokaalverlenging

Wanneer die spreker die negatiewe effek van 'n vloekwoord wil intensiveer, kan die hoofklemdraende sillabe van die betrokke vloekwoord versterk word. Een versterkingswyse is verlenging van die sillabekern, die vokaal.¹⁰

Volgens Jespersen (1922: 277) kan emosie veroorsaak dat vokale verleng word. As voorbeeld gebruik hy die Engelse vloekwoord God wat tot gawd of gord versterk word. Groter nadruk en 'n hoër volume gaan gewoonlik met vokaalverlenging of sillabeversterking gepaard. Beide hierdie faktore verleen ook 'n groter prominensie aan die sillabe en sodoende aan die vloekwoord. Vergelyk die verskil in affek tussen:

[kək] en [kAk]
 [xɔt] en [xɔt]
 [dɔndər] en [dɔnər]
 [vraxtax] en [vrAxtax].

Die volgende gevalle van vokaalverlenging is in die literatuur aangetref:

... dé-ê-êmit waarom kom niemand vandag nie?

(Louw 1975: 130.)

"Ek skeur ope, Gôôôôôt ..." (Op.cit.: 196.)

... en hy hoor haar kreet: "J-e-e-e-s-u-s!"

(Leroux 1967: 46.)

b) Hoofklemtoekenning

'n Nie-konvensioneel hoofklemdraende sillabe kry ad hoc die hoofklem met die doel om dié sillabe te versterk. Vergelyk:

bliksém, dondér, helsém, Jesús

Hierdie hoofklemdraende sillabe word eventueel gerek:

"Bliksééém!" (Miles 1973: 9.)

[dɔ.nə:r]

c) Vokaalversterking

'n Sillabe kan ook versterk word deurdat die kernvokaal van die betrokke sillabe deur 'n sterker vokaal vervang word.

Die /ə/ in magtig en wragtig kan byvoorbeeld tot 'n /a/ ver-

laag word en sodoende word dié vloekwoorde versterk tot magtag en wragtag.

Let daarop dat magtig en wragtig versag word wanneer die /ə/ tot 'n /i/ verhoog word:

magtie en wragtie

4.3.1.2 Alliterasie

Sillabes wat met allitererende konsonante begin, is meestal kragtige draers van emosie (Kok 1942: 29). Daarom kom alliterasie so dikwels by vloekwoordkonstruksies voor wat 'n besonder hoë negatiewe emosionele waarde dra. Die allitererende konsonante word met meer krag as in die neutrale gevalle uitgespreek. Dit dra ook by tot die verhoging van die negatiewe affek van die betrokke uiting. Vergelyk:

Jou bleddie bliksemse Boer!

Ek gaan hom nog dooddonder.

Sy eie manne gaan hom vanaand dik donder as hulle die kans kry. (Haasbroek 1975: 14.)

Dik, dom, dooie donder! (Van Straten 1970: 163.)

Jy gaan nog klippe kak. (WAT V: 145.)

Goeie
{ } God!
Grote

4.3.1.3 Nadruk

Deur 'n vloekwoord heelwat steker as gewoonlik te benadruk, kan die emosionele waarde van die vloekwoord verder ver=

sterk word. Sodoende verkry die vloekwoord groter prominensie, aangesien dit deur dié buitengewoon sterk nadruk uitgelig word tussen die omringende woorde. Sterker nadruk gaan meestal met 'n hoër volume en hoër toonhoogte gepaard. Vergelyk die nadruk wat die vloekwoorde dra in:

Wat de dónner maak jy nou?

Goeie Gód!

Hoe de hél moet ek dit doen?

Jy kan die gryshond se gát loop lek. (Heiberg
(1950: 29.)

Calitz (1979: 94) wys daarop hoe die affektiewe waarde tussen identiese konstruksies kan verskil, deurdat die klem verskuif word. Wanneer 'n modale partikel sterker beklemtoon word, is die geheelkonstruksie swakker emotioneel as wanneer die vloekwoord daarin beklemtoon word.

Vergelyk:

AĜ Here! en Ag HÉRE!

Enige sin waarin die vloekwoord die prominentste benadruk word se affektiewe waarde sal hoër wees as wanneer 'n ander woord benadruk word. Vergelyk die hoër negatiewe waarde in i) as in ii):

i) Die FÓKKEN werk maak my mal!

ii) Die fokken WÉRK maak my mal!

4.3.2 Sintaktiese prosesse

Die sintipe, sinsposisie en die bepalings wat saam met die vloekwoord optree, kan die emotiewe negatiwiteitsgraad van 'n bepaalde uiting verhoog.

4.3.2.1 Sinstipe

Die tipe sin wat slegs uit 'n vloekwoord of vloekwoordkonstruksie bestaan, dra gewoonlik die hoogste negatiwiteit oor, aangesien daar nie omringende woorde is om die hoorder se aandag met die vloekwoord te deel nie. Hieronder ressorteer:

a) alleenstaande interjektiewe vloekwoorde soos,

bliksem, hel, kak, God, wragtag.

Vloekkonstruksies wat meestal dien as aanloop tot 'n vraagsin, kan groter emosionele waarde verkry deur interjektiewe optrede. Vergelyk:

Wat de donder!

Wat de hel!

b) imperatiefsinne soos die volgende:

Fokkôf!

Gaan { kak / skyt } !

{ Gaan / Loop / Vlieg } in jou moer!

c) vloeknaamwoordstukke wat as onafhanklike uitings optree:

Jou moer!

Sy gat!

4.3.2.2 Sinsposisie

Vloekwoorde wat in sinsinisiële posisie of in die voorste rand van die sin voorkom, dra die hoogste negatiewe affek. Dit is so, aangesien die sinsinisiële posisie die prominentste posisie is. Vloekwoorde wat die hoogste emfatiese effek wil teweegbring, tree gewoonlik sinsinisiel op.

Die religieuse vloekwoorde, God; Here; Jesus, tree meestal sinsinisiel op en is dus draers van 'n hoë emotiewe waarde. Vergelyk die verskil in affek tussen:

- i) Verdomp, die petrol is al weer op.
- ii) Die petrol is verdomp al weer op.

- iii) Donder, dis 'n goeie skop!
- iv) Dis 'n goeie skop, donder!¹¹

- v) Bliksem, dis 'n seer hou!
- vi) Dis 'n seer hou, bliksem!¹¹

Sin i), iii) en v) is telkens affektief sterker as hulle teenhangers in ii), iv) en vi).

4.3.2.3 Bepalings by vloekwoorde

Die bepalings wat saam met 'n vloekwoord optree, kan tot gevolg hê dat die affektiewe waarde van die betrokke vloekwoord verhoog word. Vergelyk byvoorbeeld die verskil in affek tussen:

Here, lieue Here, en lieue genadige Here;
God en {grote} God.
goeie

Die emotiewe waarde van die alleenstaande vloekwoorde is laer as dié van konstruksies bestaande uit een of meer (positiewe!) bepalings by 'n vloekwoord as kern.¹²

4.3.2.3.1 Intensivering van negatiewe oordeel van vloekwoorde

Sommige woorde kan saam met vloekwoorde optree om die negatiewe oordeel wat die spreker daarmee oor 'n voorwerp uitspreek, te verswaar. Die volgende woorde tree byvoorbeeld so op: klein, stuk, regte, ou.

a) Klein:

Vergelyk die sinne:

i) Hy is 'n klein kāk.

ii) Hy is 'n kāk.

In sin i) gee die adjektief klein die besprokene te kenne as nóg meer niksbeduidend en minderwaardig. Dié adjektief dui nie slegs op die fisieke grootte van die voorwerp nie, aangesien 'n diminutiefsuffiks nie volgens die Afrikaanse taalsisteem aan die naamwoord gevoeg word nie:

*Hy is 'n klein kākkie.

In geval i) dra klein baie minder nadruk as wat die geval sou wees wanneer dit grootte aandui. Wanneer klein as gewone omvangaanduidende adjektief optree, kan die vloekwoord wel 'n diminutiefsuffiks neem:

Hy is 'n kléin kakkie.

In hierdie geval word die negatiewe waarde van die vloekwoord versag deur die optrede van die diminutiefsuffiks.

b) Stuk:

iii) Hy is 'n stuk stront.

iv) Hy is 'n stront.

Die woord stuk het 'n semantiese kenmerk [- animaat]. Deur stuk saam met die vloekwoord op 'n persoon toe te pas, word dié persoon verdinglik. Sodoende word die negatiewe houding teenoor die besprokene verhoog en terselfdertyd word groter afstand tussen die spreker en die persoon op wie die vloek bedoel is, geskep. Stuk tree slegs saam met die vloekwoorde kak en stront op, waarskynlik omdat dit by die konjunkte gebruik van dié taboe woorde so kan optree:

Pas op vir die stuk { stront } in die pad.
kak

c) Regte:

v) Hy is 'n regte bliksem.

vi) Hy is 'n bliksem.

Die woord regte intensiveer weer eens die negatiewe oordeel wat deur die vloekwoord te kenne gegee word.

Hierdie woorde klein, stuk en regte, kan gesamentlik voor 'n vloekwoord optree om die negatiewe emfatiese waarde van die geheel te verhoog:

Hy is 'n regte klein stuk stront.

Dié woorde toon 'n volgorde van stygende affek na regs.

Regte is die voorbepaling wat emotief die laagste gelaai is, terwyl stuk die swaarste affektiewe waarde dra. Die bepaling klein se waarde verskil nie baie van dié van regte nie en sal met regte kan plekke wissel, maar nooit met stuk nie. Vergelyk:

Hy is 'n klein regte stuk stront.

*Hy is 'n stuk regte klein stront.

d) Ou:

Die affektiewe ou tree saam met vloekwoorde op. Dit is nie die klemdraende ou wat op ouderdom dui nie. Vergelyk:

vii) Hy is 'n ou strónt.

viii) Hy is 'n ou man.

Ou in vii) versterk die sprekershouding en emosionaliteit wat deur die vloekwoord stront te kenne gegee word. Ou tree frekwent saam met regte en stuk as voorbepaling by vloekwoorde op:

Hy is 'n { regte ou / ou regte } strónt.

Hy is 'n ou stuk strónt.

Let daarop dat ou en stuk se posisies ten opsigte van mekaar vas is:

*Hy is 'n stuk ou strónt.¹³

Ou tree nooit saam met klein in verswarende affektiewe verband voor vloekwoorde op nie:

*Hy is 'n $\left\{ \begin{array}{l} \text{ou klein} \\ \text{klein ou} \end{array} \right\}$ strónt. ¹⁴

Ou en klein kan nie saam optree nie, omdat hulle op verskillende referente toegepas word. Ou word slegs gebruik indien die besprokene die spreker se meerdere of gelyke is. Daarom word ook aangetref:

Hy is 'n $\left\{ \begin{array}{l} \text{ou groot} \\ \text{groot ou} \end{array} \right\}$ stront.

Klein dui op geringskatting en word derhalwe gebruik wanneer die besprokene die spreker se mindere of gelyke is.

Sy is 'n klein strónt.

4.3.2.3.2 Vloekwoordbepalings verhoog die negatiewe affek van ander vloekwoorde

Wanneer die spreker 'n bepaalde vloekwoord se emosionaliteit onvoldoende vind om sy negatiewe gevoel te kenne te gee, kan dié vloekwoord deur ander vloekwoorde voorbepaal word. Sodoende word die negatiewe affek onmiddellik versterk.

Vergelyk:

... nou gaan al die fokken donnerse mense die bosse inhol. (Joubert 1978: 126.)

Jou driedubbele donnerse wetterse bliksem, die fokken ding gaan maak dat jy tot by jou pens in die kak sal trap. (Heiberg 1957: 9.)

4.3.3 Morfologiese prosesse

Die rol van die morfologie om verswarende negatiewe affek by vloekwoorde te bewerkstellig, is in hoofstuk 3 bespreek. Die prosesse is affigering en vloekwoordinvoeging.

a) Affigering:

Vergelyk paragraaf 3.1.6.2 vir die verswarende affek van toutologiese suffikse: moerskonder en helsem. Die suffiks -wil het ook 'n hoër negatiewe affektiewe waarde tot gevolg: fokken - fokkenwil; blerrie - blerriewil.

b) Vloekwoordinvoeging:

Vergelyk paragraaf 3.4.1.3 wat verklaar dat woorde waarin vloekwoordinvoegings voorkom, affektief hoër gelaai is as dié gevalle waar die vloekwoord as voorbepaling optree:

die fokken telefoon - die telefokkenfoon.

4.4 SAMEVATTING

Elke vloekwoord dra 'n bepaalde negatiewe emosionaliteit, wat na gelang van die situasie deur die spreker verswak of versterk kan word. Hierdie eufemistiese en disfemistiese prosesse kan bewerkstellig word deurdat die bou van die vloekwoord verander word. Vergelyk veral die onderskeie swetsvormingsprosesse of bykomstige leksikale elemente wat gebruik kan word om die emfatiese waarde van die vloekwoord te wysig. Hier moet veral gelet word op die

woorde regte, klein, stuk en ou wat frekvent in vloekwoord=konstruksies optree.

Die verskillende taalkundige prosesse wat vloekwoordwysiging laat geskied, tree dikwels gesamentlik op. Vergelyk byvoorbeeld die swets heninkie wat uit die vloekwoord Here gevorm is: Hier tree 'n fonologiese proses in die vorm van beperkte konsonantwysiging op, terwyl die morfologiese proses van suffigering terselfdertyd plaasvind.

Wanneer 'n vloekwoord se negatiewe waarde geïntensiveer word deur vokaalverlenging, het dit meestal sterker nadruk en 'n hoër volume tot gevolg.

Laastens moet die positiewe waarde van die vorming van swetse uit vloekwoorde benadruk word. Dit gaan nie slegs om die verskynsel dat die vloekwoorde sosiaal aanvaarbaar gemaak word nie, maar nuwe, "bruikbaar" swetse lewer 'n groot bydrae tot die verryking van Afrikaans se emotiewe leksikon.

AANTEKENINGE

1. Ander kategoriale waardes van werkwoorde is "gebeurtenis", "toestand", "handeling" en "aktiwiteit" (Lyons 1977: 707).
 2. Lubbe (1970) gee 'n breedvoerige bespreking oor die eufemisme in Afrikaans. Hy gaan veral in op die oorsake wat aanleiding gee tot die vorming van eufemismes. Om hierdie rede word dit nie in hierdie verhandeling bespreek nie. Hier sal meestal aan die rol van die fonologie en morfologie by die versagtende prosesse aandag gegee word.
 3. Die distinktiwe kenmerke se afkortings word soos volg verklaar:

ant.	=	anterieur
kons.	=	konsonanties
kont.	=	kontinuant
kor.	=	koronaal
kras.	=	krassend
lat.	=	lateraal
mid.	=	middel
sill.	=	sillabies
son.	=	sonorant
- Die definisies vir hierdie kenmerke is afkomstig uit Combrink en De Stadler (te verskyn).
4. Die swets griet wat vir God gebruik word, het nie sy ontstaan aan die fonologiese proses van vokaalwisseling te

danke nie, maar wel aan die ooreenstemmende begin- en slot=
konsonante van griet en God. Verder allitereer griet se
anlaut met die bepaling grote wat dikwels saam met die be=
trokke vloekwoord voorkom: grote God. Grote griet dien
as versagting van genoemde vloekkonstruksie.

5. Gops is die enigste p-t-wisseling in die hele familie
swetse vir God.
6. Let daarop dat yt afkomstig van skyt wel deur middel van
anlautskrapping as eufemisme vir kak gevorm word (WAT V:
145).
7. By eienaamstamme is -a positief emotief, vergelyk: Pieta,
Benna, Janna. Maar by eufemismes is -a 'n eufemismevormer.
8. Engelssprekendes gebruik ook Afrikaanse vloekwoorde. Dik=
wels is die oorsaak vir die gebruik van Afrikaanse vloek=
woorde ekonomiserend, veral wanneer die Engelse nie 'n ek=
wivalent vir die betrokke vloekwoord het nie. Vergelyk:
He might get bedonderd if he doesn't find the papers.
She has such a moerse diamond.

Die Afrikaanse vloekwoord se taboewaarde kan egter ook
ligter wees as die Engelse ekwivalent en om dié rede word
die Afrikaanse vloekwoord gebruik. Vergelyk:

He's a real doos.

9. Daar kan nie by alle optredes van vreemdtalige vloekwoorde 'n definitiewe eufemistiese waarde aangetoon word nie. In sommige gevalle is die taboewaarde ewe sterk in albei tale.

Vergelyk:

fok jou - fuck you.

10. Hartvigson (1969: 25) noem ook dat 'n sillabe langer as gewoonlik is, wanneer prominensie daaraan verleen word.

11. Donder en bliksem word hier nie vokatief gebruik nie.

12. Die emotiewe waarde van die religieuse vloekwoorde Here Jesus en Here God is ook hoër as dié van die alleenstaande vloekwoorde, Here, Jesus of God.

13. Hierdie sin is grammatikaal, indien die klemdraende ou gebruik word:

Dis 'n stuk ou stront.

14. Wanneer klein slegs op fisieke grootte dui, tree ou wel op. Let daarop dat die diminutiefsuffiks nou by die naamwoordstam verplig is:

Hy is 'n {ou klein/klein ou} strontjie.

HOOFSTUK 5

VLOEKWOORDE EN SOSIALE INTERAKSIE

In hierdie hoofstuk sal daar gekyk word na die tipes spreekakte wat tot vloekkonstruksies aanleiding gee, na die rol wat vloekwoorde tussen gespreksgenote speel en in watter situasies vloekwoorde deel van 'n gesprek mag uitmaak.

5.1 SPREEKAKTE

Lakoff (1973: 293) laat haar soos volg uit:

"the pragmatic content of a speech act should be taken into account in determining its acceptability just as its syntactic material generally has been ...".

Enige vorm van taalgebruik is in eerste instansie 'n vorm van sosiale interaksie, dit wil sê daar bestaan samewerking tussen die gespreksgenote, (spreker voortaan S en hoorder(s) voortaan H) ten opsigte van 'n gemeenskaplike doelwit, naamlik kommunikasie. Volgens Searle (1965: 143) sal hierdie doelwit slegs bereik word indien H die intensie van S se boodskap ten volle begryp. Beide S en H speel dus 'n rol om die kommunikasieproses ten uitvoer te bring. Searle verduidelik die wisselwerking tussen S en H so: terwyl S stellings maak, vrae vra, bevele gee, verslag doen, of iemand groet, kan S H terselfdertyd inlig, irriteer, verveel of kwaad maak.

5.1.1 Illokusie- en perlokusieaktes

Volgens De Klerk (1978: 41) is daar 'n beperkte getal sins=
tipes wat 'n hele verskeidenheid semantiese funksies het.
Deur middel van stelsinne, imperatiewe, vraagsinne en
ekspressiewe word byvoorbeeld beloftes, dreigemente, toe=
gewings, verskonings of ironiese opmerkings gemaak. Die
semantiese funksies hou verband met die illokusionêre krag
van die sin: wat die S daarmee wil doen. Illokusionêre=
aktes het dus 'n sekere seggingskrag en dinge soos byvoor=
beeld beloftes, uitroepe en bevele kom daardeur tot stand
(Op.cit.: 38). Volgens Sadock (1974: 8) kom S se houding
teenoor dit wat hy sê, ook in die illokusieakte na vore.
Wat vloekwoorde betref, sal die sprekershouding meestal
negatief wees en kan dit as bitsig, venynig of sarkasties
beskryf word. Deur middel van die vloekwoord word S se
gevoelens eksplisiet en ondubbelsinnig aan H oorgedra.

De Klerk (1978: 38) beskou die perlokusieakte as 'n hande=
ling waardeur 'n sekere resultaat of effek verkry word
deur iets te sê, byvoorbeeld oorreding of ontmoediging.
Volgens Sadock (1974: 8) word perlokusieaktes teweeggebring
deur byvoorbeeld H se aanvaarding van 'n uiting wat deur
S gemaak is. Dis met ander woorde die newe-effek van die
kommunikasiehandeling. By die aanhoor van vloekwoordkon=
struksies kan H byvoorbeeld verleë gemaak, beledig of
kwaad word. Die effek van 'n illokusieakte kan in die
betekenis van 'n woord geleë wees en dis dikwels die geval
by vloekwoorde.

Volgens Bach en Harnish (1979: 154) vind geen illokusieakte sonder 'n voorgenome perlokusieakte plaas nie. Dis wel die geval waar H direk deur S gevloek word, aangesien H opsetlik beledig word. Wanneer S egter 'n vloekwoord gebruik sonder die voorgenome idee om H te affekteer, is die perlokusieakte onopsetlik bewerkstellig, wanneer H nou verleë of kwaad word. Dit is dus nie so dat alle illokusieaktes met voorgenome perlokusieaktes plaasvind nie.

5.1.2 Tipes illokusieaktes by vloekwoordgebruik

Die volgende tipes illokusieaktes word by vloekwoordgebruik aangetref: stellings, imperatiewe, vrae en ekspressiewe.¹

5.1.2.1 Stellings

By 'n stelsin gaan dit meestal meer pertinent om die spreker en die uiting wat deur die spreker gemaak word. S dra gewoonlik sekere inligting deur middel van die stelsin aan H oor.

Larkin en O'Malley (1973: 315) stem nie saam met die siening dat stelsinne normaalweg gebruik word om inligting oor te dra of dat informatiewe stelsinne tiperend van 'n "normale" gesprek is nie. Hulle bewys hierdie stelling aan die hand van 'n aantal uitinge wat geen nuwe informasie aan H oordra nie, wat dikwels in 'n geselskap voorkom. Onder andere kan dit

- 'n teregwysing: Jy is nou nie meer 'n kind nie,
'n beskuldiging: Jy het die boek laaste gehad,
'n skimp: Dit word nou laat, of
'n simpatiebetuiging wees: Jy het darem regtig 'n
moeilike tyd deurgemaak.

Net so word by stelsinne waar S H vloek of slegsê geen inligting oorgedra nie, aangesien H die inligting wat S mag beoog om oor te dra, nie aanvaar nie. By hierdie tipe stelsin gaan dit nie soseer om S se uiting nie, maar eerder om die uitwerking wat dit op H het. S se houding ten opsigte van H speel hier 'n belangriker rol as S se houding ten opsigte van sy uiting.

S kan deur middel van vloekstelsinne die volgende beoog:

i) S kan H verkleineer:

Jy pis ook al jou voete nat. (Aan 'n ou man gesê.)

ii) S kan H beskuldig:

Nee man, God, jy wil nou met 'n kakstorie hier by my kom.

iii) S kan H dreig:

Jy gaan op jou moer kry.
Vir jou gaan ek bliksem.

iv) S kan H beledig:

Jy's kaksleg.
Jy's befok in jou kop.

v) S kan H afjak:

Jy mors my fokken tyd.

vi) S kan H konfronteer:

Ons moet mekaar nou fokken mooi verstaan.

vii) S kan kla/protesteer teenoor H:

Jy weet goed ek het dan nou net fokken R6 000 vir die bliksemse kar betaal.

viii) S kan H (goedig) berispe:

Kobus, jou bliksem! Jy moes my gesê het, jou poephol!

Sommige van bogenoemde stelsinne kan wel meer inligting as ander dra, maar oor die algemeen geld Sadock (1974: 102) se stelling hier: "they are felt to mean what they DO rather than what they SAY." Met hierdie stelsinne het S dus opsetlik perlokusieaktes bewerkstellig.

5.1.2.2 Imperatiewe

By imperatiefsinne is die betrekking tussen S en H sterker as by stelsinne. Daarom speel die kwessie van beleefdheid hier so 'n deurslaggewende rol. Onder andere deur die gebruik van versagtende adjunkte word 'n bevel in 'n versoek verander. 'n Beleefde bevel is met ander woorde 'n versoek en die versoek laat dit klink asof H 'n keuse het om S se



bevel uit te voer. Die mees konvensionele bevelsadjunk is asseblief:

Maak die deur asseblief toe.

Ponelis (1979: 400-401) gee die volgende versoeke:

Wil jy nie die deur toemaak nie.

Kan jy nie die deur toemaak nie.

Sou jy nie die deur wou toemaak nie.

Sal jy die deur toemaak.

Sal jy asseblief die deur toemaak.

Sal jy die deur 'n bietjie toemaak.

Maak net 'n bietjie die deur toe.

In teenstelling tot die versoek is die bevel eintlik 'n "onbeleefde" versoek, aangesien daar vir H geen speelruimte gelaat word nie. H het nie 'n keuse wat die uitvoer van die bevel betref nie. Geen versagtende adjunkte tree hier op nie. Vergelyk:

Maak toe die deur!

By vloekimperatiewe is daar van beleefdheidsadjunkte geen sprake nie. Beleefdheid speel hier geen rol nie. Wanneer beleefdheidsadjunkte wel voorkom, word die sin ongrammaties en onvanpas:

i) Gaan skyt!

*Gaan skyt, asseblief.

ii) Steek jou geld in jou gat!

*Kan jy nie jou geld in jou gat steek nie?

iii) Trek al's uit, bliksem!

*Sal jy nie 'n bietjie al's wil uittrek nie,
bliksem.

iv) Loop in jou moer in!

*Sou jy nie in jou moer in wou loop nie?

v) Kak in die pad en gly daarin!

*Wil jy nie dalk in die pad kak en daarin gly nie?

Vergelyk verder Bopp (1971: 66) wat ook op die onvanpastheid van beleefdheid by vloekimperatiewe dui. Sy gebruik die volgende voorbeeldsin:

Shut the fucking door, {will you
*won't you} .

Weer eens word dit duidelik dat daar geen keuse aan H gestel word nie.

Lakoff (1973: 293) laat haar soos volg oor dié verskynsel uit: "The pragmatic content of a speech act should be taken into account in determining its acceptability just as its syntactic material generally has been ...". Voorbeeldsinne i) - v) se sintaksis is heeltemal grammatikaal, maar die semantiese anomalie van hierdie sinne lê daarin dat 'n beleefdheidskonstruksie nie aangewend kan word by 'n sin met 'n pragmaties onbeleefde inhoud nie.

Die beleefdheidsadjunk asseblief kan wel optree by vloekimperatiewe wat 'n opdrag gee:

Vat asseblief jou fokken voete van my bed af.

Die beleefdheidswaarde van asseblief word omvergewerp deur die beledigingswaarde van fokken. Die netto resultaat is groter belediging én sarkasme. Asseblief gee groter irritasie en sarkasme te kenne wanneer dit voorop geplaas word:

Asseblief vat jou fokken voete van my bed af.

Beleefdheidsadjunkte soos asseblief en dankie verloor hulle beleefdheidswaarde wanneer hulle saam met vloekwoorde optree. Vergelyk:

- | | |
|-------------------|----------------------------|
| 1 a) Vat! | 1 b) Vat asseblief! |
| 2 a) Fokken vat! | 2 b) Fokken vat asseblief! |
| 3 a) Baie dankie. | 3 b) Baie fokken dankie. |

In 1. het asseblief beleefdheidswaarde, maar in 2. gee dit irritasie te kenne. Baie dankie verloor sy waarde as bedanking deur die optrede van die vloekwoord: baie fokken dankie word gebruik wanneer S H hoegenaamd nie wil bedank nie. Die beleefdheidsadjunk het hier 'n ironiese werking.

5.1.2.2.1 Funksie van imperatiefvloeke

Met "normale" imperatiefsinne gee S 'n opdrag aan H. Die opdrag van S moet sin maak en S wil die opdrag uitgevoer hê. H moet egter die vermoë hê en in die posisie wees om S se opdrag uit te voer. Sommige imperatiefsinne waarin vloekwoorde voorkom, kan gebruik word om 'n opdrag aan H te gee wat S werklik uitgevoer wil hê. Vergelyk:

Praat harder, donder!

Hou jou bliksemse bek!

By sommige vloekimperatiewe is 'n illokusionêre krag aanwesig wat nie ooreenkom met die vorm van die sisteemsinne waarin hulle uitgedruk word nie. Hierdie vloekimperatiewe druk nie noodwendig 'n bevel uit soos die gewone imperatiewe nie. Hier word geen werklike opdrag aan H gegee soos by gewone imperatiewe nie. Vergelyk die illokusionêre krag van gewone imperatiewe en vloekimperatiewe:

Gewone imperatiewe:

Steek jou geld in jou sak!

Gedra jou!

Loop in die ry!

Gaan eet!

Moenie dat hy so mors nie!

Vloekimperatiewe:

Afjak: Steek jou geld in jou gat!

Belediging: Fok jou!

Loop in jou moer!

Verkleinerings: Gaan kak!

Dreigement: Moenie dat ek my moer op 'n stok steek nie.

By die gewone imperatiewe gee S deurgaans 'n opdrag aan H. By die vloekimperatiewe word die sintaktiese vorm van 'n imperatiefsin behou, maar pragmaties word die betrokke sin vir 'n ander doel aangewend, naamlik om H te beledig, te dreig, te verkleiner, af te jak, ensovoorts. Hierdie vloekkonstruksies is met ander woorde nie egte imperatiewe nie: geen opdrag word gegee nie. Hulle is idioommatig van aard en dit verklaar waarom asseblief wat wel kan optree saam met vloekimperatiewe wat 'n opdrag gee, nie hier kan diens doen nie. Vergelyk:

*Gaan skyt asseblief!

*Fek jou asseblief!

*Loop asseblief in jou moer!

*Steek asseblief jou geld in jou gat!

Let daarop dat gewone imperatiewe ook 'n illokusionêre krag kan hê wat nie altyd ooreenkom met die vorm van die sisteesinne waarin hulle uitgedruk word nie. De Klerk (1978: 40-41) gee die volgende voorbeelde:

Waag die kans! (Bevel) - Waag dit net! (Dreigement)

Kom binne! (Bevel) - Kom binne! (Uitnodiging)

Doen dit! (Bevel) - Doen dit! (Toegewing)

Hardloop! (Bevel) - Hardloop! (Aanmoediging)

'n Voorstel kan ook in die vorm van 'n imperatiefsin optree:

Stel hulle aan! (Bevel) - Stel drie navorsingsassistentente aan! (Voorstel)

Hier is die konteks noodsaaklik om tussen die bevelende en die ander illokusionêre kragte te onderskei. Vloekimperatiewe is uniek in dié opsig dat hulle illokusionêre krag nie van die konteks afhanklik is vir onderskeiding nie.

5.1.2.2.2 Vloekwoordposisie en -optrede bepaal die sterkte van die imperatief

Vloekwoorde wat via werkwoorde of onmiddellik via die sin werk, is sterker as die wat via naamwoorde werk. Vloekwoorde wat via naamwoorde werk wat op H betrekking het, is sterker as die wat op naamwoorde van S betrekking het. Vergelyk:

1. Fokken vat jou voete van my bed af.
2. (Nee) Fok, vat jou voete van my bed af.²
3. Vat jou fokken voete van my bed af.
4. Vat jou voete van my fokken bed af.

1 > 2 > 3 > 4 (waar "1 > 2" beteken: 1 is sterker as 2.)

Vloekwoorde wat via naamwoorde met besitlike voornaamwoorde werk, is sterker as die wat deur naamwoorde met objektiewe lidwoorde (die en h) werk. Vergelyk:

8. Fokken gaan gee die boeke in.
9. Gaan gee {jou/my} fokken boeke in.
10. Gaan gee die fokken boeke in.

8 > 9 > 10.

5.1.2.3 Vraagsinne

Aangesien daar by vraagsinne ook 'n sterk verband tussen S en H bestaan, sal beleefdheid normaalweg 'n sterk invloed hier hê. Om vrae beleefder te stel, kan die adjunk asseblief weer eens gebruik word:

Wat is jou naam, asseblief?

Volgens Ponelis (1979: 393) kan vrae ook "versigtig" gestel word deur middel van die gebruik van modale hulpwerkwoorde:

Sou die kos al gereed wees?

By vraagsinne waarin vloekwoorde voorkom, is daar geen beleefdheidsmeganismes werksaam nie. Vergelyk:

i) Hoe de fok moet ek daar kom?

*Hoe de fok moet ek daar kom, asseblief?

ii) Het jy kak in jou hande?

*Sou jy kak in jou hande hê?

Uit hierdie data kan daar net soos by vloekimperatiewe afgelei word dat beleefdheidskonstruksies nie in sinne met 'n onbeleefde inhoud optree nie.

5.1.2.3.1 Funksie van vloekvraagsinne

"Normale" vraagsinne vereis gewoonlik die volgende situasie: S beskik nie oor bepaalde inligting nie en hy het die vermoede dat H wel oor die inligting beskik. S rig hom tot H om die nodige inligting te verkry. S verwag dus reaksie van H.

Na vloekvraagsinne verwag S meestal geen inligting van H nie. S stel die vraag met ander woorde nie soseer om 'n antwoord van H te kry nie, maar eerder om S se houding teenoor H te kenne te gee, of om H op een of ander wyse te affekteer. Weer eens kom die illokusionêre krag van hierdie sinne nie ooreen met die vorm van die sisteemsinne waarin hulle uitgedruk word nie. Vergelyk gewone vraagsinne waarin inligting verlang word met vloekvraagsinne:

Gewone vraagsinne:

Is jy siek?

Kan jy nie motor be=
stuur nie?

Is jy klaar?

Maak jy weer 'n rok?

Wat het jy gedoen?

Wil jy gou bruin
brand?

Hoe lyk hy?

Vloekvraagsinne:

Belediging: Is jy bedon=
derd?

Berisping: Kan jy nie jou
blerrie oë oop=
maak nie?

Verkleinering: Is jy klaar,
onnosele
bliksem?

Afjak: Maak jy weer kak
droog?

Afkeurende beskuldiging:
Wat de donder het jy
nou weer aangevang?

Dreigement: Wil jy geblik=
sem wees?

Afkeurende protes: Hoe de
fok kan jy dit van my
verwag?

Net soos vloekvraagsinne leen gewone vraagsinne hulle dikwels tot illokusionêre krag wat nie met die vorm van die sisteem sin ooreenkom waarin hulle uitgedruk word nie. Die sintaktiese patroon van 'n vraagsin word behou, maar S verlang geen inligting van H nie. Soos by gewone imperatiefsinne speel die konteks 'n rol om die illokusionêre krag te onderskei. Weer eens is die illokusionêre krag van vloekvraagsinne nie van die konteks afhanklik vir onderskeiding nie. Let daarop dat die illokusionêre krag van gewone

vraagsinne en dié van vloekvraagsinne grootliks ooreenstem.

Vergelyk:

Belediging: Is jy mal?

Berisping: Kan jy nie sien hy is siek nie?

Beskuldiging: Wat het jy nou weer aangevang?

Dreigement: Soek jy my?

Sarkastiese verkleinering: Kan jy darem iets reg doen?

Verbasing: Wat vertel jy my?

Ontsteltenis: Wát?

5.1.2.4 Ekspressiewe

Oor die algemeen is vloekwoorde daartoe geneig om ekspressief op te tree. Dit kom die duidelikste in hulle gebruik as interjeksies na vore. H hoef nie noodwendig aanwesig te wees wanneer S dié tipe vloek uit nie, aangesien dit dikwels gebruik word om dit wat S persoonlik ervaar, te lug. Interjektiewe vloekwoorde kan byvoorbeeld gebruik word om S se teleurstelling, pyn, skok, woede of verbasing te verwoord. Wanneer H deur hierdie vloekwoorde in die verleentheid gestel of geaffronteer word, is dit dikwels bloot toevallig.

Daar is ook vloekexpressiewe wat direk op H gemik is en opsetlik aangewend word om H te beledig. Deur die gebruik van hierdie ekspressiewe distansieer S hom van H. Vergelyk:

Jou { gat
moer
(poep-)hol } !



Vloekekspressiewe kan die vorm van 'n verkapte stelsin aanneem wat gebruik word om H te beledig of te verkleineer:

Jou bliksem! (= Jy is 'n bliksem.)

Dik, dom, dooie donder! (= Jy is 'n dik, dom, dooie donder.)

Ekspressiewe wat uitsluitlik op H gerig is, kan ook die vorm van 'n imperatiefsin aanneem, alhoewel dié konstruksies nie egte imperatiewe is nie. Vergelyk paragrawe 2.1.2.3 en 5.1.2.2.1.) Dit is ekspressiewe soos:

Fok
Dê jou!
Bogger

5.2 SITUASIE

Volgens De Bruyn (1979: 34) is die kategorisering van 'n uiting as 'n spreekakte en die daarmee gepaardgaande interpretasie van die betrokke uiting, onafskeibaar verbonde aan die situasie. 'n Spreekakte is met ander woorde in die eerste plek afhanklik van die situasie, en dan moet ont hou word dat dit 'n sosiale situasie is.

5.2.1 Sosiale situasie

Goffman (1964: 63) definieer 'n sosiale situasie soos volg:

"an environment of mutual monitoring possibilities, anywhere within which an individual will find himself accessible to the naked senses of all others who are 'present' and similarly find them accessible to him."

Volgens Goffman ontstaan so 'n sosiale situasie wanneer twee of meer persone hulleself in mekaar se onmiddellike teenwoordigheid bevind, en dit duur totdat die voorlaaste persoon vertrek.

Onder andere bepaal die volgende faktore 'n sosiale situasie: die geslag van die gespreksgenote, die status van die gespreksgenote ten opsigte van mekaar, die rol van die gespreksgenote in die samelewing, die aantal gespreksgenote, die medium waardeur kommunikasie geskied, die formaliteit van die gesprek en of dit 'n roetine- of impulsiewe uiting is.

5.2.2 Situasionele reëls en norme

Volgens Bach en Harnish (1979: 94) het elke tipe sosiale situasie wedersyds erkende reëls tussen S en H tot gevolg. Sodra S van die situasie bewus word, tree die reëls in werking. Wanneer H hierdie reëls erken, verwag hy dan dat S daarvolgens sal optree. Searle (1965: 138) sê dat wanneer die spreker die betekenis van 'n woord ken, kennis van die reëltoepassing vir die gebruik van die betrokke woord, ook deel is van die spreker se kennis van die woord. Searle (Op.cit.: 140) beweer selfs dat die semantiek van 'n taal as 'n stel reëls gesien word en dat alle illokusieaktes in ooreenstemming met hierdie stel reëls uitgevoer word.

Situasionele reëls het op hulle beurt die instel van norme tot gevolg. Bach en Harnish (1979: 271) gee die volgende definisie van 'n norm: "A norm is the accepted or required behavior of a person in a particular situation." Wanneer die toepaslike reëls dus in 'n betrokke situasie toegepas word, word die norm gehoorsaam. Oortreding van 'n bepaalde norm deur S kan onbeleefd voorkom, H in die verleentheid stel, of opvallend die aandag op S vestig.

5.2.3 Situasionele reëls wat geld by vloekwoordgebruik

'n Voorvereiste vir die voorkoms van vloekwoorde is dat S 'n negatiewe houding teenoor H of teenoor 'n ander objek moet hê. Die gebruik van vloekwoorde word oor die algemeen afgekeur, maar dis aanvaarbaarder wanneer die volgende reëls nagekom word:³

Reël A: S moet 'n gelyke of hoër status as H hê.

Vloekwoordgebruik kom die frekwentste in gespreksituasies voor waar S en H gelyke status het. Wanneer S 'n hoër status as H het, word H dikwels direk deur S gevloek. Verder kan S as meerdere die standesverskil tussen hom en H probeer oorbrug deur vloekwoordgebruik. Dit sal egter uiters selde gebeur dat S van vloekwoorde gebruik maak wanneer H 'n aansienlik hoër status as S het. S sal H nooit direk vloek wanneer laasgenoemde se status hoër as die van S is nie, behalwe in gevalle van onbeheerbare woede teen-

oor H. Hierdie betrokke reël kan sintakties gerealiseer word: In Afrikaans word statusverskille gemerk deur die gebruik van die onderskeidende voornaamwoorde u en ji. Aangesien u ten opsigte van 'n persoon met 'n hoër status gebruik word, is die volgende vloekkonstruksies onvanpas:

- * { Fok } u!
- * Bogger
- * U gat!
- * U kan gaan kak!

Hierdie vloekkonstruksies is sintakties aanvaarbaar, maar dié konstruksies is semanties anomaal: die hoër status te kenne gegee deur u bots reëlreg met die belediging en/of woede te kenne gegee deur byvoorbeeld die "imperatief" gebruikte fok.⁴

Reël B: S se ouderdom mag nie aansienlik laer wees as dié van H nie.

Hierdie reël hang saam met reël A, aangesien ouderdom in Afrikaans meestal met status gepaard gaan. Daarom mag S nie aansienlik jonger as H wees nie, aangesien H dan 'n hoër status as S sal hê. Dis insiggewend om daarop te let dat vloekwoordgebruik deur kinders, selfs teenoor mekaar, sterker deur die taalgemeenskap afgekeur word as vloekwoordgebruik deur volwassenes. S moet dus 'n bepaalde status deur sy ouderdom verkry voordat sy vloekwoordgebruik meer aanvaar word, en kan in reël nie teenoor 'n veel ouer persoon vloek nie.

Reël C: S moet verkieslik tot dieselfde geslag as H behoort.

S sal vloekwoorde geredeliker gebruik wanneer hy nie in gemengde geselskap verkeer nie. Sodra een H 'n lid van die teenoorgestelde geslag is, sal S sy vloekwoordgebruik verminder of uitskakel. Indien daar wel gevloek word, sal die taboewaarde van die geuiteerde vloekwoorde laer wees as dié wat S in die geselskap van 'n lid van dieselfde geslag sou gebruik.

Die taalgemeenskap beskou vloekwoordgebruik deur vroue in 'n negatiewer lig as dié van manlike sprekers. Waar vloekwoorde met die hoogste taboewaarde vir manlike sprekers toelaatbaar is, word van die vrou verwag om haar tot swetse of tranes te wend om aan haar emosies en houdings uiting te gee.⁵

Reël D: S en H se rol in die gemeenskap moet in aanmerking geneem word.

Die terrein van beide S en H se beroepsaktiwiteit speel 'n deurslaggewende rol in S se vloekwoordgebruik. Vloekwoordgebruik se toelaatbaarheid verskil van beroep tot beroep, aangesien daar van S verwag word om ooreenkomstig sy sosiale rol op te tree. Daar word byvoorbeeld nie van 'n predikantsvrou verwag om soos 'n korporaal te klink as sy kwaad is nie.

H se beroepsaktiwiteit kan ook 'n bepaalde invloed op S se vloekwoordgebruik hê. Wanneer S byvoorbeeld in die geselskap van 'n predikant verkeer, sal die woorde waarmee S sy emosie en houding oordra, 'n aansienlik laer taboewaarde hê as dié wat hy byvoorbeeld in die geselskap van net 'n motorwerktuigkundige gebruik.

Reël E: S moet vloek in 'n informele spreeksituasie uiter.

Searle (1965: 140) verklaar soos volg: "One ought not to utter obscenities at formal gatherings ...". Vloekwoorde mag slegs in informele spraaksituasies gebruik word, met ander woorde in dié situasies waar die afstand tussen S en H redelik klein is. Vloekwoordgebruik in formele spraak byvoorbeeld lesings, preke, toesprake of onderhoude is dus meer taboe.

Die informeelste situasie is dié waar een S en een H aanwesig is, maar groepgrootte is nie die enigste faktor wat 'n beslissende rol speel vir "formaliteit", dan wel "informaliteit" nie. Die bekendheid van S en H aan mekaar speel ook 'n beduidende rol, aangesien 'n formeler situasie bestaan wanneer S en H nie bekendes is nie: vergelyk 'n onderhoudsituasie waarin vloekwoordgebruik nie voorkom nie. Verder speel die rigting van kommunikasie 'n belangrike rol. Eenrigtingkommunikasie kom by die formeelste situasies voor: preke, lesings en toesprake waar geen vloekwoordgebruik voorkom nie. Situasies waar S- en H-rolverwisseling met

lang tussenposes voorkom, is ook meer formeel, maar informeler as die situasies waar eenrigtingkommunikasie plaasvind. Vergelyk byvoorbeeld die situasie waar 'n dosent 'n probleem aan 'n student verduidelik. Gedurige S- en H-rolverwisseling (bekendes wat mekaar op straat teëkom en oor hulle wel en weë vertel) kom by die informeelste situasies voor: hier sal vloekwoordgebruik wel voorkom.

5.3 BELEEFDHEIDSREËLS

Lakoff (1973: 298) onderskei drie tipes taalgebruikssituasies, naamlik formeel, informeel en minder formeel, aan die hand van 'n aantal beginsels wat beleefdheidsreëls genoem word.⁶ Volgens hierdie reëls kan aangetoon word dat vloeke wel in informele situasies tuishoort.

Die verdeling van die taalgebruikssituasies is oorvereenvoudig, want 'n mens kry selde 'n situasie wat suiwer formeel of informeel is. Daar sal oorvleueling van beginsels van een situasie na 'n ander plaasvind, maar dit word hier buite rekening gelaat.

5.3.1 Formele situasies

In formele spraaksituasies geld die beginsel van BESKEIDENHEID. Hier moet S onbetrokke wees en homself nie op die voorgrond stoot nie. Die S probeer hier geen samehorigheidsgevoel met H skep nie: dis 'n onpersoonlike tipe konstruksie. Daar is reeds gewys op die feit dat eenrigting=

kommunikasie hier voorkom (byvoorbeeld lesing, preek, toespraak). Daar is dus geen S- en H-rolverwisseling nie.

Sintaktiese middele wat aangewend word om die situasie so onpersoonlik moontlik te hou, is onder andere die gebruik van die passief- en onpersoonlike konstruksies wat onbetrokkenheid te kenne gee. Vergelyk byvoorbeeld 'n sin soos:

Daar word met die skema vordering gemaak.

Verder word daar van tegniese woorde gebruik gemaak om na taboesake te verwys, aangesien die tegniese woorde die onderwerp van sy emosionele impak ontdoen. Dit dui daarop dat dit hier grootliks om die inligting gaan wat deur S oorgedra word en nie soseer om emotiewe interaksie tussen S en H nie. Hieruit kan afgelei word dat vloekwoorde nie in formele taalsituasies gebruik behoort te word nie. Hulle is daar minder "tuis".

5.3.2 Informele situasies

Die beginsel van SOLIDARITEIT is hier aanwesig en dit word geskep deur die betrokkenheid wat tussen S en H bestaan. S is nie hier onbetrokke en beskeie soos in formele situasies nie. Daar bestaan 'n wisselwerking tussen S en H wat gekenmerk word deur 'n gedurige S- en H-rolverwisseling. Verder moet daarop gelet word dat die informeelste situasies dié tussen een S en een H is en nie soos by die meeste formele situasies met een S en meer as een H nie. Dit dra daartoe by dat die afstand tussen S en H baie kleiner is as in die formele situasie. Waar dit by die formele

situasie hoofsaaklik om die inligting gegaan het wat S oordra, speel die emotiewe interaksie tussen S en H hier die belangrikste rol. Hier sal dus komplimente en beleedigings tussen S en H verwissel kan word.

Verder sal hier meer emosionele taal voorkom, terwyl daar in die formele situasie eerder saaklike taal gebruik word. In plaas van tegniese woordgebruik vir taboesake word hier van vloek- of plat woorde gebruik gemaak. Vloekwoorde word by uitstek as emosiedraers gekenmerk en sal derhalwe in die informele situasie optree. Aangesien S en H hier meestal gelyke status het, sal eufemismes nie hoof te kom om die taboewaarde van 'n betrokke woord te verbloem nie.

Wanneer S H direk vloek, kan daar nie 'n solidariteitsgevoel tussen die gespreksgenote bestaan nie, aangesien S hom sodoende van H distansieer. Vloekwoordgebruik in hierdie gevalle voldoen egter nog steeds aan Lakoff se voorskrifte vir die informele spraaksituasie, omdat hier hoogs emotiewe taalgebruik aangetref word wat geen saaklike inligting aan H oordra nie: Slegs sprekershouding word deur H waargeneem, want H aanvaar nie die "inligting" wat S te kenne gee nie.

5.3.3 Minder formele situasies

Hierdie tipe situasies kan as 'n tipe tussen formele en informele situasietipes geklassifiseer word. Hier geld die

beginsel van BEDAGSAAMHEID. S en H is hier nie so bekend aan mekaar soos by informele situasies nie, maar hier is ook nie so 'n onpersoonlike verhouding tussen S en H soos by formele situasies nie. Hierdie tipe situasie kom frekwent tussen een S en een H voor tussen wie daar 'n statusverskil bestaan: S kan die meerdere of die mindere wees. By formele situasies is S dikwels die meerdere, terwyl daar meestal geen statusverskil tussen die gespreksgenote by informele situasies bestaan nie.

Die uitinge is in hierdie situasie hoofsaaklik op H gerig. S laat deurentyd aan H speelruimte om sy eie besluite aangaande die uiting te maak. S kan dit bewerkstellig deur sy stellings minder stellig te maak deur byvoorbeeld van versagters gebruik te maak. In plaas van byvoorbeeld die sin: Jan is lui sal die volgende hier voorkom: Jan steek miskien 'n bietjie lyf weg. Terwyl tegniese woorde vir taboesake in formele situasies en vloek- of plat woorde in informele situasies gebruik word, tree hier eufemismes op. Die sake waarna die eufemismes verwys, bly taboe, maar die onaangename effek wat die taboe woord mag dra, word vir H verbloem, deurdat daar nou aan hom speelruimte gelaat word om die eufemisme as iets anders te interpreteer. Vloekwoorde sal dus weer eens by hierdie situasie vermy word en wel deur versagting.

Uit hierdie bespreking van die onderskeie taalgebruiksituasies kan afgelei word dat vloekwoordgebruik 'n merker van

informaliteit is, en dan ook slegs in informele situasies te vinde is.

5.4 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk was 'n kort oorsig oor die vloekkonstruksie as spreekakte en die vloekgebruikbepalende faktore, naamlik: die status, ouderdom en geslag van die gespreksgenote asook die rol van die gespreksgenote in die gemeenskap en die informaliteit van die situasie. Verder is hier aange-
toon dat vloekwoorde hoofsaaklik gebruik word om negatiewe sprekershouding en -emosies oor te dra. Daar bestaan egter ander faktore en situasies wat vloekwoorde ontlok en S sal dan 'n ander intensie met sy vloekgebruik hê. Die rol van die vloekwoord in die proses van sosiale interaksie moet deur verdere studie vollediger ondersoek word.

AANTEKENINGE

1. In hierdie afdeling is daar heelwat gebruik gemaak van honneurs- en derdejaarklasaantekeninge (1980 en 1981) van professor F.A. Ponelis.
2. Let daarop dat ja nie in die plek van nee kan optree nie:
*Ja fok, vat jou voete van my bed af.
Nee dui afkeuring aan: dit verklaar sy optrede in sin (2).
3. Die reëls wat hier bespreek word, is op vloekwoordgebruik deur ABA-sprekendes oor die algemeen van toepassing. Daar bestaan wel heelwat uitsonderings waarop daar nie ingegaan is nie. Verder word hier slegs na vloekwoordgebruik in gespreksituasies gekyk, met ander woorde waar beide S en H aanwesig is en nie slegs S nie.
4. Wanneer S met opset die sisteem wil oortree, kan hierdie vloekkonstruksies wel voorkom. Die effek van dié vloeke sal dan juis medebepaal word deur die feit dat die reël oortree is.
5. 'n Ander opsig waarin die Afrikaanse taalgemeenskap teen die vrou diskrimineer, is die feit dat daar in Afrikaans slegs met die volkse woorde vir die vroulike geslagsdeel gevloek word. Hierdie vloekwoorde word selfs ook vir manlike referente gebruik:

Hy's 'n regte doos.

In Engels word daar wel deur die vloekwoorde vir die manlike geslagsdeel gevloek:

He's a real prick.

(Wanneer Engelssprekendes 'n Afrikaanse vloekwoord gebruik, gebruik hulle ook die benaming vir die vroulike geslagsdeel: ...

He's a real doos.)

Dis interessant om daarop te let dat Afrikaans op sy beurt die vloekwoord balls aan Engels ontleen het, maar nie die vloekwoord prick nie.

6. Met erkenning aan professor F.A. Ponelis.

OPSOMMING

In hierdie verhandeling is hoofsaaklik op Afrikaanse vloekwoorde gekonsentreer en in die besonder op hulle taalkundige optrede in Afrikaans. Hier is geen vergelyking getref tussen Afrikaanse vloekwoordgebruik en dié van ander Westerse tale nie, alhoewel daar verwys is na die meeste werke wat oor vloekwoordgebruik in die Westerse tale gepubliseer is.

In 'n inleidende hoofstuk is gedefinieer wat 'n vloekwoord in Afrikaans is, naamlik 'n woord waarvan die taboewaarde só hoog is dat 'n versagtende woord (d.i. 'n swets) daarvoor bestaan. Alle vloek- en plat woorde wat verder in die verhandeling gebruik is, is in hoofstuk 1 genoem. Die onderskeie kategorieë waarin Afrikaanse vloekwoorde verdeel kan word, is uiteengesit. Verder is die onderskeie funksies van vloekwoorde bespreek.

Die taalkundige gedrag van vloekwoorde in Afrikaans is in hoofstukke 2 tot 5 ondersoek. In hoofstuk 2 is die sintaksis van vloekwoorde bespreek, veral hulle optrede as lede van die hoof leksikale kategorieë, terwyl daar ook aandag gegee is aan die vaste verhoudings wat vloekwoorde met voornaamwoorde, voorsetsels en vraagwoorde aangaan wat nie by gewone naamwoorde voorkom nie.

Die morfologie van Afrikaanse vloekwoorde is in hoofstuk 3 ondersoek: die afleidings- en samestellingsmoontlikhede van vloekwoorde is beskou. Aandag is ook gegee aan die invloed van Engels op afleiding en samestelling met Afrikaanse vloekwoorde. Verder is die invoegingsmoontlikhede van vloekwoorde in komplekse, simplekse en in vaste woord- of predikaatgroepe bespreek. Vloekwoorde is naamlik die enigste woorde in Afrikaans wat frekwent so ingevoeg word.

Hoofstuk 4 is ingelui met 'n bespreking van die semantiek van vloekwoorde. Op grond hiervan word vloekwoorde weer in kategorieë verdeel. Vloekwoorde gee hoofsaaklik gepaardgaande emosionaliteit of emosionaliteit én sprekershouding te kenne. Hierdie emosionaliteit en sprekershouding is meestal negatief van aard, maar dié negatiewiteit kan versag of versterk word. By die bespreking van die versagtende prosesse is veral aandag gegee aan swetsvorming: dié prosesse vind nie op lukrake wyse plaas nie, bepaalde patrone word gevolg. Ander versagtende prosesse wat bespreek is, is die gebruik van anderstalige vloekwoorde en rymwoordvorming. Die verskillende fonologiese, sintaktiese en morfologiese prosesse wat die negatiewe emosionaliteit en sprekershouding verhoog, kom daarna aan bod.

In hoofstuk 5 is eerstens aandag gegee aan die tipes illokusieaktes (stellings, imperatiewe, vrae en ekspressiewe) waarin vloekwoordgebruik voorkom. Hier is veral gekonsen-

treer op die feit dat die semantiese of pragmatiese inhoud van sinne waarin vloekwoorde voorkom, nie ooreenstem met die sintaktiese vorm van die uitings nie. 'n Vloekwoord=sin met die vorm van 'n imperatiefsin gee byvoorbeeld 'n belediging of 'n afjak in plaas van 'n bevel te kenne. Daarna volg 'n bespreking van die vloekgebruikbepalende faktore, terwyl daar ook aan die hand van beleefdheidsreëls aange=toon word dat vloekwoorde slegs in informele spraaksitua=sies tuishoort.

Met hierdie verhandeling is nog lank nie alles gesê oor vloekwoorde in Afrikaans nie. Daar lê nog drie gebiede braak:

1. Die betekenis van vloekwoorde is geneig om van taal tot taal te verskil. Vergelyk byvoorbeeld die Engelse basterd waarvan die Afrikaanse ekwivalent baster nie as vloekwoord of disjunk toegepaste skelwoord dien nie. Die Engelse vorm word ook as 'n Afrikaanse vloek=woord behou. Die semantiek van vloekwoorde sal in 'n vergelykende studie tussen die Afrikaanse en die ander Westerse tale se vloekwoorde ondersoek kon word.
2. Daar wag ook 'n ondersoek na die geleidelike verval of verhoging van die taboewaarde van verskillende kate=gorieë vloekwoorde in Afrikaans en ander Westerse tale. Verder kan daar aandag gegee word aan die verskil in taboewaarde van die onderskeie vloekwoordkategorieë in die onderskeie taalgemeenskappe.

-
-
3. Dan moet die rol van verskillende tipes vloekwoorde in die proses van sosiale interaksie deur verdere studie baie vollediger ondersoek word.

BIBLIOGRAFIE

ARONOFF, M.

1976 Word formation in generative grammar. MIT Press, Massachusetts.

BACH, K. en R.M. HARNISH.

1979 Linguistic communication and speech acts. MIT Press, Massachusetts.

BELL, A. en J.B. HOOPER (reds.).

1978 Syllables and segments. North-Holland, Amsterdam.

BLOOMFIELD, L.

1933 Language. Allen en Unwin, Londen.

BOLINGER, D.

1975 Aspects of language. Harcourt, Brace, Jovanovich, New York.

BOPP, T. (pseud. A. Davison).

1971 "On fucking (well): A study of some quasi-performative expressions." In Zwicky, A.M., et.al. (reds.) 1971: 61-71.

BOSHOFF, S.P.E., B. KOK en F.J. SNIJMAN

1964 Kruim en kors. Voortrekkerpers, Johannesburg.



BOSHOFF, S.P.E. en G.S. NIENABER.

1967 Afrikaanse etimologieë. Suid-Afrikaanse akademiese vir wetenskap en kuns, Pretoria.

BOULTON, M.

1960 The anatomy of language. Routledge en Paul, Londen.

CALITZ, F.C.

1979 Spot, skel en verwante verskynsels in Afrikaans. Ongepubliseerde D.Litt-tesis, Universiteit van Stellenbosch.

CHASE, S.

1938 The tyranny of words. Methuen, Londen.

CILLIERS, A.B.

1974 "Sêgoed uit die volksmond." Tydskrif vir volkskunde en volkstaal 30(1): 36-37.

COMBRINK, J.G.H.

1969 Afrikaanse semantiek. Afrikaanse Taalmonografieë (2). Eksteen, L.C. (red.). Nasou, Kaapstad.

1972 Die taal en sensorskap. Ongepubliseerde manuskrip.

- 1980 (a) Honneursklasaantekeninge.
- 1980 (b) Soorte morfeembetekenis. Ongepubliseerde manuskrip.
- 1981 "Kom" en "Gaan". Ongepubliseerde manuskrip.

COMBRINK, J.G.H. en L.G. DE STADLER

- (te ver=
skyn) Inleiding tot 'n natuurlike fonologie van
Afrikaans.

CONDON, J.C.

- 1966 Semantics and communication. Macmillan,
Londen.

DE BRUYN, P.S.

- 1979 Buite-sintaktiese faktore in die semantiek van oppervlakstrukture in Afrikaans. Ongepubliseerde D.Litt.-tesis, Universiteit van Pretoria.

DE KLERK, W.J.

- 1978 Inleiding tot die semantiek. Butterworth,
Durban.

DE VILLIERS, M., L.C. EKSTEEN en J. SMUTS

- 1979 Nasionale woordeboek. Nasou, Goodwood.

DE VOOYS, C.G.N.

1947 Verzamelde taalkundige opstellen (3). Wolters,
Groningen.

DE VRIES, J.

1971 Nederlands etymologisch woordenboek. Brill,
Leiden.

DIE BYBEL

1978 Bybelgenootskap van Suid-Afrika, Kaapstad.

GELDENHUÏS, P.B.

1977 Pornografie, sensuur en reg. Perskor,
Johannesburg.

GIGLIOLI, P.P. (red.).

1972 Language and social context. Cox en Wyman,
Middlesex.

GLASER, H.

1973 Weshalb heisst das Bett nicht Bild? Hanser,
München.

GOFFMAN, E.

1964 "The neglected situation." In Giglioli, P.P.
(red.) 1972: 61-66.

GRAVES, R.

1931 Lars Porsena or The future of swearing. E.P.
Dutton, Londen.

HAAS, M.R.

1964 "Interlingual word taboos." In Hymes, D.
(red.) 1964: 489-494.

HARTVIGSON, H.H.

1969 On the intonation of the so-called sentence
modifiers in present-day English. University
Press, Odense.

HAYAKAWA, S.I.

1952 Language in thought and action. Allen en
Unwin, Londen.

HUGHES, S.

1974 The art of coarse language. Hutchinson,
Londen.

HYMES, D. (red.).

1964 Language in culture and society. Harper en
Row, New York.

JAMES, D.

1972 "Some aspects of the syntax and semantics of
interjections." Chicago Linguistic Society
8: 162-172.

JESPERSEN, O.

1922 Language. Its nature, development and origin.
Allen en Unwin, Londen.

JOHNSON, F.

1950 "The history of some dirty words." The Ameri-
can Mercury 71: 538-545.

JOYCE, P.W.

1979 English as we speak it in Ireland. Wolfhound
Press, Dublin.

KEMPEN, W.

1969 Samestelling, afleiding en woordsoortelike
meerfunksionaliteit in Afrikaans. Nasou,
Kaapstad.

KOK, B.

1942 Die vergelyking in die Afrikaanse volkstaal.
Van Schaik, Pretoria.

1947(a) "Sappige sêgoed uit Namakwaland." Ruiter 1 (14):
19.

1947(b) "In die volkstaal word lustig gerym." Ruiter
1 (25): 8.

KRUYSKAMP, C. en F. DE TOLLENAERE.

1950 Van Dale's Nieuw Groot Woordenboek der Neder=
landse Taal. Martinus Nijhoff, s'-Gravenhage.

LAKOFF, R.

1973 "The logic of politeness, or, Minding your
P's and q's." Chicago Linguistic Society 9:
292-305.

1976 Language and woman's place. Octagon Books,
New York.

LARKIN, D. en M.H. O'MALLEY.

1973 "Declarative sentences and the rule-of-conver=
sation hypothesis." Chicago Linguistic
Society 9: 306-319.

LAWRENCE, D.H.

1929 Pornography and obscenity. Heinemann, Londen.

LUBBE, H.J.

1970 Die eufemisme in Afrikaans. Ongepubliseerde
D.Litt.-tesis, Universiteit van die Oranje-
Vrystaat.

LYONS, J.

1977 Semantics 2. University Press, Cambridge.

MANNHEIM, K. (red.).

1944 Frustration and aggression. Yale-University
Press, Londen.

MCCAWLEY, J.D.

1978 "Where you can shove infixes." In Bell, A.
en J.B. Hooper (reds.) 1978: 213-221.

MEIJERS, J.A.

1965 Mens en taal. De Bussy, Amsterdam.

MENKVELD, H.

1978 Faktore betrokke by die optrede van ge- in
deelwoorde in geskrewe Afrikaans. Ongepubli-
seerde M.A.-verhandeling, Universiteit van
Stellenbosch.

MONTAGU, A.

1968 The anatomy of swearing. Rapp en W., Londen.

NIENABER, P.J.

1963 Suid-Afrikaanse Pleknaamwoordeboek. Suid-
Afrikaanse boeksentrum, Kaapstad.

ODENDAL, F.C., P.C. SCHOONEES, C.J. SWANEPOEL, S.J. DU TOIT
en C.M. BOOYSEN.

1979² Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse
Taal. Perskor, Johannesburg.

OGDEN, C.K. en I.A. RICHARDS.

- 1945 The meaning of meaning: A study of the influence of language upon thought and of the science of symbolism. Kegan Paul, Londen.

PACKARD, F.

- 1946 "Schizoverbia." New Yorker 12 (3): 71-72.

PARTRIDGE, E.

- 1938 The world of words. Routledge, Londen.

- 1947 Usage and abusage. Hamilton, Londen.

- 1961 A dictionary of slang and unconventional English. MacMillan, New York.

PARTRIDGE, E, en J.W. CLARK.

- 1951 British and American English since 1900.
Dakers, Londen.

PEI, M.

- 1949 The story of language. Lippincott, Philadelphia.

- 1970 Words in sheep's clothing. Allen en Unwin.
Londen.

PIENAAR, P. DE V.

- 1945 "Spraaktaboe en eufemisme in Afrikaans."
Tydskrif vir volkskunde en volkstaal 2 (11):
44-52.

PONELIS, F.A.

- 1979 Afrikaanse sintaksis. Van Schaik, Pretoria.

QUANG, P.D. (pseud. J.D. McCawley).

- 1971 "English sentences without overt grammatical
subjects." In Zwicky, A.M. et.al. (reds.)
1971: 3 - 10.

RAUM, O.F.

- 1973 The social functions of avoidances and taboos
among the Zulu. De Gruyter, Berlyn.

READ, A.W.

- 1934 "Noah Webster as a euphemist." Dialect Notes
6 (8): 385-391.

REICHLING, A.

- 1935 Het woord. J.J. Berkhout, Nijmegen.
- 1961 Verzamelde studies over hedendaagse problemen
der taalwetenschap. W.E.J. Tjeenk Willink,
Zwolle.

ROLPH, C.H.

1961 The trial of Lady Chatterly. Cox en Wyman,
Londen.

ROSS, H.E.

1960 "Patterns of swearing." Discovery 21 (11):
479-483.

SADOCK, J.M.

1974 Toward a linguistic theory of speech acts.
Academic Press, New York.

SAGARIN, E.

1962 The anatomy of dirty words. Crown Publishers,
New York.

SCHOLTZ, H. V.D.M.

s.j. Taal en taalverskynsels. Nasou, Kaapstad.

SCHOLTZ, J. DU P.

1941 (Uit die geskiedenis van die) Naamgewing aan
plante en diere in Afrikaans. Nasionale pers,
Kaapstad.

SEARLE, J.

1965 "What is a speech act?" In Giglioli, P.P.
(red.) 1972: 136 - 156.

SIEGEL, D.C.

1974 Topics in English morphology. Ongepubliseerde
MIT proefskrif.

SHAD, U.P. (pseud. P. Salus).

1971 "Some unnatural habits." In Zwicky, A.M.,
et.al. (reds.) 1971: 33-36.

STEADMAN, J.M.

1935 "A study of verbal taboos." American Speech
10 (4): 93-103.

VAN DIJK, T.A.

1977 Text and context. Explorations in the seman-
tics and pragmatics of discourse. Longman
Linguistics Library, Londen.

VAN HAERINGEN, C.B.

1939 Ironie in woordbetekenis. Noordhof, Groningen.

VERDENIUS, A.A.

1946 In de Nederlandse taaltuin. Elsevier, Amster=
dam.

WENTWORTH, H.

1939 "Sandwich words and rime-caused nonce words."
Philological studies 40 (3): 65-71.

WISSING, D.P.

- 1971 Fonologie en morfologie van die simplekse selfstandige naamwoord in Afrikaans; 'n transformasioneel-generatiewe beskrywing. Buyten en Schipperheyn, Amsterdam.

WOORDEBOEK VAN DIE AFRIKAANSE TAAL.

- 1950 Dele I, II, IV en V. Die staatsdrukker,
1955
1961 Pretoria.
en 1968

WOORDENBOEK DER NEDERLANDSCHE TAAL.

- 1902 Dele III¹ en XXI. Martinus Nijhoff en A.W.
en 1957 Sijthoff, 's-Gravenhage.

ZWICKY, A.M.

- 1974 "Hey, what's your name!" Chicago Linguistic Society 10: 787-801.

ZWICKEY, A.M., P.H. SALUS, R.I. BINNICK en A.L. VANEK (reds.).

- 1971 Studies out in left field: Defamatory essays presented to James D. McCawley. Linguistic Research Inc., Edmonton.

BRONNELYS

I Boeke

AUCAMP, H.

1973 Wolwedans. Tafelberg, Kaapstad.

BARNARD, C.

1963 Man in die middel. A.P.B., Johannesburg.

BRINK, A.P.

1962 Lobola vir die lewe. Human en Rousseau, Kaapstad.

1965 Orgie. Malherbe, Kaapstad.

1973 Kennis van die aand. Buren, Kaapstad.

1975 h Oomblik in die wind. Donker, Johannesburg.

1978 Gerugte van reën. Human en Rousseau, Kaapstad.

1979 h Droë wit seisoen. Taurus, Emmarentia.

BÜTTNER, H.D. (red.).

1978² Kennis, Register-Boekdeel: Suid-Afrikaanse Pleknaam-
Leksikon. Kennis-Uitgewers, Kaapstad.

HAASBROEK, P.J.

1975 Roofvis. Human en Rousseau, Kaapstad.

1976 Skrikbewind. Human en Rousseau, Kaapstad.

HEESE, M.

1976 Die uurwerk kantel. Tafelberg, Kaapstad.

HEIBERG, L.R.

1950 Die taal van die Velddrifse vissers. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch.

1957 Afrikaanse visserstaal. Ongepubliseerde D.Litt.-tesis, Universiteit van Stellenbosch.

JOUBERT, E.

1978 Die swerfjare van Poppie Nongena. Tafelberg, Kaapstad.

LEROUX, E.

1967 18-44. Human en Rousseau, Kaapstad.

1972 Na'va. Human en Rousseau, Kaapstad.

1976 Magersfontein, o Magersfontein. Human en Rousseau, Kaapstad.

LOUBSER, J.E.

1954 Aspekte van die Afrikaanse spreektaalgebruik in en om Loeriesfontein. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch.

LOUW, A.M.

1975 Kroniek van Perdepoort. Tafelberg, Kaapstad.

MILES, J.

1973 Okker bestel twee toebroodjies. Buren, Kaapstad.

STEYN, J.C.

1976 Op pad na die grens. Tafelberg, Kaapstad.

1978 Dagboek van 'n verraaier. Tafelberg, Kaapstad.

VAN STRATEN, A.

1966 Daar's 'n gaatjie in die middel van die see. Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg.

1970 Die wenner. Tafelberg, Kaapstad.

WOORDEBOEK VAN DIE AFRIKAANSE TAAL.

1950, Dele I, II, III en V. Die staatsdrukker, Pretoria.
1955,
1957
en 1968

II Koerante en tydskrifte

Beeld, 19.2.1967.

Huisgenoot, 11.2.1977 en 4.12.1980.

Rapport, 3.2.1974 en 23.1.1977.

Sarie, 17.9.1971.

Suidwester, 9.1.1976.

4

III Ongepubliseerde bronne.

Magasyn van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal.